Maandag	22	Registrasie van Eerstejaarstudente.
Woensdag	24	Senior Studente meld aan by koshuise.
Donderdag	25	Registrasie van Senior Studente.
Vrydag	26	Registrasie van Senior Studente. Sluitingsdatum: aansoeke om Matriek- vrystelling.


MAART:

Maandag	1	Lesings begin. Koshuisekomitee.
Dinsdag	2	Fakulteit: Vastgestelde punte vir sakelys: (i) Vrystellings (gevorderde ouderdom en voor- waardelik). (ii) Toelating tot graad- en diplomakursusse (buitengewone gevalle). (iii) Voorleggings t.o.v. skepping van nuwe poste: 1972. (iv) Aansoeke om verlof: 1972.
Donderdag	4	Publikasiekomitee. Professorale Komitee. Sluitingsdatum vir laat registrasie.
Maandag	8	Behuisingskomitee.
Dinsdag	9	Biblioteekkomitee.
Maandag	15	Finale datum: Kursusveranderings.
Dinsdag	16	Uitvoerende Komitee van Senaat.
Donderdag	18	Beursekomitee.
Vrydag	19	Finansiële Komitee.
Dinsdag	23	Senaat.
Vrydag	26	Geboue-uitbreidingskomitee.

APRIL:

Maandag	5	Laaste dag van die Eerste Kwartaal.
Dinsdag	6	Openbare Vakansiedag: Van Riebeeck- dag.
Vrydag	9	Openbare Vakansiedag: Goeie Vrydag.
Maandag	12	Openbare Vakansiedag: Paasmaandag.
Donderdag	15	Eerste dag van Tweede Kwartaal.
Vrydag	16	Finansiële Komitee.

	Maandag	19	Behuisingskomitee.
	Dinsdag	20	Uitvoerende Komitee van Senaat.
	Donderdag	22	Adviserende Raad.
	Saterdag	24	Gradeplegtigheid.
	Dinsdag	27	Raad.
				Komitee vir Afrikanistiek.
	Donderdag	29	Publikasiekomitee.
MEI:				
	Maandag	3	Biblioteekkomitee.
	Dinsdag	4	Fakulteite: Vasgestelde punte vir sakelys:
			(i)	Departementele opgawe van Eksaminatore.
			(ii)	Veranderings/wysigings van Graadreëls en Leerplanne.
	Dinsdag	18	Uitvoerende Komitee van die Senaat.
	Donderdag	20	Openbare Vakansiedag: Hemelvaartdag
	Dinsdag	25	Vergrote Senaat.
	Donderdag	27	Beursekomitee.
	Vrydag	28	Eerstejaarstudente: Laaste dag van voorlegging van matrikulasie of gelykwaardige sertifikaat aan die Registrateur vir aantekening.
				Finansiële Komitee.
	Maandag	31	Openbare Vakansiedag: Republiekdag.
JUNIE:				
	Dinsdag	1	Geboue-uitbreidingskomitee.
	Maandag	7	Behuisingskomitee.
	Dinsdag	8	Uitvoerende Komitee van die Senaat.
	Donderdag	10	Adviserende Raad.
	Vrydag	11	Finansiële Komitee.
	Woensdag	16	Raad.
	Donderdag	17	Finale datum vir indiening van Departementele begrotings by Dekane.
	Donderdag	24	Laaste dag van eerste semester.
JULIE:				
	Maandag	12	Openbare Vakansiedag: Gesinsdag.
	Donderdag	22	Eerste dag van Tweede Semester.
				Beursekomitee.
	Vrydag	23	Finansiële Komitee.
	Donderdag	29	Publikasiekomitee.
AUGUSTUS:				
	Maandag	2	Finale datum vir afstuur van konsep- vraestelle aan Eksterne Eksaminatore.
				Koshuiskomitee.
	Dinsdag	3	Fakulteite: Vasgestelde punte vir sakelys:
			(i)	Voorleggings t.o.v. bevordering van personeel 1972 (Departementshoofde van Fakulteite).
			(ii)	Voorleggings t.o.v. Departemente en kursusse: 1973.
	Donderdag	5	Professorale Komitee.
	Maandag	9	Behuisingskomitee.
	Dinsdag	10	Biblioteekkomitee.
	Dinsdag	17	Uitvoerende Komitee van die Senaat.
	Vrydag	20	Finansiële Komitee.
	Dinsdag	24	Senaat.



University of Port Elizabeth
Together in Excellence

SEPTEMBER:

Woensdag	1	Finale datum vir indiening van Eksamen- vraestelle by Eksamenbeampte.
Donderdag	2	Laaste dag van Derde Kwartaal.
Maandag	6	Openbare Vakansiedag: Setlaarsdag.
Donderdag	9	Eerste dag van Vierde Kwartaal. Adviserende Raad.
Donderdag	16	Raad. Geboue-uitbreidingskomitee.
Vrydag	17	Raad. Finansiële Komitee.
Donderdag	23	Beursekomitee.
Dinsdag	28	Komitee vir Afrikanistiek.
Donderdag	30	Inhandiging van Jaarsyfers.

OKTOBER:

Dinsdag	5	Fakulteite.
Sondag	10	Krugerdag.
Maandag	11	Openbare Vakansiedag.
Dinsdag	12	Biblioteekkomitee
Donderdag	14	Publikasiekomitee.
Vrydag	15	Finansiële Komitee. Finale datum vir die staking van lesings.
Dinsdag	19	Uitvoerende Komitee van die Senaat.
Woensdag	20	Eksamens begin.
Maandag	25	Uitsingskomitee.
Dinsdag	26	Senaat.

NOVEMBER:

Dinsdag	1	Geboue-uitbreidingskomitee.
Donderdag	18	Adviserende Raad.
Vrydag	19	Finansiële Komitee.
Dinsdag	23	Raad.

DESEMBER:

Donderdag	2	Finale dag vir indiening van Eksamenpunte by Fakulteitskretaresse.
Maandag	6	Fakulteitsrade (Eksamenuitslae).
Woensdag	8	Uitvoerende Komitee van die Senaat. (Eksamenuitslae).
Donderdag	9	Laaste dag van Tweede Semester.
Donderdag	16	Openbare Vakansiedag: Geloftedag.
Saterdag	25	Openbare Vakansiedag: Kersdag.
Sondag	26	Tweede Kersdag.
Maandag	27	Openbare Vakansiedag.

Administratiewe Kantore sluit: 25 Desember 1971-3 Januarie 1972.



University of Fort Hare
Together in Excellence

NUWE BIBLIOTEEKGEBOU

DIE UNIVERSITEIT VAN FORT HARE, SUID AFRIKA

1. Stigting en geskiedenis

Die opening van Fort Hare Universiteitskollege op 8 Februarie 1916, het die kroon geplaas op die lang volgehoue sendingpoging op Bantoe-onderwysgebied deur die United Free Church of Scotland. Reeds in 1878 het Dr. James Stewart van Lovedale die noodsaaklikheid ingesien vir die skepping van 'n inrigting met Christelike inslag vir onderrig op universiteitsvlak.

As gevolg van versoë deur Dr. Stewart het die Inter-koloniale Naturellesakekommissie, 1905, waarvan Sir Godfrey Lagden president was, aanbeveel: „Dat 'n sentrale Bantoe-kollege of soortgelyke inrigting gestig word en ondersteun word deur die verskillende State, vir die opleiding van Naturelle-onderwysers en om geleentheid vir hoër onderwys te skep vir Bantoe-studente.”

'n Waarborgfonds is in 1907 gestig met 'n Uitvoerende Raad onder voorsitterskap van Eerw. James Henderson, M.A., Prinsipaal van Lovedale. 'n Skenking van R20,000 is aan hierdie fonds gedoen deur die Algemene Raad vir die Transkei-Gebiede. Die United Free Church of Scotland het 'n perseel te Fort Hare aangebied as deel van 'n bydrae van R10,000 en bydraes is gemaak of belowe.

Gedurende November 1914 is 'n konstitusie vir die Kollege finaal goedgekeur en is 'n beheerraad vir die Kollege in die lewe geroep wat sy eerste vergadering gedurende Januarie 1915 gehou het. Die perseel wat deur die United Free Church of Scotland te Fort Hare aangebied is, is aanvaar en met die belofte van 'n jaarlikse bydrae van die Regering is die Kollege op 8 Februarie 1916 deur Generaal Louis Botha, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, geopen.

Dr. A. Kerr was die prinsipaal van die Kollege sedert sy stigting in 1916 en het in hierdie hoedanigheid gedien tot sy aftrede in 1948. Die uitbreiding en groei van die Kollege onder prinsipaal Kerr is 'n paslike huldeblyk aan 'n leeftyd van onbaatsugtige en toegewyde diens in 'n taak wat hy as die doelstelling en strewe van sy lewe aanvaar het.

Professor C. P. Dent wat gedurende 1922 by die personeel aangesluit het, was prinsipaal vanaf Maart 1949. Hy het as gevolg van swak gesondheid aan die einde van 1955 afgetree na 33 jaar van toegewyde diens aan die Kollege.

Sedert 1955 is die prinsipaalspos nie permanent gevul nie, dog tydelike aanstellings is van tyd tot tyd gedoen. Professor H. R. Burrows wat kort tevore uit die leerstoel in Ekonomie van die Universiteit van Natal afgetree het, het vanaf die begin van 1958 tot aan die einde van 1959 as prinsipaal ageer waarna die Kollege oorgeplaas is na die Departement van Bantoe-onderwys en Prof. J. J. Ross as Rektor aangestel is.

Nadat Prof. Ross afgetree het, is Prof. J. M. de Wet aangestel as Rektor vanaf 1 Julie 1968.

Soos te begrype, het Fort Hare as 'n Kollege 'n baie klein en tentatiewe begin gehad. Daar is op twee vlakke by die kollege begin. Terwyl 'n paar studente vir universiteitstoegang voorberei is, moes die meerderheid die gebreke in hulle na-primêre studies aanvul of studeer vir Handels-en Landbou-diplomas. Daar was twee voltydse personeellede; lesings is gegee in 'n nederige geboutjie wat as „tuiste” sou dien vir die eerste vyf jaar.

Gedurende 1918 het die Unie-Regering R21,600 voorgeskiet om die middelste gedeelte van die Hoofgebou op te rig wat, volgens 'n eenparig besluit van die beheerraad met die naam van Dr. Stewart verbind sou word. Ten spyte van oorlogsomstandighede is die oprigting van die eerste permanente gebou van die Kollege toe verseker. Gedurende dieselfde jaar het die Wesleyan Methodist Church of South Africa, wat sedert

die aanvang van die skema daarin belanggestel het, besluit om dadelik voort te gaan met die oprigting van 'n koshuis om studente wat lede van die Kerk was, te huisves en om gebruik te maak van geleentheid deur die beheerraad daargestel vir die teologiese opleiding van hulle Bantoepredikante aan Fort Hare.

Gedurende 1919 het die Administrasie van Basoetoland begin met 'n jaarlikse skenking van R600 as bydrae tot die fondse van die Kollege en ook 'n verteenwoordiger gestuur om te dien op die beheerraad van die Kollege. Die eerste gedeelte van Stewart Hall is gedurende 1920 voltooi en vir onderrig beskikbaar gestel. Dit is formeel deur Sy Edele die Minister van Onderwys, F. S. Malan, op 8 Januarie 1921 geopen. 'n Wesleyaanse koshuis en woning vir 'n koshuisvader is dieselfde jaar voltooi en 'n koshuisvader op die personeel aangestel terwyl die „Church of the Province” 'n woonhuis gehuur het as tydelike koshuis en die koshuisvader ook 'n lid van die Kollegepersoneel geword het.

Die kollege is ingelyf as 'n Inrigting vir Hoëronderrig deur die Onderwyswet van 1923. Studente is voorberei vir die grade van die Universiteit van Suid-Afrika, 'n federale universiteit wat 'n aantal konstituerende kolleges bevat het—Kaaipstad, Stellenbosch en Witwatersrand was reeds onafhanklike universiteite. Fort Hare was nie een van die kolleges nie en sy studente is as eksterne studente geregistreer. Die universiteit het egter later aan Fort Hare sekere van die voorregte van die konstituerende kolleges toegestaan.

Vyf personeellede van Fort Hare is aangestel as bykomende lede van die Fakulteitsrade van die Senaat van die Universiteit waardeur hulle kon deelneem aan die opstel van regulasies, leerplanne en studiekursusse. Verder is aan professore en lektore van die Kollege die funksie van interne eksaminatore opgedra. Aan studente is onder meer die voorregte van interne studente verleë. Fort Hare is erken as goedgekeurde inrigting vir opleiding vir die Universiteitsonderwysdiploma. Alhoewel die Kollege sedert 1924 die dubbele rol van sekondêre skool en Universiteitskollege moes speel, was hy teen 1937 in staat om homself by die Hoëronderrigprogram te bepaal.

Beginnende in 1921 is geboue opgerig vir : Lettere, Wysbegeerte en Natuurwetenskappe ; 'n biblioteek vernoem na 'n groot liberalis van Johannesburg, Howard Pim, en die F.S. Malan Antropologiese Museum tesame met 'n vergadersaal, eetsaal, drie koshuise vir mans, een vir vroue—almal ontwerp volgens 'n meesterplan van die Departement van Publieke Werke en almal so gebou dat uitbreiding en aanbou moontlik is. Daar is tans sewentig personeelwoning. Alhoewel aansienlike bydraes deur donateurs gelewer is, is die vernaamste geldelike steun, afgesien van Regeringshulp, deur die drie kerke wat saamgewerk het, gebied. Hierbenewens het die Y.M.C.A. van die Verenigde State en Kanada 'n Christelike Unie-saal voorsien.

Ten einde landbou-opleiding te bevorder, is daar gedurende 1926 'n bykomende plaas van 1,250 akker asook melkbeeste aangekoop. Die Kollege se plaasgrond is aldus uitgebrei tot ongeveer 1,600 akker.

Gedurende 1934 het die Kamer van Mynwese 'n bedrag van R150,000 geskenk vir mediese onderrig en dit is vir daardie doel aan die Kollege oorhandig deur die Minister van Onderwys. Gedurende dieselfde jaar is aparte departemente van Plantkunde en Fisika ingestel wat 'n B.Sc.-kursus moontlik gemaak het. Gedurende Maart 1936 het sy Edele, Senator F. S. Malan, die hoeksteen gelê vir 'n natuurwetenskapgebou vir Skeikunde, Fisika en Medisyne. Dit is Livingstone Hall genoem en deur Sy Edele J. H. Hofmeyr, M.A., LL.D., op 24 Maart 1937 geopen.

Op 8 November 1940 is die Welsh vleuel van Stewart Hall wat die Biologie-laboratoria en-lesingskamers bevat het, deur Senator W. T. Welsh geopen. Die Transkei het R2,000 bygedra tot die oprigtingskoste uit erkenning vir Senator Welsh se dienste as Hoofmagistraat gedurende 1920-1933. Op 5 April 1941 is die vrouekoshuis (Elukhanyisweni) geopen deur mev. M. Ballinger, M.A., L.V.

Henderson Hall wat die Howard Pim-Biblioteek en die F. S. Malan-Museum bevat het, is op 28 Maart 1942 deur Eerw. A. W. Wilkie, D.D., C.B.E., geopen. Lt.-kol. James

Donaldson, D.S.O., stigter van die Bantoe-Welsyntrust en donateur van ongeveer R400,000 aan Bantoe-ontwikkeling, het op 20 September 1946 die hoeksteen van die Donaldson-vleuel van Stewart Hall gelê en aldus die oorspronklike onderriggebou van die Kollege voltooi.

Gedurende die jare 1947 en 1948 is die Presbiteriaanse, Metodiste en Anglikaanse koshuise uitgebrei om huisvesting aan meer as 300 manstudente te verleen. 'n Eetsaal en bykomende slaapkamers by die vrouekoshuis is gedurende 1949 voltooi. Tog is uitbreiding gedurende die jare 1937 tot 1951 vertraag deur die afwesigheid van personeel op oorlogsdienste en as gevolg van 'n tekort aan geld. Teen 1950 het die studentetal egter gegroei van 139 tot 382.

Toe dit duidelik geword het dat sommige van die konstituerende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika uiteindelik sou moes uitgebrei tot onafhanklike universiteite, het die Regering 'n Kommissie aangestel om verslag te doen oor die toekomstige struktuur van hoër onderwys in Suid-Afrika. Die Kommissie het aanbeveel dat die bestaande konstituerende kolleges, met die uitsondering van die Hugenote-Universiteitskollege, die status van onafhanklike universiteite verleen moes word en dat Fort Hare geaffilieer moes word by een van die onafhanklike universiteite. Gedurende Maart 1951 het Fort Hare aangesluit by sy naaste vriend en buurman, Rhodes-universiteit, sestig myl hiervandaan. Hierdie verhouding was vir Fort Hare baie waardevol aangesien dit die versekering ingehou het dat Fort Hare se studente ook verder aan dieselfde akademiese vereistes as blankes sou moes voldoen.

2. Oorplasing van Fort Hare Universiteitskollege na die Departement van Bantoe-onderwys.

Ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 168, 1959 (*Staatskoerant* van 21 Augustus 1959, bladsy 12) uitgereik kragtens subartikel (2) van die Wet op Oordrag van die Universiteitskollege Fort Hare 1959 (Wet No. 64 van 1959), is die instandhouding en bestuur van en beheer oor die Universiteitskollege Fort Hare oorgedra aan die Minister van Bantoe-onderwys vanaf 1 Januarie 1960.

Die oordrag van die Kollege aan die Departement van Bantoe-onderwys het geskied as 'n noodsaaklike stap in die uitvoering van die Regering se beleid om meer toereikende en doeltreffende universiteitsopleiding aan die Bantoe te voorsien deur die stigting van aparte universiteitskolleges vir die verskillende etniese groepe en om die beperkings en anomalieë, wat gespruit het uit die stelsel van sogenaamde „ope” universiteite, te verwyder.

Die Universiteitskollege Fort Hare spits hom meer bepaald toe op die Xhosa-sprekende Bantoe-groep. Die Universiteitskolleges by Turfloop (Noord-Transvaal) en Ngoye (Zoeloeland) maak onderskeidelik voorsiening vir die Sotho- en Zoeloepsprekende groepe. Vir Kleurling-studente is voorsiening gemaak by die Universiteitskollege van Wes-Kaapland te Bellville (Kaap) en daar is ook 'n universiteitskollege in Natal gestig vir Indiër-studente.

Die Wet het bepaal dat die Universiteit van Suid-Afrika as eksaminerende liggaam sou optree in alle vakke waarvoor die leerplanne van daardie universiteit voorsiening maak. Wat die bepaling van kursusse en die afneem van eksamens betref, was daar die nouste samewerking tussen die Universiteitskollege en die Universiteit van Suid-Afrika.

By al die Fakulteite en Departemente wat sedert 1960 in die lewe geroep is, is daar ook nou 'n Departement Landmeetkunde en 'n Fakulteit van Landbou vanaf 1966 ingestel.

Gedurende 1962/63 is 'n begin gemaak met 'n omvattende program vir uitbreiding van geboue. Geboue wat sedertdien voltooi is sluit in 'n nuwe administratiewe blok, die uitbreiding van Stewart Hall om bykomende personeelkantore daar te stel, die uitbreiding van Livingstone Hall vir die voorsiening van bykomende laboratoria en klaskamers om die Natuurwetenskaplike departemente bevredigend te huisves en 'n nuwe afsonderlike biblioteekgebou. Die eerste gedeelte van hierdie werk nader voltooiing. Geboue vir die fakulteit van Landbou is ook byna voltooi en daar is reeds 'n begin gemaak met uitbreiding by Iona koshuis. Planne vir 'n nuwe groot saal word tans voorberei. 'n Indrukwekkende plan vir geboue-uitbreiding vir die volgende paar jaar is reeds goedgekeur.

Bykomende koshuis-akkommodasie, beide vir mans- en vrouestudente, sal verakaf word en daar is ook 'n begin gemaak met die uitbreiding aan Henderson Hall.

Die inskrywings sedert 1960, dit is sedert oorname, was soos volg (die syfers is die amptelike syfers soos op die eerste Dinsdag van Junie) :

	Mans	Vrouens	Totaal
1960	308	52	360
1961	304	40	344
1962	207	35	242
1963	198	41	239
1964	210	62	272
1965	245	72	317
1966	318	84	402
1967	334	102	436
1968	350	101	451
1969	376	111	487
1970	470	143	613

Die daling in die aantal inskrywings gedurende die eerste paar jaar is natuurlik verwag as gevolg van die stigting van twee ander Universiteitskolleges vir die Bantoe, en die Universiteitskollege vir Kleurlinge te Bellville en vir die Indiërs te Durban. Voor die oorsplasing sou die studente wat nou by die nuwe Universiteitskolleges ingeskryf is, normaalweg te Fort Hare ingeskryf het. Die laagwatermerk is in 1963 bereik. Sedertdien was daar 'n aansienlike styging in die rol as gevolg van die feit dat die aantal Xhosa-sprekende studente wat in die hoër skole vir registrasie gekwalifiseer het, baie vinnig vermeerder het. Alles dui daarop dat die aansienlike styging in die aantal inskrywings gedurende die volgende jare gahandhaaf, en selfs oorskrei sal word.

Dit volg dat die program vir die uitbreiding van geboue en akademiese fasiliteite aansienlik versnel sal moet word. In die verband het die Departement van Bantoe-onderwys reeds 'n Beplanningskomitee ingestel sodat vooruit, en op 'n langtermyn-grondslag, beplan kan word vir die nodige uitbreiding.

3. Universiteit van Fort Hare.

Ooreenkomstig Goewermentskennisgewing R. 680 (Staatskoerant van 30 April 1969) het die Wet op die Universiteit van Fort Hare (Wet No. 40, 1969) universiteitstatus verleen aan die Universiteitskollege van Fort Hare en word voorsiening gemaak vir die bestuur en beheer van die sake van die Universiteit, vir die reëling van sy werksaamhede en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Vanaf 1 Januarie 1970 is die Universiteitskollege 'n Universiteit met die naam Universiteit van Fort Hare. Die eerste Kanselier van die Universiteit, Dr. P. E. Rousseau is ingehuldig tydens die 1970 gradeplegtigheid en onafhanklikheidsfunksie gehou op 30 Mei 1970. Kragdens die Wet is die Rektor amfhalwe die Vise-Kanselier, en die Rektor, Prof. J. M. de Wet, het dus die eerste Vise-Kanselier van die selfstandige Universiteit geword.

Die wet lê neer dat die Universiteit die Xhosa-volkseenheid bedien.

Die hoë standaard van die grade van die Universiteit word beskerm deur die aanstelling, as bykomende Senaatslede, van professore van ander universiteite vir solank as wat nodig geag mag word sowel as deur 'n stelsel van eksterne eksaminatore en/of moderatore.

Fort Hare sal dus in die toekoms in staat wees om beide die inhoud van sy leerplanne en die metode van aanbieding meer effektief en meer toereikend aan te pas by die behoeftes van die bevolkingsgroep wat dit bedien sonder om op enige wyse afbreuk te doen aan die hoë standaarde van universiteitsopleiding.

Alles voorspel dus 'n goeie toekoms en daar bestaan alle regverdiging vir die geloof dat Fort Hare, met sy nuwe status, 'n hoogstaande en uiters waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die Xhosavolk sal lewer.

DIE UNIVERSITEIT VAN FORT HARE BIBLIOTEEK

Die biblioteek is gestig in 1916 en het in 1918, 450 bande bevat. Studente het as bibliotekaris opgetree en in 1922 is 'n bibliotekkomitee ingestel. In die vroeë dertigerjare was daar tye dat die biblioteek sonder 'n bibliotekaris moes klaarkom.

In 1934 is die biblioteek vernoem na mnr. Howard Pim, 'n rekenmeester van Johannesburg en lid van die Kollegeraad, wat die grootste deel van sy privaathbiblioteek (2,000 bande) aan Fort Hare bemaak het. Die biblioteek het baie te danke aan milde skenkings deur die publiek en privaat liggame. Die biblioteek is nog steeds dank verskuldig aan baie skenkers en aan die uitgewers van Afrikaans- sowel as Engels-medium koerante vir hulle vrygewigheid.

Die biblioteek bevat 'n waardevolle Africana-versameling bekend as die Howard Pim-versameling van Africana.

In 1935 is die eerste voltydse bibliotekaris aangestel; die eerste ten volle gekwalifiseerde bibliotekaris is aangestel in 1944. In 1958 word die bibliotekaris 'n volle lid van die Senaat en word die bibliotekkomitee vervang deur 'n adviserende bibliotekkomitee.

Op 1 Januarie 1970 het die boekevoorraad 70,000 bande beloop.

F. S. MALAN MUSEUM

Die F. S. Malan Museum word gehuisves op die tweede verdieping van die Henderson gebou en beslaan presies 4,250 vk. vt. vloer-ruimte. Die museum is in 1941 opgerig as 'n etnologiese museum vir navorsing en wel in die Departement Antropologie. Die doel daarvan was om navorsers van buite 'n geleentheid te bied om daar navorsing te doen. Dit moes egter ook 'n wyer belangstelling lok by groepe skoolkinders en ander belangstellendes.

Sedert die stigting van die museum het dit reeds 10,000 stukke vir uitstalling versamel. Die grootste gedeelte daarvan is verkry deur twee skenkings in 1962. Die eerste skenking was van die Departement Bantoe-Onderwys, wat die uitstalling van die Uniefees gelykop verdeel het onder die Universiteitskolleges van die Republiek. Die tweede skenking is ontvang van Mev. M. E. Kirkwood van Johannesburg. Die skenking wat Mev. Kirkwood gemaak het bestaan uit 7,000 stukke en staan bekend as die „Estelle Hamilton-Welsh Versameling.”

Hierdie merkwaardige versameling is deur Mev. Gordon Emslie en haar dogter Mev. Estelle Hamilton-Welsh byeen gebring. Die versameling is na laasgenoemde vernoem. Dit is oor 'n periode van baie jare versamel en die versameling het 'n aanvang geneem in die jaar 1880. Slegs artikels wat werklik deur die Bantoe gedra en gebruik is, is versamel sodat die versameling vry is van stukke wat vir kommersiële doeleindes vervaardig is. Die versameling is inderdaad uniek en verteenwoordig die einde van 'n tydperk in die materiële kultuur van die Bantoe. Al die stukke is onder die ou tradisionele omstandighede vervaardig, 'n toestand wat hom nooit weer sal voordoene. Die versameling sluit in groot groepe Fingo, Xhosa, Mpondo, Zoeloe, Thembu en Ndebele kraalwerk; tradisionele en outentieke uitrustings en kleredrag van die Mpondo, Thembu en Fingo. Dit sluit o.a. ook 'n *Abakhacetha* kostuum in, sowel as verskeie stelle kostuums van waarskyns en toordokters. 'n Uitstekende versameling magiese amulette en medisyne van verskeie stamme is 'n besondere aspek van die versameling. Wapens wat insluit spiese, strydbyle, ens. is goed verteenwoordig. Die versameling bevat ook 'n verteenwoordigende aantal artikels uit die alledaagse gebruikslewe van verskeie stamme waarvan veral gras- en houtwerk prominent is. Hierdie versameling, wat ook stukke van buite-Suidelike Afrika insluit, is op die Rykskou te Johannesburg in 1936 en op die Glasgow-Skou in 1937 uitgestal.

Die museum was vir baie jare deur 'n Ere-Kurator in die persoon van Prof. Dr. A. J. D. Meiring, bygestaan deur Mnr. G. I. M. Mzamane, behartig. 'n Voltydse Kurator is egter sedert die middel van 1959 aangestel. Hierdie Kurator behartig nou voltydse die Museum in samewerking met die Museum-Komitee.

XHOSAWOORDEBOEK

Dr. Albert Kropf se *Kafir-English Dictionary* was, sedert sy eerste verskyning in 1899, beskou as die enigste standaardwerk in sy soort in Xhosa. Die tweede uitgawe, voorberei vir die pers deur eerwaarde Robert Godfrey M.A., is in 1915 gepubliseer. Toe dit uitverkoop was in die laat twintiger- of vroeë dertigerjare, is eerw. Godfrey versoek om die woordeboek te hersien en te herskryf in die *Nuwe Ortografie* van 1934. Maar voor dit gedruk kon word in die vyftigerjare is die ortografie by hernuwing aangepas om te word wat nou bekendstaan as die *Standaard Xhosa-ortografie* waarin die drie eksotiese nie-Romeinse simbole van die Nuwe Ortografie uitgelaat is. As gevolg van hierdie verandering in die ortografie kon Godfrey se werk nie gepubliseer word nie.

Aangesien die behoefte aan 'n standaard Xhosawoordeboek dringend gevoel is deur studente van die taal, het Prof. J. A. Louw van die Universiteit van Suid-Afrika, in oorleg met die Xhosataalkommissie van die Departement van Bantoe-onderwys, die Lovedale-pers ooreed om Godfrey se werk te laat herskryf in die standaard ortografie en dit te publiseer. Twee pogings is aangewend om dit te laat doen maar dit het onuitvoerbaar geblyk te wees, totdat, in 1966, die Rektor van die Universiteitskollege Fort Hare besluit het dat Fort Hare die aangewese plek was vir die samestelling van 'n nuwe Xhosawoordeboek en dat die verklarings in beide Afrikaans en Engels gedoen moes word—'n onderneming wat sedertdien uitgebrei is om verklarings ook in Xhosa in te sluit, waardeur dit 'n ten volle drietalige woordeboek geword het, die eerste in sy soort in enige Bantoetaal in Suid-Afrika. Met die goedkeuring van die Minister van Hoër Onderwys het die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) 'n jaarlikse toekennning van R6,000 beskikbaar gestel vir die Projek (vermeerder tot R6,600 in 1970).

Die Universiteitskollege Fort Hare het onderneem om die salaris van die Hoofredakteur te betaal, en die Transkeise Regering het aangebied om die indiensneming van drie assistent-redakteurs te subsideer. Die Ciskeise Gebiedsoverheid wat onlangs genader is om hulp, het ingestem om R3,000 per jaar beskikbaar te stel.

Die werk om die woordeboek saam te stel is begin deur die Hoofredakteur alleen in Junie 1967. In 1968 is die personeel uitgebrei deur die aanstelling van vier assistent-redakteurs, 'n Afrikaanse vertaler en 'n tikster.

Die projek word beheer namens die Raad van Fort Hare deur 'n *Xhosawoordeboekkommissie*. Die stigterslede van hierdie kommissie was die Rektor van die Universiteitskollege Fort Hare, Prof. J. J. Ross, as Voorsitter, die Voorsitter van die Raad van Fort Hare, Prof. P. F. D. Weiss, die President van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, Dr. P. M. Robbertse, 'n verteenwoordiger van die Universiteit van Suid-Afrika, Prof. J. A. Louw, 'n verteenwoordiger van die Universiteit van Kaapstad, Prof. E. O. J. Westphal, 'n verteenwoordiger van die Lovedale-pers, Mnr. G. Reid, 'n verteenwoordiger van die Transkeise Regering, Mnr. D. M. Ntusi, en die Hoofredakteur, Mnr. H. W. Pahl, as sekretaris.

Xhosa is nie alleen ryk aan 'n woordeskat wat voldoende voorsien in die behoeftes van die tradisionele Xhosakultuur n.e, maar ook in idiomatiese uitdrukkings en beeldspraak wat goeie sprekers in staat stel om tot groot oratoriese hoogtes te styg. Daar word woorde gevind wat in 'n honderd of meer idiomatiese uitdrukkings gebruik kan word. Dit is egter ongelukkig dat die fondse en tyd wat beskikbaar is vir hierdie woordeboekprojek 'n omvattende studie van die taal onmoontlik maak. As gevolg van hierdie beperkende faktore sal die werk op verre na nie volledig kan wees nie.

REGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIE TOELATING EN REGISTRASIE VAN STUDENTE

I. TOELATING

1. In hierdie regulasies beteken „toelating” goedkeuring vir aanmelding tot registrasie as student by die Universiteit, afgesien daarvan of die voornemende student voorheen as student by die Universiteit geregistreer was of nie.

2. Aansoek om toelating moet deur die pos op 'n voorgeskrewe vorm, en nie persoonlik nie, gedoen word.

3. Die aansoekvorms moet volledig ingevul word en voor 'n Kommissaris van Ede onderteken word deur die voornemende student en sy ouer of voog. Die voltooide vorm moet aan die Registrateur gestuur word sodat dit hom bereik voor of op die datum op die vorm aangedui.

4. Elke aansoek om toelating moet vergesel gaan van die volgende :—

- (i) Met betrekking tot nuwe studente, 'n getuigskrif van goeie gedrag deur 'n leraar, Bantoesakekommissaris of landdros of skoolhoof van laaste skool bygewoon.
- (ii) 'n Mediese sertifikaat van gesondheid op die voorgeskrewe vorm.
- (iii) in die geval van 'n voornemende student wat vir die eerste keer wil registreer indien 'n sertifikaat nog nie uitgereik is nie, een of ander vorm van bewys dat hy voldoen aan die nodige voorvereistes vir die kursus of kursusse waarvoor hy wil inskryf.

5. Aansoekvorms sal per geregisteerde pos vanaf die Universiteit gestuur word. Die voltooide vorms moet per geregisteerde pos teruggestuur word, tesame met die som van R10 wat 'n gedeeltelike betaling is vir gelde betaalbaar deur die student. Indien die applikant nie registreer nie, sal die gelde vir losies gehef word van die bedrag, en die balans aan applikant terugbetaal word.

6. Geen voornemende student mag hom by die Universiteit aanmeld vir registrasie nie, tensy hy skriftelik deur die Registrateur in kennis gestel is dat hy toegelaat is.

7. Toelating soos hierbo omskryf, lê geen verpligting op die Universiteit om 'n voornemende student te registreer nie. Alvorens 'n kandidaat as student geregistreer kan word, moet hy ook voldoen aan die vereistes vir registrasie.

II. REGISTRASIE

Geen applikant word as student geregistreer nie, tensy hy tot tevredenheid van die Registrateur voldoen aan elkeen van die volgende vereistes :—

- (1) Elke voornemende student moet hom op die voorgeskrewe datum en tyd aanmeld vir registrasie by die kantoor wat vir die doel aangewys word. Geen kandidaat word toegelaat om hom na die laaste datum en tyd wat bepaal is vir registrasie aan te meld nie, tensy die skriftelike toestemming van die Rektor vir sodanige registrasie verkry is en 'n bykomende laat-inskrywingsgeld van R4 betaal is.
- (2) By aanmelding vir registrasie moet die skriftelike toestemming om aan te meld vir registrasie verstrek word (sien I, 5 hierbo).

- (3) Elke kandidaat vir registrasie moet die voorgeskrewe registrasievorm invul en onderteken. Deur ondertekening van die registrasievorm verbind 'n kandidaat hom om al die reëls en regulasies van die Universiteit, insluitende dié van die koshuis waar hy mag inwoon, stiptelik te eerbiedig; hy onderneem ook om by die koshuis in te woon waaraan hy toegewys mag word.
- (4) Die rekening van elke student aan wie 'n beurs, lening of ander toelae toegeken is, sal kwartaalliks gekrediteer word met 20% van die bedrag van sodanige beurs, lening of toelae.
Die deel van die voorgeskrewe gelde wat betaal moet word na aftrekking van 25% van 'n beurs, lening of ander toelae aan 'n student toegeken, moet op die datum van registrasie betaal word.
Gelde is kwartaalliks vooruitbetaalbaar.
- (5) Elke voornemende student moet 'n goedkeuring van sy voorgename kursusse, onderteken deur die Dekaan van die betrokke Fakulteit, by die Registrateur indien. By die kies van kursusse moet die rooster geraadpleeg word ten einde botsings te voorkom.
- (6) Geen kandidaat word as student geregistreer nie, tensy hy as inwonende student by een van die koshuise toegelaat word, behalwe as hy skriftelik deur die Rektor vrygestel is van sodanige inwoning.
- (7) Die registrasie van eerstejaarstudente is onderworpe aan die opskortende voorwaarde dat elke sodanige student voor of op 30 Mei van die jaar waarin hy vir die eerste maal ingeskryf word, sy matrikulasiesertifikaat, of die vrystelling daarvan, of enige ander kwalifikasie wat as toelatingsvereiste tot 'n besondere studie voorgeskryf word, aan die Registrateur voorlê vir aantekening.
- (8) Indien dit, na die mening van die Minister nie in die belang van die inrigting is dat 'n kandidaat wat hom vir registrasie aanmeld, as student geregistreer moet word nie, kan hy weer om sodanige kandidaat te laat registreer, selfs al voldoen sodanige kandidaat aan al die ander vereistes vir registrasie.
- (9) By registrasie ontvang elke ingeskrewe student 'n registrasiekaart wat as bewys dien dat hy aldus as student geregistreer is.
- (10) Niemand wat nie as student geregistreer is nie, mag sonder toestemming van die Rektor lesings bywoon, 'n koshuis of eetsaal of enige voorregte hoegenaamd wat deur die inrigting aangebied word, gebruik nie.

GEDRAGSKODE

1. Die Rektor is die hoof-tugebeampte van die Universiteit (en is in die eerste plek verantwoordelik vir die toepas van tugmaatreëls).

2. Dit word van studente verwag om hulle, hetsy binne of buite die geboue, op of weg van die kampus, op so 'n wyse te gedra dat nóg die goeie naam van die Universiteit, nóg die behoorlike verrigting van die werk van die Universiteit benadeel word of benadeel kan word.

'n Student wat daaraan skuldig bevind word dat hy hierdie regulasie oortree het, kan die regte en voorregte wat hy as student geniet ontnem word, of verdere toelating as student kan hom ontsê word, of sy hertoelating as student kan onderhewig gemaak word aan die betaal van 'n boete van hoogstens R50..

3. Drankmisbruik sal nie gedoog word nie. Studente wat in hierdie verband oortree, hetsy op of weg van die Universiteitskampus, stel hulle bloot aan baie strawwe tugmaatreëls wat selfs so ver kan gaan as onmiddellike uitsetting uit die Universiteit.

Die besit, gebruik of voorsiening van alkoholiese drank deur studente in die koshuise word verbied.

4. Indien 'n student, as gevolg daarvan dat hy aan die oortreding van enige regulasie skuldig bevind word, of tydelik of permanent die regte en voorregte wat hy as student geniet, ontnem word, of hertoelating geweier word hetsy tydelik of permanent, dan ontbeer hy alle reg tot terugbetaling, korting of afslag t.o.v. gelde wat vir die onderhawige kwartaal betaal is of betaalbaar is.

5. Geen tugmaatreëls sal geneem word voordat 'n student die geleentheid gehad het om hom te verdedig nie: Met dien verstande dat waar omstandighede dit vereis 'n student onmiddellik deur die Rektor geskors kan word hangende die ondersoek van sy/haar beweerde oortreding.

Die bostaande gedragskode is ingestel ten einde 'n hoë akademiese en sosiale peil aan die Universiteit van Fort Hare te handhaaf. Studente en ouers word versoek om hul algehele samewerking aan die Universiteit te gee in die uitvoer van hierdie beleid.

Wanneer 'n Student 'n Koshuis moet verlaat

(1) Indien 'n student wat in 'n koshuis inwoon en vanweë swak akademiese vordering gedurende 'n jaar nie tot die eksamens toegelaat word nie, moet hy na afsluiting van die lesings die koshuis verlaat.

(2) 'n Student wat in 'n koshuis inwoon, moet die koshuis nie later nie as drie dae na afloop van sy eksamens verlaat.



GELDE BETAALBAAR AAN DIE UNIVERSITEIT

N.B.—Daar dien op gelet te word dat besonderhede omtrent gelde soos hieronder uiteengesit onderhewig is aan wysiging, en dat daar tans oorweeg word om dit te hersien, en indien moontlik, weer 'n blok stelsel van gelde in te stel.

University of Fort Hare
Together in Excellence

KOS EN INWONING

(1) 'n Voltydse student betaal aan die Universiteit *honderd rand* (R100) per jaar vir kos en inwoning, indien dit van hom vereis word om in 'n koshuis van die Universiteit in te woon.

(2) 'n Geleentheidstudent betaal aan die Universiteit *vyftig sent* (50c) per dag of gedeelte van 'n dag tot 'n maksimum van *veertien rand* (R14) per maand of *vyf-en-twintig rand* (R25) per kwartaal, na gelang van die geval, indien hy in 'n koshuis van die Universiteit inwoon.

Studente wat aanvullingseksamens skryf moet hulleself by die Rekenmeester aanmeld so spoedig moontlik na aankoms. Dieselfde geld vir nagraadse studente wat arriveer voor koshuise amptelik open.

REGISTRASIEGELD

(1) 'n Student betaal *tien rand* (R10) per jaar registrasiegeld.

(2) 'n Bykomende bedrag van *vier rand* (R4) is betaalbaar ten opsigte van 'n laatskrywing.

EKSAMENGELD

(1) 'n Student wat die Suid-Afrikaanse Onderwysdiplomakursus of 'n spesiale eenjarige diplomakursus vir diensdoende onderwysers volg, betaal *vyftien rand* (R15) per jaar eksamengeld aan die Universiteit.

- (2) 'n Student wat 'n studiekursus in enige van die volgende kategorieë volg betaal *nege rand* (R9) per kursus per jaar eksamengeld aan die universiteit:—
- (a) 'n Diploma of sertifikaat vir nie-gegradueerdes, uitgesonderd die studiekursusse in subregulasie (1) genoem,
 - (b) 'n nagraadse diploma of sertifikaat,
 - (c) 'n baccalaureusgraad, en
 - (d) 'n nagraadse baccalaureusgraad, uitgesonderd 'n honneursgraad.
- (3) 'n Student wat vir een van die volgende studiekursusse ingeskryf is, betaal aan die Universiteit die eksamengeld soos aangedui:
- (a) 'n Honneursgraad: R40.
 - (b) 'n Magistergraad: R30.
 - (c) 'n Doktorsgraad: R60.

KLASSELDE

'n Student wat enige van die volgende studiekursusse volg, betaal aan die Universiteit die klasgeld wat teenoor die toepaslike studiekursus verskyn:—

- (a) 'n Diploma vir nie-gegradueerdes [uitgesonderd die studiekursusse in regulasie 6 (1) genoem], 'n sertifikaat vir nie-gegradueerdes, 'n nagraadse diploma of sertifikaat, 'n baccalaureusgraad en 'n nagraadse baccalaureusgraad (uitgesonderd 'n honneurs- en B.Ed.-graad): R42 per jaar.
- (b) 'n Honneurs- of B.Ed.-graad: R42 vir volle kursus.
- (c) 'n Magistergraad: R30 vir volle kursus.
- (d) 'n Doktorsgraad: R60 vir volle kursus.

LABORATORIUMGELD

(1) 'n Student wat 'n studiekursus volg wat laboratoriumwerk vereis, uitgesonderd 'n student wat vir 'n magister- of doktorsgraad ingeskryf is en nie voltyds aan die Universiteit studeer nie, betaal laboratoriumgeld van R5 per kursus in die geval van voorgraadse studente en R20 in die geval van Honneursstudente.

(2) In die geval van 'n student wat 'n magister- of doktorsgraadkursus volg en wat nie voltyds aan die Universiteit studeer nie, is die laboratoriumgeld, indien laboratoriumwerk vereis word en die student van die laboratorium van die Universiteit gebruik maak, *twintig rand* (R20) vir sodanige kursus.

ANDER GELDE

Spesiale, Siekte- of Aanvullingseksamens en Plaaslike Gelde

1. (a) Die gelde vir 'n spesiale, siekte- of aanvullings-eksamen is *tien rand* (R10) per kursus.
- (b) Die gelde vir mediese hulp, sport en ontspanning beloop R10.00 per jaar.
- (c) By koshuise is 'n deposito van R6 betaalbaar vir die gebruik van Universiteits eiendom, insluitende 'n slaapkamerscutel. Hierdie bedrag is terugbetaalbaar indien sodanige eiendom onbeskadig terugbesorg word wanneer die student die Universiteit finaal verlaat.
- (d) Biblioteekgelde beloop R3. p.j.

Herindiening van 'n Verhandeling

2. Die gelde vir die herindiening van 'n verhandeling vir 'n Magistergraad is *dertig rand* (R30) en vir 'n doktorsgraad *sestig rand* (R60).

Voorlopige Verklarings

3. Die gelde vir 'n voorlopige verklaring ten opsigte van 'n voltooide graad, diploma, of sertifikaat is *vyftig sent* (50c).

Gesertifiseerde Verklaring

4. 'n Gesertifiseerde verklaring ten opsigte van kursusse geslaag vir 'n graad, diploma of sertifikaat is op aanvraag en teen betaling van vyftig sent (50c) verkrygbaar.

Duplikate van Diplomas en Sertifikate

5. 'n Duplikaat van 'n diploma of sertifikaat wat deur die Universiteit self toegeken word, word nie uitgereik nie maar 'n gesertifiseerde verklaring met die wapen van die Universiteit en die naam en datum van die diploma of sertifikaat daarop is op aanvraag en teen betaling van *een rand* (R1) verkrygbaar.

Spesiale Studente

6. 'n Student wat 'n studiekursus volg waarvoor geen graad diploma of sertifikaat toegeken word nie betaal benewens die registrasiegeld *twintig rand* (R20) per kursus per jaar.

Promosie-, Vrstellings- en Statusgelde

7. Promosie-, vrstellings- en statusgelde is soos deur die Universiteit bepaal.

ALGEMENE BEPALINGS

Aanspreeklikheid van Studente

1. 'n Student is ten volle aanspreeklik vir alle gelde wat ingevolge hierdie regulasies deur hom betaalbaar is.

Wanneer Gelde Betaal Moet Word

2. (1) Die registrasiegeld is by kennisgewing van toelating betaalbaar.

(2) Gelde vir kos en inwoning, klas-, eksamen-, biblioteek-, koshuideposito en, waar van toepassing, laboratoriumgelde, is vooruitbetaalbaar voordat die student ingeskryf is, maar kan behalwe in die geval van koshuidepositogelde in gelyke paaierente betaal word, en in die geval moet die betaling soos volg geskied:—

Eerste paaierent: Met of voor inskrywing

Tweede paaierent: Voor of op die eerste dag van die tweede kwartaal.

Derde paaierent: Voor of op die eerste dag van die derde kwartaal.

Vierde paaierent: Voor of op die eerste dag van die vierde kwartaal.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (2), is die klas- en eksamengelde van 'n student in een van die volgende studiekursusse gedurende die eerste jaar van studie betaalbaar:—

(a) B.Ed.-graad.

(b) Honneursgraad.

(c) Magistergraad.

(d) Doktorsgraad.

(4) Alle ander gelde, bo en behalwe die gelde genoem in subregulasies (1) en (2), is betaalbaar op die wyse en tye wat die Raad van die Universiteit bepaal.

Wanbetaling

3. In die geval van 'n student wat versuim om die gelde waarvoor hy aanspreeklik is op die datums te betaal soos in hierdie regulasies voorgeskryf is, kan die Raad sodanige student—

(i) van 'n koshuis uitsluit; of

(ii) van lesings uitsluit; of

(iii) van beide lesings en koshuis uitsluit; of

(iv) toelating tot eksamens weier.

Kwytstelling van Losies- en Ander Gelde

4. (1) In die geval van 'n student wat in 'n koshuis inwoon en wat weens siekte of om enige ander rede wat die Raad goedkeur, verhinder word om sy studies in die betrokke studiejaar te voltooi en die koshuis voor 1 Oktober verlaat, kan die Raad, op

aanbeveling van die rektor die geld betaalbaar vir kos en inwoning verminder op die basis van *honderd rand* (R100) minus *vyftig sent* (50c) vir elke dag wat die student in sodanige koshuis ingewoon het.

(2) Die registrasiegeld word onder geen omstandighede terugbetaal nie.

(3) Indien 'n student gedurende 'n studiejaar sy studies om die een of ander rede wat vir die Raad aanneemlik is, staak en die universiteit verlaat, kan 'n gedeelte van die gelde wat reeds deur hom aan die Universiteit betaal is [uitgesonderd gelde waarvoor in subregulasies (1) en (2) voorsiening gemaak word], aan hom terugbetaal word op 'n basis deur die Sekretaris van Bantoe-anderwys na oorlegpleging met die Tesourie goedgekeur.

BETALING VAN GELDE

Alle gelde wat betaal word deur of ten behoeve van 'n student, word gekrediteer tot sy gelderekening totdat gelde verskuldig vir die jaar ten volle vereffen is. Totdat gelde vir die jaar ten volle vereffen is, word geen terugbetaling gemaak ten opsigte van bedrae betaal wat meer is as voorgeskrewe paaiemente nie.

Voorbeeld van hoe beurse of lenings verreken word :

Gelde betaalbaar deur student vir die jaar (Min R10 Registrasiegeld)	R186.00	
Beurstoekennings :—		
Streeksowerheid	R60.00	
Universiteitsbeurs	R60.00	R120.00
		<hr/>
Bedrag deur student betaalbaar		R66.00
+ R10 Registrasiegeld (Deposito by kennisgewing van toelating)		
Die bedrag R66 is op bepaalde datums betaalbaar in paaiemente van		R16.50

Let Wel.—Beurstoekennings word teen die gelde verskuldig vir die *volle jaar verreken.*

Wat Staats- of Universiteitslenings betref moet studente daarop let dat sodanige lenings beskikbaar gestel word eers nadat die leningssooreenkoms voltooi is. Geen krediet word dus ten opsigte van die lening gegee voordat die leningssooreenkoms nie behoorlik 'en ten volle voltooi is nie. Studente word dus gewaarsku dat dit in hulle eie belang is om die volle gelde vir die eerste kwartaal met hulle saam te bring anders loop hulle gevaar om aangesê te word om die universiteit te verlaat.

Selfs indien die gelde vir die eerste kwartaal ten volle vereffen is, is dit nogtans die plig van elke student aan wie 'n Staats- of Universiteitslening toegestaan is, om die nodige vorms onmiddellik van die Rekenmeester te verkry sodra hy kennis ontvang van die toekenning en om toe te sien dat dit behoorlik voltooi en by die kantoor ingehandig word voor die begin van die tweede kwartaal, sodat hy krediet vir die lening kan bekom.

Studente en ouers of voogde word verwag om hulleself op hoogte te stel wat gelde betaalbaar betref. Die Universiteit onderneem nie om in hierdie verband rekenings uit te stuur nie.

Alle gelde behalwe sakgeld en geld vir boeke moet direk aan die Registrateur gestuur word. Sakgeld en geld vir boeke moet aan die student gestuur word.

Studente moet onder geen omstandighede gelde wat vir hulle privaat gebruik bedoel is by die Universiteit deponeer nie. 'n Bank of Opspaarbankrekening moet vir die doel gebruik word.

Die Universiteit kan geen student toelaat om aan te bly indien hy arriveer sonder geld of die vereiste dokumente nie, of indien sy gelde nie stiptelik en ten volle betaal word nie.

FINANSIËLE HULP AAN STUDENTE

Aansoek om 'n studielening

1. (1) 'n Student of 'n voornemende student kan by die Universiteit om 'n studielening aansoek doen.
- (2) Die aansoek moet gedoen word op 'n vorm wat deur die Universiteit goedgekeur is.
- (3) Die aansoek moet by die Registrateur van die Universiteit ingedien word voor of op 'n datum wat die Raad bepaal.
- (4) Die Raad kan sodanige studielening aan 'n suksesvolle applikant toeken as wat die Minister ingevolge die Wet bepaal.
- (5) Alle studielenings wat kragtens subregulasie (4) toegeken word, is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

Voorwaardes Verbonde aan Studielenings

2. (1) 'n Student aan wie 'n studielening toegeken word, gaan 'n studieleningsooreenkoms met die Raad aan op 'n vorm wat deur die Sekretaris van Bantoe-onderwys goedgekeur is.
- (2) Die rekening van 'n leninghouer word jaarliks met die toegekende paaiement van die lening gekrediteer.
- (3) Geen gelde is direk aan 'n leninghouer betaalbaar nie.
- (4) Indien 'n leninghouer—
 - (a) sy studies staak; of
 - (b) in gebreke bly om klasse geteelde by te woon, hom nie met ywer en pliggetrouheid op sy studies toelê nie, of nie bevredigende vordering maak nie, of druipt; of
 - (c) sonder redes wat vir die Raad aanneemlik is, nie die studiekursus binne die bepaalde tydperk voltooi nie; of
 - (d) skuldig bevind word aan 'n kriminele oortreding; of
 - (e) geskors word uit die Universiteit om watter rede ook al; of
 - (f) om watter rede ook al nie die studiekursus voltooi nie,het die Raad die reg om die studieleningsooreenkoms te beëindig, en in dié geval is alle gelde wat ingevolge die studieleningsooreenkoms deur die leninghouer verskuldig is, onmiddellik opeisbaar tesame met rente teen 6 persent per jaar bereken vanaf datum van beëindiging van die studieleningsooreenkoms.
- (5) 'n Studielening is, behoudens die bepalinge van die Wet, terugbetaalbaar aan die Raad van die Universiteit op 1 April van die jaar wat volg op die jaar waarin die studiekursus voltooi is: Met dien verstande dat die Raad kan goedgekeur dat die die studielening oor 'n langer tydperk in paaiemente van minstens *tien rand* (R10) per maand terugbetaal word, en in dié geval word rente teen 6 persent per jaar gehê vanaf die datum waarop die studielening terugbetaalbaar is.
- (6) Sodra die leninghouer, na voltooiing van sy studiekursus, 'n betrekking aanvaar, moet hy die Raad onverwyld in kennis stel van die naam en adres van sy werkgewer.
 - (7) Die leninghouer moet, na voltooiing van sy studiekursus die Raad onmiddellik in kennis stel van veranderings ten opsigte van—
 - (a) sy woon- en werkadres;
 - (b) sy borg se adres;
 - (c) sy werkgewer se naam en adres.
 - (8) Die bepalinge van subregulasies (6) en (7) is ook van toepassing op 'n leninghouer wie se leningsooreenkoms kragtens subregulasie (4) deur die Raad beëindig is.
 - (9) Die leninghouer moet sy werkgewer magtig om die bedrag wat ingevolge die studieleningsooreenkoms aan die Raad verskuldig is, tesame met enige rente daar-

op in maandelikse paaiemente van minstens *tien rand* (R10) per maand te verhaal uit enige salaris wat aan hom betaalbaar is en aan die Raad oor te betaal.

(10) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies, is 'n lening rentevry solank die leninghouer, met of sonder 'n studielening, voltyds aan 'n universiteit studeer, en gedurende sodanige tydperk is die lening nie terugbetaalbaar nie.

Uitstel van Beëindiging van Studieleningsooreenkoms

3. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies, kan die Raad die beëindiging van 'n studieleningsooreenkoms uitstel indien 'n leninghouer—

- (a) in enige studiejaar drup of in sy finale jaar slaag maar nie ten volle kwalifiseer vir die toekenning van 'n graad, diploma of sertifikaat nie, en sodanige leninghouer op eie koste in die daaropvolgende jaar die betrokke studiejaar of die ontbrekende kursusse of vakke aan die Universiteit herhaal;
- (b) sy studies weens finansiële moeilikhede onderbreek en gaan werk met die doel om te spaar sodat hy na die Universiteit kan terugkeer as voltydse student: Met dien verstande dat—
 - (i) die leninghouer vooraf goedkeuring van die Raad vir sodanige onderbreking verkry;
 - (ii) sodanige onderbreking nie langer as 2 jaar is nie; en
 - (iii) die Raad die reg het om die studieleningsooreenkoms met terugwerkende krag te beëindig met ingang van die datum waarop die studies aanvanklik onderbreek is, indien die leninghouer in gebreke bly om sy studies aan die Universiteit voort te sit.
- (c) sy studies weens siekte of om die een of ander rede wat vir die Raad aanneemlik is, onderbreek en hy van voorneme is om na sodanige onderbreking na die Universiteit terug te keer as voltydse student om sy studies voort te sit: Met dien verstande dat—
 - (i) die leninghouer, in die geval van siekte, so gou as moontlik 'n geneeskundige sertifikaat, uitgereik deur 'n geregistreerde geneesheer, aan die Raad moet voorlê;
 - (ii) die leninghouer, in die geval van ander redes, vooraf goedkeuring van die Raad vir sodanige onderbreking moet verkry;
 - (iii) sodanige onderbreking nie langer as 2 jaar is nie; en
 - (iv) die Raad die reg het om die studieleningsooreenkoms met terugwerkende krag te beëindig met ingang van die datum waarop die studies aanvanklik onderbreek is, indien die leninghouer in gebreke bly om sy studies aan die Universiteit voort te sit.

Vrystelling van Borg

4. Indien 'n leninghouer gedurende sy studies of na voltooiing daarvan, maar voordat die lening terugbetaal is, sterf of geestelik verstoord raak, of andersins liggaamlik ongeskik word om sy verpligtinge ingevolge die studieleningsooreenkoms na te kom en die skuld nie uit die boedel van sodanige leninghouer, of op sodanige leninghouer self verhaal kan word nie, kan die Raad die borg van sy kontraktuele verpligting onthef.

Rekenings en Rekords

5. (1) Die Raad moet sodanige rekenings en rekords hou as wat noodsaaklik is vir die behoorlike uitoefening van beheer oor toekennings, uitbetalings en invorderings van studielenings.

(2) Die Sekretaris van Bantoe-onderwys kan te eniger tyd gelas dat die Raad die rekenings en rekords in subregulasie (1) genoem aan hom of aan 'n beampte deur hom aangewys, vir inspeksie voorlê.

Afskrywing van Studielening

6. Geen oninvorderbare lenings mag sonder die goedkeuring van die Sekretaris afgeskryf word nie.

BEURSE EN LENINGS

Die bostaande kan in drie hoofgroepe verdeel word :

- A. Toekennings wat deur die Universiteit of op sy aanbeveling gemaak word.
- B. Toekennings wat deur ander liggame onafhanklik van die Universiteit gemaak word.
- C. Toekennings vir studies in die medisyne.

Alle toekennings is onderhewig aan goeie gedrag en bevredigende vordering. Die Universiteit kan enige toekenning hersien of 'n ander liggaam aanraai om dit te doen indien dit beskou word dat die toekennings wat deur enige student bekom is meer is as wat hy nodig het.

Groep A :

(1) *Staatstudieleninge :*

B.A. en B.Sc.

U.O.D.

S.A.O.D.

R120 p.j. plus R30.00 p.j. vir boeke.

R120 p.j. plus R30.00 p.j. vir boeke.

R80 p.j. plus R20.00 p.j. vir boeke.

Ander Diplomakursusse. Toekennings van nie meer as R100.00 p.j. plus R20.00 vir boeke.

(2) *Toekennings uit die Trustfondse van die Universiteit.*

Hierdie toekennings geskied na goeie dunde van die Raad en word aanbeveel deur sy Beursekomitee en oorskry nie die bedrae onder (1) genoem in die geval van voorgraadse studente nie.

Nic-terugbetaalbare toekennings word slegs in gevalle van buitengewone verdienste gemaak.

'n Aantal sodanige beurse word jaarliks aan nagraadse studente toegeken maar die maksimum bedrag oorskry in geen geval R200 nie.

(3) Op die oomblik word toekennings uit die volgende op aanbeveling van die Universiteit gemaak:

- (a) Uniefeesbeurse: Beurse van R100 elk vir twee jaar word toegestaan deur die Department van Bantoe-onderwys vir nagraadse studie.
- (b) Shell S.A. Edms. Bpk., voorsien drie beurse vir voorgraadse studente van R150.00 elk. Elke beurs strek oor drie jaar. Die Shell My. vereis nie dat die student later vir hulle sal werk nie. Daar is ook 'n Shell Leningsfonds.
- (c) Die Yskor Beurse: Yskor voorsien vyf toekennings van R160 p.j. elk waarvan R80.00 terugbetaalbaar is, geldig vir drie jaar aan voorgraadse studente. Daar is geen verpligting om later vir die Korporasie te werk nie.
- (d) Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie voorsien jaarliks een nie-terugbetaalbare beurs van R160 geldig vir drie jaar aan studente wat 'n loopbaan in diens van die Korporasie wil volg. 'n Leerplan soos voorgeskryf deur die Korporasie moet gevolg word.
- (e) Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad. Sien Groep B.
- (f) Grobbelaars Begrafnisondernemers voorsien jaarliks twee beurse van R50 elk.
- (g) Volkkas Beperk, voorsien op die oomblik R300.00 vir beurse aan studente wat Afrikaans-Nederlands bestudeer.

Groep B.

Toekennings word deur die ondergenoemde liggame gemaak onafhanklik van die Universiteit. 'n Volledige lys kan nie gegee word nie en liggame kom by of onttrek hulleself as donateurs somtyds sonder om die Universiteit daarvan in kennis te stel.

- (1) Die Transkeise Regering en die Streeksowerheid van die Ciskei maak toekennings aan studente van die Universiteit wat varieer van R34.00 tot R200.00.
- (2) Toekennings word gemaak deur 'n aantal Munisipaliteite, o.a. Pretoria, Port Elizabeth, Oos-Londen, ens. Hierdie toekennings is gewoonlik bereken om al die fooie te dek. Studente wat woonagtig is in Munisipale gebiede word aangeraai om by hulle plaaslike Owerhede vas te stel of enige beurse beskikbaar is.
- (3) Verskillende kerklike liggame skenk ook beurse en in hierdie verband moet studente by hulle plaaslike leraars navraag doen.
- (4) Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (W.N.N.R.) skenk waardevolle toekennings vir navorsing tot soveel as R500 p.j. en hiervoor kompeteer nagraadse studente.
- (5) Die Nasionale Raad vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing skenk beurse sowel as ad hoc toekennings vir nagraadse navorsing.
- (6) Die University Scholarship Fund, Oos-Londen, doen waardevolle beurskenkings.
- (7) Die Non-European Students Fund, Posbus 4728, Kaapstad, maak sekere toekennings.
- (8) Rotariërklubs skenk soms ook beurse en studente moet by die plaaslike Sekretaris navraag doen.
- (9) Viedge Bros., PK. Viedgeswiel, Kaapstad, maak jaarliks 'n skenking van R180 aan 'n seun van 'n Kaptein.
- (10) Mobil Oil S.A. (Edms.) Bpk., Posbus 35, Kaapstad, skenk 'n aantal voorgraadse beurse gelykstaande aan die blokfooie.
- (11) Die Joint University of Fort Hare and Rhodes, p.a. Rhodes Universiteit, Grahamstad, voorsien 'n aantal beurs-toekennings aan persone wat in Grahamstad en in die Albanie omgewing woonagtig is.
- (12) Die J. H. Hofmeyr Beursfonds (gestig onder die testament wyle Mev. D. C. Hofmeyr) skenk twee beurse van R400 elk geldig vir drie jaar aan voorgraadse studente van Fort Hare. Aansoeke moet gerig word aan Die Trustees, J. H. Hofmeyr Beursfonds, Standard Bank van S.A. Bpk., Trustee Afdeling, Posbus 1330, Pretoria.
- (13) Die Federale Republiek van Duitsland skenk op die oomblik jaarliks twee beurse aan nie-Blanke studente geldig by 'n Duitse Universiteit; sakgeld van DM 400.00 vir twaalf maande, retoer-reisgeld na Duitsland en onderrig en eksamen gelde word betaal.
- (14) Die S.A. Mutual Lewensassuransie maatskappy bied vyf Ou Mutual Beurse van R600 elk aan geldig vir twee jaar by 'n Suid-Afrikaanse Universiteit. Hierdie beurse word slegs aan nagraadse studente toegestaan.
- (15) Die Nasionale Oorlogsfonds, Schoemanstraat 363, Pretoria, oorweeg die toekenning van beurse aan verdienstelike studente wat kinders is van oudgediendes.
- (16) Suid-Afrikaanse Brouery Bpk. skenk 'n aantal waardevolle beurse wat geldig is by enige S.A. Universiteitsinrigting. Voorwaardes kan van die firma self verkry word.
- (17) Die United Tobacco Co. (South) Bpk., skenk vyf beurse van R200 p.j. vir drie jaar vir studies aan Fort Hare vir 'n voorgraadse student wat in die Transkei woonagtig is.
- (18) Die Union of Jewish Women of Southern Africa, Posbus 3622, Johannesburg, bied die Toni Saphra-Beurs (van tot R500 p.j.) aan 'n gegraduateerde dame student „wie se voorgestelde studierigting haar meer geskik sal maak om een of ander vorm van maatskaplike diens aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap te lewer.”

- (19) Die Adams College Educational Trust, 7th floor Salisbury House, Weststraat 349, Durban, maak toekennings en gee lenings van verskillende bedrae aan gekeurde studente.
- (20) Die Isaacson Foundation, Posbus 97, Johannesburg, maak toekennings van tot R300.00 vir enige individuele geval.
- (21) Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede, Posbus 97, Johannesburg, maak verskillende toekennings wat gewoonlik beperk word tot die bedrag van die gelde wat betaalbaar is.
- (22) Die Sir Ernest Oppenheimer Gedenkfonds, Posbus 4902, Johannesburg, maak verskillende toekennings van soms soveel as R300.00 volgens die verdienste in individuele gevalle.
- (23) Die Universitas Boeke van Pretoria gee 'n Biblioteekkunde-beurs van R100.
- (24) Die Fosfaat-Ontwikkelingskorporasie, "FOSKOR," Posbus 1, Phalaborwa, N.O. Transvaal, skenk lenings van tot R180.00 elk aan studente wat die Natuurwetenskappe of Sosiale Wetenskappe bestudeer.
- (25) Die Winifred Wilson Beursfonds: Om die studie van die Engelse taal en letterkunde in die Republiek van Suid-Afrika aan te moedig. Aansoek moet op die voorgeskrewe aansoekvorms geskied en moet voor 15 Desember van elke jaar die Sekretaris van „The Colonial Orphan Chamber and Trust Fund”, Posbus 142, Kaapstad, bereik. Elke aansoek moet ondersteun word deur 'n verslag deur 'n Professor in Engels van die Universiteit waar die applikant studeer.
- (26) Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg se beurse in Maatskaplike Werk vir voorgraadse en nagraadse kursusse in Maatskaplike Werk. Verdere besonderhede verkrybaar by die Direktrise, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg, Posbus 8539, Johannesburg. Sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

Groep C :

University of Fort Hare
Together in Excellence

'n Beperkte bedrag is beskikbaar vir Mediese Studies deur studente wat aan die vereistes vir die eerste-jaar kursus voldoen het aan Fort Hare en daarna 'n goedgekeurde Mediese Skool in Suid-Afrika bywoon. Lenings word gemaak uit rente van skenkings in die volgende Fondse :—

- (1) Die Greenslade Medical Fund.
- (2) Die W. A. Russell Medical Fund.
- (3) Die W. P. Schreiner Medical Fund vir vroue.
- (4) Die Rev. W. Girdwood Medical Fund.

BIBLIOTEKREGULASIES

Woordbepalings.

1. In hierdie Regulasies, tensy die verband anders aandui, beteken:-
 - (a) „boek”, enige publikasie in kodexvorm, met inbegrip van vlugskrifte maar met uitsluiting van tydskrifte;
 - (b) „lener”, ’n personeellid, student of buitelener, wie deur die Universiteitsbibliotekaris geregistreer is as ’n persoon wat publikasies van die Biblioteek mag leen, onderworpe aan die bepalinge van hierdie Regulasies;
 - (c) „toonbank”, enige van die uitgiftetoonbanke in die Biblioteek, tensy anders aangedui;
 - (d) „buitelener”, ’n lener wat nie ’n student of ’n personeellid is nie maar wat deur die Universiteitsbibliotekaris as ’n lener soos bepaal in hierdie regulasies geregistreer is;
 - (e) „Biblioteek”, die Biblioteek van die Universiteit van Fort Hare met inbegrip van sy takbiblioteek;
 - (f) „publikasie”, enige boek, tydskrif, geskrif, drukwerk, vlugskrif of soortgelyke saak;
 - (g) „personeel”, die akademiese, administratiewe en biblioteekpersoneel van die Universiteit van Fort Hare;
 - (h) „student”, ’n geregistreerde student van die Universiteit van Fort Hare wat behoorlik as ’n lener deur die Universiteitsbibliotekaris geregistreer is;
 - (i) „Universiteitsbibliotekaris”, die Universiteitsbibliotekaris van die Universiteit van Fort Hare of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger;
 - (j) „gebruiker”, enige persoon wat toegelaat is tot die gebruik van die Biblioteek.
2. Enige gebruiker of lener wat hom teenstrydig met die bepalinge van hierdie Regulasies gedra, kan van die gebruik van, en die toegang tot die Biblioteek deur die Universiteitsbibliotekaris geskors word vir ’n tydperk van nie meer as vyf dae nie. Indien die Universiteitsbibliotekaris van mening is dat die oortreding van sodanige ernstige aard is dat dit ’n skorsing van meer as vyf dae regverdig, moet hy ’n sodanige oortreding onmiddellik aan die Rektor van die Universiteit per brief rapporteer en hy mag ’n sodanige gebruiker of lener slegs weer tot die gebruik van die Biblioteek toelaat op ’n sodanige datum as die Rektor, per skriftelike kennisgewing aan die Universiteitsbibliotekaris, mag besluit.

Gebruik van die Biblioteek.

3. Studente, personeellede en buiteleners is toegelaat tot die gebruik van die Biblioteek en mag publikasies leen op sodanige voorwaardes as wat deur hierdie Regulasies bepaal word: Met dien verstande dat die Universiteitsbibliotekaris, na sy oordeel, ander persone tot die gebruik van die biblioteek kan toelaat.
4. Geen gebruiker mag enige oorjas, boeksak, handsak, of enige sodanige sak of tas in die Biblioteek inbring nie, maar moet dit in die plek laat wat met ’n kennisgewing daartoe aangewys is.
5. (a) Geen gebruiker mag enige publikasie wat nie aan die biblioteek behoort inbring nie, of enige publikasie wat wel aan die Biblioteek behoort, wat op sy naam uitgegee is, daar inbring nie: Met dien verstande, dat ’n lener wel ’n sodanige aan hom uitgeleende boek in die Biblioteek mag inbring met die doel om dit terug te besorg, en hy moet dit aan die toonbank afgee sodra hy die Biblioteek betree.
(b) Studente mag aantekeningboeke in die Biblioteek inbring en moet dit by betreding van die biblioteek aan die beampste by die hooftoonbank ter ondersoek aanbied.

- (e) Alle publikasies en of aantekeningboeke wat deur die gebruiker uit die biblioteek geneem word moet aan die toonbankbeampte vir ondersoek aangebied word as die Biblioteek verlaat word.
- (d) Publikasies wat nie in die biblioteek ingebring mag word nie kan in die plek deur Regulasie 4 bedoel bewaar word.
- (e) Geen gebruiker mag in enige publikasie wat aan die Biblioteek behoort skryf, daar merke in maak of dit beskadig nie.
6. Geen boeke wat gemerk is „In die Library only”, of boeke wat by die toonbank onder direkte beheer gehou word, mag uit die Biblioteek uitgeneem word nie, en sodanige boeke moet in die Biblioteek geraadpleeg word op sodanige voorwaardes as die Universiteitsbibliotekaris mag bepaal, en moet, na gebruik, aan die toonbank teruggee word.
7. Geen gebruiker mag in die biblioteek sy stem verhef tot meer as fluistering, of enige lawaai of verstoring veroorsaak, of rook, eet of drink, of mag in die publieke afdelings enige gesprek voer nie.
8. (a) Tien minute voor sluitingstyd van elke Biblioteekperiode, sal 'n klokkie gelui word om aan te dui dat die gebruiker hom moet voorberei om die Biblioteek te verlaat.
- (b) Vyf minute voor elke sluitingstyd sal 'n klokkie gelui word om aan te dui dat gebruikers die Biblioteek moet verlaat.
- (c) Enige gebruiker wat hom na sodanige sluitingstyd nog in die Biblioteek bevind, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie Regulasies.
9. 'n Gebruiker wat 'n boek of tydskrif van 'n spesifieke rak gehaal het vir raadpleging in die Biblioteek, mag sodanige boek of tydskrif terugsit op die rak nie, maar moet dit op die tafel waar die gebruiker is, laat lê.

Leensakkies.

10. (a) Studente wat publikasies van die Biblioteek wil leen moet aan die begin van elke akademiese jaar aan die biblioteek as studente geregistreer is, by die hooftoonbank as lesers registreer.
- (b) Voorgraadse studente en buiteleners is geregtig op drie leensakkies elk.
- (c) Nagraadse studente is geregtig op ses leensakkies elk.
- (d) Elke leensakkie gee die lener op wie se naam dit uitgereik is, die reg om een boek te leen, vir 'n tydperk van hoogstens twee weke. Sodanige boeke mag gelyktydig geleen word.
- (e) Die lening van 'n publikasie kan verleng word vir 'n verdere tydperk soos bepaal deur die Universiteitsbibliotekaris.
- (f) 'n Leensakkie mag nie uitgeleen word, of van iemand geleen word, of op enige manier deur iemand op wie se naam dit nie uitgereik is, gebruik word nie.
- (g) Indien enige student of buitelener 'n leensakkie, wat op sy naam uitgereik is, verloor kan die Universiteit 'n duplikaat leensakkie uitreik teen betaling deur sodanige student of buitelener van die bedrag van 25 sent. Met dien verstande dat 'n sodanige uitreiking die verlore leensakkie kanselleer, en enige student wat 'n sodanig gekanselleerde leensakkie probeer gebruik, is skuldig aan oortreding van hierdie Regulasies. Verder met dien verstande dat niemand daardoor van enige aanspreeklikheid wat mag ontstaan of ontstaan het as gevolg van enige gebruik van die verlore leensakkie, onthef is; verder met dien verstande, dat iemand wat 'n boek leen of probeer leen teen enige leensakkie wat nie op sy naam uitgereik is nie, hom skuldig maak aan 'n oortreding van hierdie Regulasies.

Buiteleners.

11. (a) Persone wat nóg studente nóg personeellede is, kan volgens diskresie van die Universiteitsbibliotekaris as buiteleners toegelaat word en moet

dan as sodanig geregistreer word by vertoning van 'n kwitansie van die Rekenmeester wat lui dat 'n deposito van R2 betaal is. Sodanige deposito sal terugbetaal word by vertoning aan die Rekenmeester van 'n kennisgewing van die Universiteitsbibliotekaris wat aandui dat die registrasie van die buitelener gekanselleer is dat daar geen boeke uitstaande is nie en dat alle leensakkies teruggegee is.

- (b) 'n Boek sal aan 'n buitelener uitgeleen word slegs indien dit nie op die tydstip in aanvraag is nie.
12. Personeellede mag publikasies van die Biblioteek leen, onderworpe aan die bepalings van hierdie Regulasies, en op die volgende voorwaardes:—
- (a) Dat sodanige publikasies aan die Biblioteek terug gegee moet word binne 'n redelike tyd nadat dit deur die Universiteitsbibliotekaris herroep is: Met dien verstande, dat 'n publikasie nie teruggeroep sal word voordat 'n personeellid dit vir minstens 14 dae gehad het nie.
- (b) Die bepalings van hierdie Regulasie prejudiseer nie die bepalings van Regulasies 13-19 nie.

Leners in die algemeen.

13. Die Universiteitsbibliotekaris mag enige publikasie wat van die Biblioteek geleen is op enige tyd herroep vir doeleindes van inwendige biblioteekorganisasie.
14. Geen lener mag enige publikasie wat van die Biblioteek geleen is aan enigiemand uitleen nie.
15. 'n Lener is aanspreeklik vir enige ernstige of beskadiging ten opsigte van enige publikasie wat op sy naam uitgereik is.
16. Enige lener kan versoek dat 'n publikasie wat aan iemand uitgeleen is, vir hom gereserveer sal word, en hy moet daarvan in kennis gestel word sodra die publikasie beskikbaar is.
17. Geen lener mag 'n publikasie van die Biblioteek verwyder voordat die uitreiking daarvan deur die Universiteitsbiblioteek geregistreer is nie.
18. Geen uitreiking van boeke mag geskied gedurende 'n tydperk wat tien minute voor die einde van 'n biblioteekperiode begin nie.
19. (a) Alle publikasies aan leners uitgeleen moet teruggegee word voor die einde van elke Akademiese Semester.
- (b) Enige lener, wat nie aan die einde van die Akademiese Semester enige publikasies wat hy van die Biblioteek geleen het, terug besorg nie, is onderhewig aan 'n boete van R1 per nie-terugbesorgde publikasie, afgesien daarvan of die publikasie later terugbesorg word of nie.
- (c) Indien 'n lener nie 'n publikasie terugbesorg nadat hy onderhewig geword het aan die boete van R1 nie, is hy bowendien aanspreeklik vir die vervangingskoste van die publikasie.
- (d) Enige sodanige lener word, solank hy nie aan die bepalings van hierdie Regulasie voldoen het nie en nadat die boete betaalbaar geword het, geskors van alle gebruik van die Biblioteek, tot hy dit gedoen het.
20. Geen lener mag in enige publikasie wat hy van die Biblioteek geleen het, skryf, of enige merke daarin maak of dit op enige manier beskadig nie en enigiemand wat 'n publikasie aan die Biblioteek terug besorg wat op enige manier beskadig is, is verantwoordelik vir sodanige skade, tensy daarvan 'n aantekening gemaak is op die betrokke leensakkie ten tyde van die uitreiking.

Agerstallige publiskasies.

21. 'n Publikasie wat van die Biblioteek geleen is, is agterstallig nadat die leenperiode soos bepaal deur hierdie Regulasies, verstryk het, of as 'n redelike tyd verloop het nadat die boek opgevr is deur die Universiteitsbibliotekaris.

22. Die boete vir 'n agterstallige publikasie is 5 sent per dag of gedeelte daarvan, onderworpe aan 'n maksimum van R2 per boekdeel. Nadat sodanige maksimum bereik is, is die bepaling van Regulasie 19(d) van toepassing.

Tydskrifte.

23. (a) Tydskrifte mag nie aan leners uitgeleen word nie. Met dien verstande, dat nie meer as vyf volumes ingebinde tydskrifte tegelyk aan personeellede of nagraadse studente uitgeleen mag word nie, vir 'n tydperk van nie meer as twee weke nie.
- (b) Lopende nommers van tydskrifte word in die tydskrifteleessaal uitgestal totdat hulle deur 'n volgende nommer vervang word.
- (c) Gebruikers mag nie tydskrifte van die tydskrifteleessaal verwyder of leen nie, en moet die tydskrifteleessaal uitsluitlik vir die raadpleging van tydskrifte gebruik.
- (d) Hoofde van Departemente mag egter lopende nommers van Gelyste Tydskrifte (voorgestelde plasing op die Lys moet voorgelê word aan die Adviserende Biblioteekkomitee) leen by vertoon van die betrokke kennisgewingstrokie, deur die Universiteitsbibliotekaris uitgereik ten opsigte van elke nommer, aan die tydskriftetoonbank, vir 'n periode van nie meer as drie dae nie.
- (e) Geen gebruiker het toegang tot die tydskrifbewaarploas nie. Vir enige tydskrif moet die gebruiker by die tydskriftetoonbank aansoek doen, om dit in die tydskrifteleessaal te gebruik en hy mag sodanige tydskrif nie daaruit verwyder nie, tensy die Biblioteek Regulasies elders daarvoor voorsiening maak. Die Universiteitsbibliotekaris kan egter na sy oordeel personeellede of nagraadse studente tot die tydskrifbewaarploas toelaat.

Inter-Biblioteeklenings.

24. (a) Inter-biblioteeklenings vir personeel en nagraadse studente.
- (b) Enige gebruiker wat nalaat om op of voor die vervaldatum enige publikasie wat deur die Biblioteek deur middel van die Interbiblioteekleendiens geleen is, terug te besorg, moet van alle leenvoorregte geskors word tot tyd en wyl hy sodanige publikasie terugbesorg het.
- (c) Indien die gebruik van enige publikasie of ander materiaal op enige wyse deur hierdie Regulasies beperk word, moet sodanige beperking 'n voorwaarde wees vir 'n lening aan 'n biblioteek wat dit van hierdie Biblioteek deur die Inter-biblioteekleendiens leen, en omgekeerd.
- (d) Indien aansoek gedoen word vir 'n tydskrifartikel deur die Inter-biblioteekdiens, en die Biblioteek wat daarom versoek is voorsien hierdie Biblioteek met 'n fotoafdruk van die artikel, moet die aansoeker vir die koste van sodanige fotoafdruk, waarvan hy die eienaar word, betaal.

Spesiale Materiaal.

25. Manuskripte, mikrofilms, mikrokaarte en mikrofiches is slegs vir gebruik in die Biblioteek beskikbaar, en mag nie uit die Biblioteek verwyder word nie.

Africanbiblioteek.

26. Publikasies in die Africanbiblioteek mag nie uitgeleen word nie. Sodanige publikasies mag nie uit die Africanbiblioteek verwyder word nie, maar moet daar geraadpleeg word.

KANSELIER

P. E. ROUSSEAU, M.Sc. (Stell.), D.Sc. (h.c.) (O.V.S. en Stell.), M.I.Chem. E.

WISE-KANSELIER EN REKTOR

Prof. J. M. DE WET, M.Sc. (S.A.), B.Sc. Ing. (Rand), D.I.C., Ph.D. (Lond.).

DIE RAAD

Dr. C. H. BADENHORST.

Mnr. F. H. Y. BAMFORD.

Mnr. J. M. CHRISTOPHER.

Prof. J. J. GERBER (Voorsitter)

Dr. G. DE V. MORRISON, L.V.

Sy Edele Regter G. G. A. MUNNIK.

Prof. A. A. THERON

Prof. J. A. VAN EEDEN.

Prof. G. VAN N. VILJOEN.

Prof. A. COETZEE, (Senaatsverteenwoordiger).

Prof. S. Linde, (Senaatsverteenwoordiger).

Die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, ampshalwe (Mnr. J. P. DODDS) of sy gemagtigde verteenwoordiger (Mnr. J. A. PEPLER).

Die Sekretaris van Bantoe-Onderwys, ampshalwe (Dr. H. J. VAN ZYL) of sy gemagtigde verteenwoordiger.

Die Sekretaris van Onderwys, Transkeise Regering, ampshalwe (Mnr. J. L. K. HEYSTEK)

Die Direkteur van Onderwys en Kultuur van die Ciskeise Gebedsowerheid (Dr. G. R. GOOSEN).

Die Registrateur is ampshalwe Sekretaris van die Raad.

DIE ADVISERENDE RAAD

Mnr. Z. BOOI

Mnr. H. BUBU

Mnr. R. CINGO

Mnr. V. K. DUBE

Mnr. S. S. GUZANA (Voorsitter)

Eerw. J. J. R. JOLOBE

Mnr. T. M. MBAMBISA

Mnr. E. J. N. MOAHLOLI

Mnr. H. NABE

Mnr. M. T. NKUNGU

Mnr. D. M. NTUSI

Mnr. I. SANGOTSHA

Prof. M. O. M. SEBONI

Mnr. F. SIYO

Mnr. S. S. NGCUME van die Administratiewe Personeel tree op as Sekretaris.

DEKANE VAN FAKULTEITE

Teologie

Professor F. HECHT, Cand.Phil. (Halle), Cand.Theol. (Halle), Cand.Min. (Berlin), D.D. (Pret.)

Regsgeleerdheid

Professor J. B. THOM, B.A., LL.B. (Stell.)

Lettere en Wysbegeerte

Professor T. M. D. KRUGER, M.A. (Pret.) D.Litt. et Phil. (S.A.)

Natuurwetenskappe

Professor G. J. J. VAN RENSBURG, B.Sc. (Potch), M.Sc. (Pret) Ph.D. (S.A.) H.O.D.

Opvoedkunde

Professor B. DE V. VAN DER MERWE, M.A., D.Ed., (O.V.S.)

Handel en Administrasie

Professor J. H. SMITH, M.Com./U.O.D. (O.V.S.), D.Com. (U.P.E.)



Professor H. v. H. VAN DER WATT, B.Sc. (Agric.) (Pret.), Ph.D. (Calif.)

University of Fort Hare
Together in Excellence

DIE SENAAAT

Die Rektor, Prof. J. M. DE WET (Voorsitter)

Prof. A. COETZEE (Vise-Voorsitter)

Prof. D. L. BROWN
Prof. C. G. COETZEE
Prof. J. T. DAVIDSON
Prof. E. J. DE JAGER
Prof. P. J. DE VOS
Prof. P. A. DUMINY
Prof. L. EERHOUT
Prof. W. C. ELS
Prof. A. S. GALLOWAY
Prof. E. H. GRAVEN
Prof. J. T. GREEN
Prof. F. HECHT
Prof. D. J. L. JACOBS
Prof. K. JACOBS
Prof. H. L. N. JOUBERT
Prof. T. M. D. KRUGER
Prof. R. H. R. LIDDELL
Prof. S. LINDE
Prof. E. J. MARVIS
Prof. W. D. MAXWELL
Prof. D. H. MEIRING

Prof. J. H. SMITH
Prof. J. B. THOM
Prof. R. A. VAN DEN BERG
Prof. B. DE V. VAN DER MERWE
Prof. H. V. H. VAN DER WALL
Prof. D. F. VAN DYK
Prof. G. J. J. VAN RENSBURG
Dr. M. C. ERKSTEEN
Dr. G. R. GOOSEN, (Raads-
verteenwoordiger)
Dr. J. A. T. WENTZEL
Mnr. D. N. BOSHOFF
Mnr. J. M. CHRISTOPHER (Raadsverte-
woordiger)
Mnr. F. A. DE VILLIERS
Mnr. J. M. ELS
Mnr. L. PROCTOR
Mnr. M. SPRUYT
Mnr. J. C. VAN EEDEN
Mnr. P. B. VAN SCHALKWYK
Mnr. G. S. WOOD



ADDISIONELE LEDE VAN DIE SENAAAT

Prof. G. I. M. MZAMANE

University of Fort Hare

Prof. M. G. M. SEBONI

Together in Excellence

LEDE VAN DIE SENAAAT AANGESTEL INGEVOLGE ARTIKEL 10(2) VAN DIE WET

Lid

Prof. A. G. ROOKS (Natal)
Prof. A. H. VAN ZYL (Pretoria)
Prof. R. C. BULLIUS (Rhodes)
Prof. S. J. SCHOLMAN (Port Elizabeth)
Prof. H. V. D. M. SCHOLTZ (Kaapstad)
Prof. E. O. J. WESTPHAL (Kaapstad)
Prof. W. P. ROBBERTSE (Potchefstroom)
Prof. H. J. SCHUTTE (Rhodes)
Prof. J. G. C. SMALL (Port Elizabeth)
Prof. R. G. MACMILLAN (Natal)
Prof. D. HOBART Houghton (Rhodes)
(Secundus: Prof. J. A. CILLIERS (Suid-Afrika)
Prof. G. D. B. DE VILLIERS (O.V.S.)
Prof. P. C. J. OBERHOLZER (Pretoria)

Fakulteit

Teologie
Teologie
Regsgeleerdheid
Lettere & Wysbegeerte
Lettere & Wysbegeerte
Lettere & Wysbegeerte
Natuurwetenskappe
Natuurwetenskappe
Natuurwetenskappe
Opvoedkunde
Handel & Administrasie
Landbou
Landbou

AKADEMIESE PERSONEEL

FAKULTEIT TEOLOGIE

Ou Testamentiese vakke en Hebreeus :

*Professor: F. HECHT, Cand.Phil. (Halle), Cand. Theol. (Halle),
Cand.Min. (Berlin), D.D. (Pret.).

Lektor: N. L. A. TIDWELL, M.A. (Cantab. en Oxon.)

Nuwe Testamentiese vakke en Pastorale Teologie :

*Professor: H. L. N. JOUBERT, M.A. (Stell.), M.Th. (Princeton), Th.D. (Amst.).

Sistematiese Teologie :

*Professor: R. H. R. LIDDELL, M.A., D.D. (h.c.) (St. Andrews).

Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap :

*Professor: W. D. MAXWELL, B.A. (Toronto), Ph.D., D.Litt. (Edin.), D.D. (h.c.)
(Glasgow).

Sekretaresse/Tikster: Mevr. E. WANNENBURG.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Handelsreg :

Professor: Vakant.

*Senior Lektor: G. S. WOOD, B.A., LL.B. (Natal)

Privaatreg :

Professor: Vakant.

*Senior Lektor: F. A. DE VILLIERS, B.Comm., LL.B. (Potch.)

Senior Lektor: W. DE HAAN, B.A., LL.B. (Stell.)

Senior Lektor: M. L. LUPTON, B.A. Hons., LL.B. (O.V.S.)

Lektor: B. S. KOYANA, B.A., LL.B. (S.A.)

Lektor: F. VENTER, B.Jur. et Comm., LL.B. (Potch.)

Publiekreg :

*Professor: J. B. THOM, B.A. LL.B. (Stell.)

Senior Lektor: J. LABUSCHAGNE, M.A. (Pret) LL.B. (S.A.)

Senior Lektor: Vakant.

Sekretaresse/Tikster: Mev. L. TERWIN.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikanistiek : (Antropologie, Argeologie, en Naturelle-administrasie).

*Professor : E. J. DE JAGER, M.A., D.Phil. (Potch.)

Lektor : R. M. DERRICOURT, B.A. (Hons.) (Cantab.)

Lektor : P. D. BANGHART, B.A. (Nebraska), M.A. (Stell.)

Lektor : P. D. VAN LILL, B.A.Hons. (Stell.)

Lektor : D. M. GROENEWALD, B.A. Hons. (Stell.)

F. S. MALAN Antropologiese Museum en A. J. D. MEIRING kunstgalery

Kurator : V. Z. GITYWA, B.A. Hons. (SA.)

Assistent-kurator : C. M. LAMLA, B.A. (S.A.)

Afrikaans-Nederlands (en Duits)

*Professor : A. COETZEE, Cand.Theol. (Stell.), M.A. (S.A.), D.Litt.
(O.V.S.)

Senior Lektor : J. VORSTER, B.A.Hons. (Rand), M.A. (Rhodes).

Lektor : K. H. SCHMIDT, B.A. Hons. (Pret.)

Lektrise (Duits) : Mev. M. A. DE VOS, B.A. (Stell.), H.O.D.

Bantoetale : (Xhosa, Zoeloe, Noord- en Suid-Sotho, Tswana en Venda).

- *Professor : G. I. M. MZAMANE, M.A. (S.A.)
Professor : Vakant
Lektor : L. M. MBADI, B.A. (Rhodes), B.A. Hons. (S.A.)
Lektrise : Mej. D. N. JAFTA, B.A. (Rhodes), B.Ed. (S.A.), B.A. Hons. (S.A.).

Biblioteekwetenskap

- *Senior Lektor : P. B. VAN SCHALKWYK, M.A. (Stell.), H.Dip. Libr. (S.A.).
Universiteitsbibliotekaris : M. SPRUYT, LL.Drs. (Leiden), L.Dip.Bibl. (Pret.), H.Dip.Bibl. (S.A.).

Engels

- *Professor : J. T. GREEN, B.A. (Stell.), M.A. (S.A.), Ph.D. (Leeds).
Senior Lektrise : Mej. V. W. HENLEY, M.A., U.O.D. (Rhodes)
Lektrise : Mev. E. N. E. VERSCHOOR, B.A. (Kaapstad), S.O.D., B.A.Hons. (S.A.)
Lektor : R. L. PETENI, B.A.Hons. (S.A.), U.O.D. (S.A.).

Geskiedenis

- *Professor : C. G. COETZEE, M.A., D.Phil. (Stell.)
Lektor : J. C. VISAGIE, B.A.Hons. (S.A.).

Grieks : (met insluiting van Hellenistiese Grieks en Beginsels van Griekse Kultuur).

- *Senior Lektor: J. M. ELS, M.A. (Potch.)

Latyn :

- *Professor : K. JACOBS, Lit. Hum. Drs. (V.U.Amst.), D.Litt et Phil. (Leiden).

Sielkunde

- *Professor : T. M. D. KRUGER, M.A. (Pret.), D.Litt. et Phil. (S.A.)
Senior Lektor in Bedryfsielkunde : W. BACKER, M.A., D.Phil. (Potch.)
Senior Lektor : W. G. VAN DER MERWE, M.A. (O.V.S.)
Lektor : J. W. CUMES, M.A. (Rand).
Junior Lektor : Q. T. MJOLI, B.A.Hons., B.Sc.Hons. (Fort Hare).
Navorsingsassistent : Mej. P. N. T. BAM, B.A. (Fort Hare).
Navorsingsassistent : Mej. E. MAKWETU, B.Sc. (Rhodes), B.Sc.Hons (Fort Hare).

Sosiologie en Maatskaplike Werk : (ook Kriminologie)

- *Professor : P. J. DE VOS, M.A., D.Phil. (Pret.)
Senior Lektor : J. J. F. C. HEYDENRYCH, M.A. (Sos.), B.A. Hons. (M.W.) (Stell.)
Lektor : W. D. VICTOR, B.A.Hons. (O.V.S.)
Lektor : T. N. V. MAQASHALALA, B.A. (S.S.) (S.A.)
Lektor : Vakant.
Navorsingsassistent : S. MAFANYA, B.A. (M.W.) (S.A.)
Navorsingsassistent : M. W. MAKALIMA, B.A. (S.S.) (S.A.).

Staatsleer en Publieke Administrasie

- *Senior Lektor : M. C. EKSTEEN, M.A., D.Phil. (O.V.S.)
Senior Lektor : J. C. VAN DER WALT, M.A. (Pret.)
Lektor : G. P. MARE, B.A. (Stell.)

Wysbegeerte :

- *Professor : E. J. MARAIS, B.A. (Stell.), M.A. (S.A.), B.D. (V.U.-Amst.), C.Th. (S.A.)
Senior Lektor : B. J. VAN DER WALT, M.A. Th.B. (Potch.)

Taallaboratorium :

- *Direkteur : L. PROCTOR, M.A. (Cantab.) T.O.D.
Sekretaresse/Tikster: Mev. J. A. SMITH, B.A. (Rhodes).

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Aardrykskunde en Geologie :

- *Professor : W. C. ELS, M.A., M.Ed. (O.V.S.), D.Litt, et Phil. (S.A.)
- Senior Lektor : N. C. TAIT, M.A. (Stell.),
- Lektor : C. J. UYS, B.A.Hons. (S.A.),
- Lektor : E. M. MAKHANYA, M.A. (S.A.)
- Senior Lektor (Geologie) : J. C. THERON, D.Sc. (O.V.S.)
- Lektor (Geologie) : C. S. KINGSLEY, M.Sc. (O.V.S.)

Chemie :

- *Professor : A. S. GALLOWAY, Ph.D. (St. Andrews), F.R.I.C.,
L.S.A. Chem. I.
- Professor : D. H. MEIRING, D.Sc. (O.V.S.), L.S.A. Chem. I.
- Senior Lektor : E. W. GIESEKKE, Ph.D. (Rand)
- Lektor : I. C. DU PREZ, M.Sc. (O.V.S.)
- Junior Lektor : P. D. GQOLA, B.Sc.Hons. (S.A.)
- Tegnikus : M. WALTON

Dierkunde :

- *Professor : R. A. VAN DEN BERG, M.Sc. (Natal), D.Sc. (Potch.)
- Senior Lektor : J. E. SAAYMAN, M.Sc. (Stell.), Ph.D. (S.A.)
- Senior Lektor : I. G. GAIGHER, M.Sc. (Pret.) Ph.D., (RAU).
- Lektor : J. E. MAKHENE, M.Sc. (S.A.)
- Lektrise : Mej. J. P. DU TOIT WILLIAMS, B.Sc.(Hons.) (Rhodes).
- Lab. Tegnikus Graad A : P. KERANA

Landmeetkunde :

- *Professor : L. ECKHOUT, B.Sc. (Ing.) (Rand), B.Sc. (Fotogram
Ing.) (Delft.)
- Senior Lektor : G. C. OLIVIER, B.Sc. (S.A.), Dip. L.S. (J.C.P.E.),
L.(S.A.) M.I.G.L.S.

Natuurkunde :

- *Professor : J. T. DAVIDSON, M.Sc. (S.A.)
- Senior Lektor : P. H. PIETERSE, M.Sc. (Stell.)
- Senior Lektor : S. J. BURGER, M.Sc. (Stell.)
- Lektor : J. R. SERETLO, M.Sc. (S.A.)
- Junior Lektor : M. C. RADEBE, M.Sc. (S.A.)
- Demonstrateur/Tegnikus : Vakant
- Senior Tegnikus vir Wetenskap departemente: M. H. W. THIELEMANN.
- Assistent Tegnikus : N. E. SCHAEFFER.

Plantkunde :

- *Professor : Vakant
- Senior Lektor : D. N. BOSHOFF, M.Sc. (Potch.)
- Ere-navorsingsocius : M. H. GIFFEN, M.A. (Kaapstad), M.Sc. (Cantab.),
F.R.M.S., Ph.D., (S.A.)
- Lektor : R. L. VERHOEFEN, M.Sc. (Pret.)
- Lektor : O. H. D. MAKUNGA, B.Sc.Hons. (S.A.), U.O.D.
(Rhodes).
- Lektor : D. P. FERREIRA, B.Sc.Hons. (Potch.)
- Demonstrateur-Tegnikus : B. B. BALA, B.Sc.Hons. (S.A.), U.O.D. (Rhodes)

Toegepaste Wiskunde en Statistiek :

- *Professor : S. LINDE, M.Sc. (O.V.S.)
- Senior Lektor : Vakant
- Lektor : P. C. WAGENER, B.Sc.Hons. (S.A.), M.Sc. (Pret.)
- Lektor : P. C. N. GROINEWALD, M.Sc. (O.V.S.)

Wiskunde :

- *Professor : G. J. J. VAN RENSBERG, M.Sc. (Pret.), Ph.D. (S.A.)
H.O.D.
- Senior Lektor : S. F. G. WISSELS, M.Sc. (Potch.), Ph.D. (U.P.E.),
U.O.D.
- Tydlike Lektor : Mevr. J. UYS, B.Sc. (Stell.)
- Fakulteitskretaresse-Tikster : Mevr. E. WANNENBURG.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Didaktiek en Administrasie :

- *Professor: P. A. DUMINY, B.P.Ed. (Potch.), M.Ed. (Pret.), D.Litt. et Phil.
(V.U.Amst)
- Senior Lektor: J. A. T. WINSZIL, B.Sc., M.Ed. (S.A.), D.Ed. (Potch.)
- Lektor: N. KATHYA, B.A., (Rhodes), B.A., B.Ed. (S.A.)

Empiriese opvoedkunde :

- *Professor: M. O. M. SIBONI, B.A., D.Ed. (S.A.)

Historiese opvoedkunde :

- *Professor: D. F. VAN DYK, B.A., D.Ed. (O.V.S.)

Filosofie van opvoeding :

- *Professor: B. DE V. VAN DER MERWE, M.A., D.Ed. (O.V.S.)
- Lektor: P. J. VAN ZYL, B.A., M.Ed. (Potch.)

Sub-departement skone kunste :

- Lektor: Mei. E. MARAIS, B.A. (Skone Kunste) (Rhodes)
- Navorsingsassistent: B. B. MATHYS, B.A. (U.C.H.) (Leop. Hare)
- Fakulteit Opvoedkunde-Tikster: Mevr. M. M. VAN DER MERWE



University of Fort Hare
Together in Excellence

FAKULTEIT HANDEL EN ADMINISTRASIE

Bedryfskonomie en Koöperasietese :

- *Professor : D. J. L. JACOBS, B.A. (S.A.), B.Comm. (S.A.), D.Comm. (Potch.)
T.O.D.
- Senior Lektor : Vakant.

Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis :

- *Professor : J. H. SMITH, M.Comm., U.O.D. (O.V.S.), D.Comm. (U.P.E.)
- Senior Lektor : Vakant.

Rekeningwetenskappe :

- *Senior Lektor : J. C. VAN ELDEN, M.Comm. (Rek.) (Pret.), M.B.A. (Pret.)
- Senior Lektor : E. BEGMANN, M.Comm. (Potch.)
- Lektor : H. G. ROSSOUW, B.Comm. (O.V.S.)

FAKULTEIT LANDBOU

Agroonomie :

- (Sub-departement: Tuinbou, Weidingsleer en Biometrie.)
- *Professor: E. H. GRAVES, M.Sc. Agric. (Stell.), Ph.D. (Wisconsin).
- Senior Lektor (Agroonomie): J. N. MARAIS, M.Sc. Agric. (Pret.), Ph.D. (Purdue)
- Senior Lektor (Weidingsleer): W. S. W. TROLOPP, B.Sc. Agric. (Natal).
- Lektor (Weidingsleer): D. W. KIRKBY, B.Sc. Agric. (Natal)
- Lektor (Tuinbou): B. V. COURT, B.Sc. Agric. (Pret.).
- Tegniese Assistent: C. NYANGISIMBI.

Grondkunde :

(Sub-departemente: Biochemie, Genetika en Plantfisiologie).

*Professor: H. A. H. VAN DER WALT, B.Sc. Agric. (Pret.), Ph.D. (Cahf.)

Senior Lektor (Grondkunde): M. HENSLEY, M.Sc. Agric. (Natal)

Senior Lektor (Biochemie): P. W. CLOETI, M.Sc. (Pret.), D.Sc. Agric. (Pret.)

Lektor (Genetika): J. H. G. DE VILLIERS, B.Sc. Agric. (Natal)

Tegniese Assistent: W. NGATKA

Landbou-Ekonomie :

(Sub-departemente: Landbou-ingenieurswese en Biometrie).

Senior Lektor: S. J. DE SWARDI, M.Sc. Agric. (Natal).

Veekunde :

(Sub-departemente: Anatomie en Fisiologie, Veetiesktes, Pluimveekunde en Skaap- en Wolkunde).

*Professor: D. L. BROWS, M.Sc. Agric. (Natal), D.Sc. Agric. (O.V.S.)

Senior Lektor (Veetiesktes): S. STAMPA, Dr. Med. Vet. (Giessen).

Senior Lektor (Veekunde): E. J. B. BISHOP, M.Sc. Agric. (Stell).

Lektor: (Skaap en Wolkunde): Vakant.

Tegniese Assistent: A. M. DLANGAMANDELA.

Skretaresse Tikster: Mqj. C. MACGILLICUDDY.



A. J. D. MHIRING, M.Sc. Ph.D. (O.V.S.).

O. F. RAUM, Ph.D. (Lond.).

University of Fort Hare
Together in Excellence

*Hoof van Departement.

ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

Registrateur: H. J. DU PREEZ, B.A. (Stell)

Assistent Registrateur (Akademies en Studente aangeleentehede): H. VAN HUYSTEFEN,
B.A. (Kaapstad), LL.B. (S.A.)

Assistent Registrateur (Administrasie) ; J. DE M. MALAN.

Assistent Registrateur (Finansies en Voorrade): D. J. JACOBS, B.Sc. (Stell)
B.Com. (S.A.)

Rekenmeester: G. H. ROBINSON.

Reklamebeampte: Vakant.

Personeeleklerk: H. P. DE GOEDE.

Eksamenbeampte: Vakant.

Komiteeklerk: Mev. M. CLARK.

Senior Administratiewe Assistent: Vakant.

Studenteregistrasiebeampte: S. S. NGCUME

Administratiewe Assistent: Mej. M. A. KINSLEY.

Tikster Sekretaresse vir die Rektor: Mej. N. HIGAN.

Tiksters: Mej. E. VAN ROOYEN, Mev. J. M. F. ROBINSON, Mej. A. K. MCGILLI-
VRAY, Mej. E. SWANEPOEL.

Deelyds: Mev. M. A. BILLINGHAM en C. M. SMITH

Klerklike Assistent: Mev. A. COETZEE en A. VAN ROOYEN.

Senior Voorradebeampte: J. P. M. VOS LANDSBERG.

Voorradebeampte: Vakant.

Bestuurder: Terreine, Geboue en Vervoer: J. S. M. CLARK, A.S.A.I.V.

Inspekteur van Werke: Vakant

Ondersuperintendent van Werke: T. J. M. LEDIGA.

Opsigter van Skoonmaakdienste: H. MCGILLICUDDY.

Plaasbestuurders: S. W. HAYNES (Honeydale)

P. A. KRIEDEMANN (Fort Hare Plaas)

Senior Landbou-Tegniese Assistent: A. M. DEANGAMANDLA, W. NGALERA

Landbou-Tegniese Assistent: C. M. N. N. N. N. N.

Klerke: Graad I: D. S. MAJOKWENI, B.A. (S.A.), E. M. MAHLANGU, P. SALAYI,
N. B. FATUSE, V. H. QUPE.

Graad II: N. N. MNQANDI, C. O. MAYERISO, N. M. MOAHLOLI,
N. N. KEKE, V. KEMBE, MAC RASHI, M. M. MLANJANA,
D. DIKANA, Mev. E. M. SERETLO.

Eetsaalbestuurder: A. K. MCGILLIVRAY

Assistent-eetsaalbestuurder: Mev. G. MCGILLIVRAY

Koshuisvaders Moeders:

R. L. PETENI (Eluk)

Prof. M. O. M. SIBONI (Beda)

E. M. MAKHANYA (Iona)

L. M. MBADI (Wesley)

Mev. C. T. NGCUME (Matrone)

Assistent Koshuisvaders Moeders:

Mej. D. N. JAFTA (Eluk)

Mej. S. S. NJIKFLANA en Mev. R. PETENI

B. B. BALA (Beda)

Mev. F. SIBONI (Beda)

Mev. D. M. MAKHANYA (Iona)

Mev. G. N. MBADI (Wesley)

Mev. C. KERANA (Assistent-matrone)

BIBLIOTEEKPERSONEEL

Universiteitsbibliotekaris: M. SPRUYT, LL.Drs. (Leiden), L.Dip. Bibl. (Pret.),
H.Dip. Bib. (S.A.)

Onder-Universiteitsbibliotekaris: E. M. MAKHANYA, B.A. (Rand), S.S.A.B.V.

Professionele Assistentte :

1. Vakant
2. Vakant

Biblioteekassistentte :


K. L. MALI, B.A. (Rhodes)
A. M. GEORGE
Mev. P. T. MAKHENE
Mej. S. S. NJIKELANA

Tikster: Mev. D. GREYLING

Tikker: S. H. DUBULA

Rakkebiende: B. S. KUNENE

Bode: C. NLEFI



Hoofredakteur: H. W. PAHL, B.A., (S.A.), B.Sc. (Rhodes), L.D.B. (S.A.), H.O.D.

Senior Redakteur: S. M. BURNS-NCAMASHI, B.A., (S.A.), B.Ed. (Cape T.)

Assistent-redakteur: J. J. R. JOLOBI, B.A. (S.A.)

Assistent-redakteur: W. S. GAWE

Assistent-redakteur: G. NKONJI, M.A. (S.A.)

Afrikaanse Vertaler: Ds. A. M. PIENAAR.

Klerklike en Tegniese Assistent: L. DIKWENI.

Tikster: Mev. F. T. NABE.

University of Fort Hare
Together in Excellence

VOORSKRIFTE VIR STUDIE EN EKSAMENS.

ALGEMENE VOORSKRIFTE.

In hierdie voorskrifte beteken „Universiteit” die Universiteit van Fort Hare.

Wetlike krag van voorskrifte.

G1. (1) Al die voorskrifte en leerplanne wat in hierdie Jaarboek verskyn is uitgereik deur die Senaat en die Raad kragtens statutêre magte aan hulle toegeken.

(2) Tensy uitdruklik of by implikasie anders bepaal, geld die Algemene Voorskrifte, waar van toepassing, ook vir individuele fakulteite.

(3) Waar spesiale vereistes gestel word in die voorskrifte van een fakulteit vir die studie van 'n vak of kursus in 'n vak, geld sodanige vereistes ook waar die vak of kursus in 'n ander fakulteit geneem word, behalwe in gevalle waar die teenoorgestelde duidelik is.

Grade, diplomas en sertifikate.

G2. (1) Die Universiteit kan die grade toeken en die diplomas en sertifikate uitreik wat in die voorskrifte vir individuele fakulteite genoem word.

(2) Voordat 'n graad aan hom toegeken is, of 'n diploma of sertifikaat aan hom uitgereik is by 'n kongregasie van die Universiteit is 'n persoon nie geregtig op die voorregte daaraan verbonde nie.

Registrasie.

G3. (1) Enige persoon wat wil inskryf vir 'n graad, diploma of sertifikaat van die Universiteit, moet toelating tot die Universiteit verkry ooreenkomstig die voorskrifte van die Universiteit.

(2) Op die dag wat vir registrasie vasgestel is, moet die student eers 'n leerplankaart kry, dit voltooi, die handtekening van die dekaan van die betrokke fakulteit verkry en moet daarna die studenteregister teken.

(3) Die goedgekeurde leerplan mag daarna gewysig word mits die gewysigde leerplan voldoen aan die voorskrifte wat geldig is ten tye van die wysiging.

(4) Geen persoon sal toegelaat word om in te skryf na die datum wat deur die Senaat bepaal is as die laaste dag vir registrasie nie behalwe met die spesiale vergunning van die Senaat.

(5) 'n Persoon wat nie aan die vereistes voldoen om as gematrikuleerde student in te skryf nie, mag toegelaat word om sodanige kursusse te volg en sodanige eksamens te skryf as wat die Senaat mag bepaal.

Beperkings van inskrywing.

G4. Behalwe met spesiale toestemming van die Senaat word niemand vir twee of meer grade tegelyk ingeskryf nie.

Verlening van Status.

G5. Indien iemand hom wil laat inskryf vir studie waarvoor die besit van 'n graad 'n voorvereiste is, maar hy daardie graad nie aan die Universiteit behaal het nie, kan die Senaat aan hom op grond van 'n graad aan 'n ander universiteit behaal of op grond van ander studie, die status van die vereiste graad verleen, waarna hy vir die doel van die verdere studie geag word daardie graad te besit van die datum af waarop hy die kwalifikasie verwerf het op grond waarvan die status verleen is.

Toelating tot Eksamens.

G6. (1) Behalwe wat betref kandidate vir Meesters- of Doktorsgrade mag geen student toegelaat word tot die eksamen in 'n vak waarvoor hy geregistreer is nie, tensy hy voldoen het aan die vereistes van die departement soos deur die Senaat goedgekeur en 'n jaarpunt van tenminste 40% behaal het in die vak nie.

(2) Onderhewig aan enige uitsondering wat die Senaat mag goedkeur, sal dit nie beskou word dat 'n student die Universiteit bygewoon het gedurende enige akademiese jaar nie tensy hy vir tenminste driekwart van die jaar klasse bygewoon het nie.

Slaagpunt.

G7. Behalwe wat betref kandidate vir Meesters- en Doktorsgrade, mag Fakulteite vereis dat studente 'n sub-minimum in sekere kursusse behaal. Om te slaag in 'n vak moet 'n student 'n minimum van 40% in die eksamen behaal en 'n gemiddelde van 50% in sy jaarpunt en eksamenpunt gesamentlik. Die verskillende Fakulteite mag bepaal tot welke mate die jaarpunt in aanmerking geneem sal word; met dien verstande dat die eksamenpunt nie minder as 50% van die finale punte sal uitmaak nie.

Eksamens.

G8. (1) Eksamen in 'n vak vir 'n graad, diploma of sertifikaat van die Universiteit sal algemeen word soos deur die Senaat bepaal en by die Universiteit of op 'n ander plek as die Senaat so besluit.

(2) Eksaminatore in 'n eksamen vir 'n graad, diploma of sertifikaat van die Universiteit, word aangestel deur die Senaat wat 'n eksamen wat onderrig gegee het in die vak as eerste eksaminator mag aanstel en een of meer dosente van sy eie personeel of die van ander universiteite as tweede en derde eksaminatore; in eksamens vir finale kursusse en vir Honneurs- Meesters- en Doktorsgrade, sal ook dosente wat nie aan die Universiteit verbonde is nie, aangestel word.

Siekte-eksamens.

G9. 'n Spesiale eksamen kan deur die Rektor of sy verteenwoordiger toegestaan word aan 'n student wat verhinder is om eksamen te doen

- (1) as gevolg van siekte op die dag van die eksamen of onmiddellik daarvoor op voorwaarde dat hy op die voorgeskrewe vorm, wat van die Universiteit verkrygbaar is, 'n mediese sertifikaat indien wat die aard en duur van die siekte aangee en waarin verklaar word dat dit om gezondheidsredes onmoontlik of onwenslik was dat hy die eksamen aflê, of
- (2) as gevolg van familie-omstandighede, soos die ernstige siekte of dood van 'n bloedverwant tydens die eksamen, op voorwaarde dat bevreëdigende bewys van sulke omstandighede gelever word;

Met dien verstande verder dat sodanige eksamen nie toegestaan sal word -

- (i) in 'n kursus waarin die student al die vraestelle voltooi het nie;
- (ii) in gevalle waar die student se aansoek nie die registratuur bereik binne een week vanaf die datum van die eksamen nie.

Aanvullende eksamens

G10 (1) Aanvullende eksamens moet elke jaar nie later as Maartmaand gehou word nie.

(2) In grensgevalle mag die Hoor van die Departement in oorleg met die eksaminatore besluit dat 'n bykomende mondelinge eksamen onmiddellik na die eksamen gehou mag word. Dit sluit nie die moontlikheid van 'n geskrewe aanvullende eksamen uit nie. 'n Student mag die Universiteit nie verlaat voor 3 dae nadat sy laaste eksamen afgelê is nie.

(3) Die volgende persone kan aanvullende eksamens toegestaan word:

- (a) 'n kandidaat toegelaat ooreenkomstig voorskrif G9. hierbo;
- (b) 'n kandidaat wat op akademiese gronde daarvoor kwalifiseer soos deur die Senaat bepaal.

(4) 'n Student wat reeds 'n graad, diploma of sertifikaat besit en een kursus kortkom vir toelating tot 'n studiekursus vir 'n ander graad, diploma of sertifikaat, mag, met spesiale toetstemming van die Senaat, toegelaat word om die eksamen in daardie kursus by 'n aanvullende of gewone eksamen af te lê.

Eksamen- en Promosiegelde

G11. Voordat 'n student tot 'n eksamen toegelaat word moet hy die voorgeskrewe gelde betaal.

Tug

G12. Beheer en dissiplinêre maatreëls word gereguleer deur reëls deur die Raad uitgevaardig.

BACCALAUREUSGRADE

Toelating

G13. Niemand word as 'n gematrikuleerde student van die Universiteit geregistreer nie, tensy hy die Matrikulasiesertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad verwerf het of na die oordeel van die Matrikulasieraad voldoen het aan die voorwaardes van vrystelling van die Matrikulasieëksamen en 'n sertifikaat te dien effekte besit en aan die Universiteit die registrasiegeld wat voorgeskryf is, betaal het.

G14. Elke kandidaat vir 'n graad moet 'n goedgekeurde leergang as ingeskrewe, gematrikuleerde student volg vir die tydperk wat in die fakulteitsreglement vir die betrokke graad voorgeskryf is.

G15. Onderworpe aan die bepalinge van reglement G16 kan die universiteit 'n student wat 'n graad van hierdie Universiteit of van 'n ander vir dié doel erkende universiteit besit en wat kandidaat is vir 'n graad in 'n ander fakulteit as dié waarin daardie graad toegeken is, vrystel van eksamen in kursusse waarin hy reeds vir daardie graad geslaag het.

G16. 'n Gegradueerde of 'n nie-gegradueerde in 'n fakulteit wat kandidaat word vir 'n ander graad in dieselfde of 'n ander fakulteit, kan vrygestel word van kursusse wat hy vir eersbedoelde graad voltooi het en wat deur die universiteit as gelykwaardig beskou word: Met dien verstande dat—

- (1) vrystelling nie verleen word vir meer as die helfte van die voorgeskrewe kursusse vir 'n graad waarvoor 'n persoon 'n kandidaat is nie;
- (2) indien die aantal kursusse wat vir vrystelling in aanmerking kom, die helfte van die aantal kursusse van die graad oorskry, die student vir minstens 'n helfte van die totale aantal kursusse, kursusse moet volg wat hy nie vir 'n vorige graad voltooi het nie;
- (3) waar 'n kursus vir 'n graad verpligtend is en vrystelling daarvan nie verleen word nie, die Senaat bepaal watter ander kursus daardie kursus vervang.

G17. Behalwe waar uitdruklik anders bepaal is, word niemand op grond van 'n reeds behaalde graad of diploma van meer as die helfte van die kursusse van 'n ander graad of diploma vrygestel nie.

G18. Indien 'n student in die jaar waarin hy van kursusse vrygestel is, nie eksamen doen nie, of na sluiting van die eksameninskrywing op vrystelling aanspraak maak en dit verkry, is sy vrystelling, behalwe met spesiale vergunning van die Senaat, onderworpe aan die reglement wat geld in die jaar waarin hy met sy studie voortgaan.

Keuse van hoofvakke en vernaamste vakke

G19. 'n Student kies nie as hoofvak of vernaamste vak vir 'n graadleergang 'n vak wat hy vir 'n vorige graad as hoofvak of vernaamste vak afgelê het nie, maar neem 'n ander vak wat die Senaat goedkeur.

Opeenvolging van kursusse

G20. Behalwe waar in die reglement van 'n fakulteit anders bepaal is, volg 'n student nie die tweede of 'n latere kursus in 'n vak alvorens hy die voorafgaande voltooi het nie.

Erkenning van jaar se studie

G21. Behalwe waar in die reglemente van 'n fakulteit anders bepaal word, sal 'n student krediet behou vir elke kursus waarin hy geslaag het maar 'n student sal nie toegelaat word om aan te gaan met die tweede of derde studiejaar voordat hy geslaag het in die aantal kursusse wat deur die betrokke fakulteit vereis word nie.

Om krediet te ontvang vir sy hoofvakke moet 'n kandidaat die finale kursusse in sy hoofvakke gelyktydig aanbied die eerste keer. Slegs die hoofvak waarin 'n kandidaat nie slaag nie moet herhaal word.

G22. 'n Kursus wat nie vir graaddoelendes geneem word nie, word nie later vir 'n graad erken in plaas van 'n graadkursus waarin gedruip is nie, tensy die student daardie kursus as deel van sy graadleergang kon gekies het toe hy dit geneem het en ook origens aan die vereistes vir die graad voldoen het.

Eksamen

G23. Aan die einde van elke akademiese jaar word 'n eksamen in elke kursus van 'n vak afgeneem of op sodanige ander tye as wat die Senaat mag goedkeur.

G24. 'n Student word nie tot die eksamen in 'n kursus toegelaat voordat een akademiese jaar verloop het sedert die eksamen waaraan hy die bevoegdheid ontleen het om as gematrikuleerde student geregistreer te word nie.

Hertoelatings

- G25. (1) Hertoelating mag aan studente geweier word op akademiese gronde.
- (2) Studente wat tweekeer sak in alle eerste of daaropvolgende jare se kursusse word nie oorweeg vir hertoelating nie.
- (3) 'n Student met slegs twee krediete na twee jaar se studie sal oorweeg word vir hertoelating mits hy bereid is om 'n nuwe studierigting te volg

HONNEURS-BACCALAUREUSGRADE

Vereiste kwalifikasies vir registrasie

G26. Om tot die studie toegelaat te kan word, moet 'n student 'n baccalaureusgraad verwerf het of, indien die Senaat dit goedkeur, kursusse voltooi het op grond waarvan baccalaureusstatus verleen kan word. Geen persoon sal as kandidaat toegelaat word tensy hy die toestemming van die Fakulteitsraad op aanbeveling van die departementshoof verkry het nie.

G27. Behoudens die algemene bevoegdheid van Universiteit om 'n student nie tot die studie toe te laat nie, moet 'n kandidaat, indien hy die baccalaureusgraad verwerf het (a) aan die Universiteit, sonder dat die beoogde vak een van sy hoofvakke was, of (b) aan 'n ander universiteit, die Universiteit aangaande sy bekwaamheid in daardie vak bevredig voordat hy tot die studie toegelaat kan word.

Keuse van fakulteit

G28. Indien die vak waarin 'n student wil studeer, voorkom in die lys vakke vir die honneursgraad in die fakulteit waarin hy die baccalaureusgraad verwerf het, neem hy die honneursgraad nie in 'n ander fakulteit nie.

- G29. (1) Geen student word tot die eksamen toegelaat nie tensy hy 'n goed-gekeurde leergang gedurende minstens een jaar gevolg het.
- (2) In die geval van 'n Honneurs-Baccalaureusgraad wat toegeken word sonder dat die kandidaat eers 'n Baccalaureusgraad verwerf het moet die kandidaat goedgekeurde kursusse voltooi ten minste gedurende die finale twee jaar van sy studie.

Herhaling van eksamen

G30. Sonder spesiale vergunning van die Senaat, mag niemand hom meer as twee maal vir eksamen in dieselfde departement aanmeld nie.

Vertaaltoets

G31. Wanneer 'n vertaaltoets vir die eksamen voorgeskryf is, word die punte in die toets behaal nie in die groot totaal van die eksamen opgeneem nie en kan 'n kandidaat wat tussen 45 en 49 persent in die toets behaal het, toegelaat word om na verloop van 'n tydperk deur die Universiteit bepaal 'n aanvullende eksamen af te lê.

Toelating

G32. Om tot die studie toegelaat te kan word, moet 'n kandidaat, behalwe waar in die fakulteitsreglemente anders bepaal word, die graad honneursbaccalaureus behaal het in die vak waarin hy wil studeer, en tot bevrediging van die Senaat bewys gelewer het aangaande sy bekwaamheid in die vak.

Duur van leergang

G33. Die graad word nie aan 'n kandidaat toegeken voordat minstens een jaar verloop het sedert hy die graad honneurs-baccalaureus of sodanige ander graad as wat voorvereis word, verwerf het nie.

Eksamen

G34. Die eksamen bestaan uit twee of meer skriftelike vraestelle of 'n verhandeling; of uit vraestelle en 'n verhandeling; of uit 'n verhandeling en 'n mondelinge eksamen, soos deur die Senaat bepaal op aanbeveling van die Fakulteitsrade. 'n Skriftelike eksamen, indien vereis, word afgeneem op sodanige tydstip as wat die Senaat mag bepaal.

G35. Sonder spesiale vergunning van die Senaat mag niemand meer as twee maal die eksamen skryf nie.

Verhandeling

G36. Voordat hy tot die studie toegelaat word, moet 'n student die titel van sy voorgestelde verhandeling, tesame met 'n opsomming van sy skema vir goedkeuring deur die Senaat voorlê.

G37. Elke student werk onder die leiding van die hoof van die betrokke departement (of die hoofde van die betrokke departemente) en op voorstel van die hoof van die betrokke departement (of die hoofde van die betrokke departemente) mag die Senaat besluit om hom te plaas onder leiding van een van die lektore in die betrokke departement (of in een van die betrokke departemente).

G38. Die titel van 'n verhandeling word vir 'n tydperk van vyf jaar goedgekeur waarna die student, indien nodig, jaarliks aansoek moet doen om verlenging.

G39. 'n Kandidaat wat die graad by die gradeplegtigheid van die volgende jaar wil ontvang, moet die verhandeling nie later nie as 31 Desember of, met spesiale toestemming van die departementshoof, 31 Januarie indien.

G40. Geen verhandeling word aangeneem nie indien dit voorheen vir 'n graad aan 'n ander universiteit ingedien is, maar materiaal uit publikasies van die kandidaat mag in die verhandeling beliggaam word. Die kandidaat moet saam met sy verhandeling 'n eksemplaar indien van elke verhandeling deur hom vir 'n ander graad aangebied, hetsy dit aanvaar is of nie.

G41. Die verhandeling moet bewys lewer van die kandidaat se vermoë tot akademiese navorsing; die taal moet suiwer wees en die tegniese afwerking in orde.

G42. Vir die doel van eksaminering moet 'n kandidaat drie eksemplare van sy verhandeling indien. Nadat die verhandeling goedgekeur is, en voordat die graad toegeken word, moet hy nog sodanige verdere eksemplare as wat nodig geag mag word indien, tesame met 'n opsomming van ongeveer 800 tot 1000 woorde, tensy spesiale goedkeuring verleen is om 'n kleiner getal in te dien.

G43. 'n Verhandeling moet in die reël in dubbelspasiering getik wees en moet behoorlik ingebind wees.

G44. Die titelblad van 'n verhandeling moet die volgende besonderhede bevat:

1. (die volle titel van die verhandeling).....
2. deur (die volle naam van die kandidaat).....
3. voorgelê ter gedeeltelike vervulling van 'n graad van Magisterin die Fakulteit van..... Van die Universiteit van Fort Hare.
4. Datum van indiening.....

G45. Indien 'n gedeelte van die voorgelegde verhandeling op die datum van indiening nie tot bevrediging van die Universiteit gepubliseer word of is nie het die Universiteit die reg om die werk in sy geheel of gedeeltelik vir navorsingsdoeleindes te reproduseer. Die Universiteit kan van hierdie reg afstand doen, mits die kandidaat bevredigende reëlings tref om die werk te publiseer.

G46. Fakulteite kan by die Senaat aanbeveel dat Meestersgrade toegeken word met lof.

DOKTORSGRADE

Toelating.

G47. Behoudens spesiale bepalinge in die fakulteitsreglemente moet 'n kandidaat, om tot die studie toegelaat te kan word, die graad magister behaal het in die fakulteit waarin hy wil studeer, en tot bevrediging van die Senaat bewys gelewer het aangaande sy bekwaamheid in die gekose studierigting. By registrasie benoem die Senaat 'n promotor of promotors.

Duur van leergang.

G48. Die graad word nie aan 'n kandidaat toegeken voordat twee jaar of sodanige langer tydperk as wat in die fakulteitsreglemente voorgeskryf is, verloop het sedert hy die magistergraad verwerf het nie.

Eksamen.

G49. (1) Die eksamen bestaan uit 'n verhandeling en, indien die Senaat dit voorskryf of die eksamenkommissie dit verlang, 'n mondelinge of skriftelike eksamen oor die onderwerp van die verhandeling en die betrokke vak as geheel.

(2) Die Senaat benoem 'n eksamenkommissie wat bestaan uit die promotor of promotors en ten minste twee eksterne eksaminatore.

G50. Geen kandidaat mag 'n verhandeling indien nie tensy hy die Senaat op aanbeveling van die promotor oortuig het dat hy 'n bevredigende kennis van die vak as geheel besit. Die Senaat kan buitendien 'n program van studie voorskryf waarvoor 'n kandidaat 'n doktorsale eksamen moet aflê voordat hy sy proefskrif mag indien.

G51. Sonder spesiale toestemming van die Senaat mag niemand hom meer as twee maal vir die eksamen aanmeld nie.

Verhandeling.

G52. Voordat hy tot die studie toegelaat word, moet 'n kandidaat die titel van sy voorgename verhandeling tesame met 'n samevatting van sy beoogde skema en navorsingsmetode vir goedkeuring van die Senaat voorlê.

G53. 'n Verhandeling moet bewys lewer van oorspronklike werk en moet 'n beslisse bydrae tot die kennis van en insig in die vak wees.

G54. Voorskrifte G39 en G45 is *mutatis mutandis* van toepassing vir 'n verhandeling. Die naam van die promotor moet op die titelbladsy verskyn. By voorlegging moet die verhandeling vergesel wees van 'n verklaring oor die mate waarin dit, in opset sowel as uitvoering, die kandidaat se eie werk is.

University of Fort Hare
Together in Excellence

FAKULTEIT TEOLOGIE

PERSONEEL

Dekaan :

Professor F. HECHT.

Ou Testamentiese Vakke en Hebreus :

*Professor: F. HECHT, Cand.Phil. (Halle), Cand.Theol. (Halle), Cand.Min. (Berlin),
D.D. (Pret.).

Lektor: N. L. A. TIDWELL, M.A. (Cantab. en Oxon.).

Nuwe Testamentiese Vakke en Pastorale Teologie :

*Professor: H. L. N. JOUBERT, M.A. (Stell.), M.Th. (Princeton), Th.D. (Amst.).

Sistematiese Teologie :

*Professor: R. H. R. LIDDELL, M.A. , D.D. (h.c.) (St. Andrews).

Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap :

*Professor: W. D. MAXWELL, B.A. (Toronto), Ph.D., D.Litt. (Edin.), Hon.D.D.
(Glasgow).

Sekretaresse/Tikster: Mevr. E. Wannenburg.



University of Fort Hare
Together in Excellence

N.B.—Die volgende regulasies van die Fakulteit moet saam met die algemene regulasies van die Universiteit as basis gelees word.

*Departementshoofde.

FAKULTEIT TEOLOGIE

GRADE EN DIPLOMAS

- Th.1. (i) Die volgende grade word in die Fakulteit uitgereik:
- | | |
|--|----------------|
| Baccalaureus Theologiae | B.Theol. |
| Honneurs-Baccalaureus Theologiae | Hons. B.Theol. |
| Magister Theologiae | M.Theol. |
| Doctor Theologiae | D.Theol. |
- (ii) Die volgende diploma word in die Fakulteit uitgereik: Diploma in Teologie.

Die Graad Baccalaureus Theologiae

Leergang

- Th.2. (i) Die lengte van die leergang is 'n minimum van 3 jaar en die volgende 12 kursusse moet aangebied word:
- Bybelkunde I, II, III.
 - Sistematiese Teologie I, II.
 - Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap I, II.
 - OF Sistematiese Teologie III OF Kerkgeskiedenis III
 - Pastorale Teologie I.
 - Wysbegeerte van die Godsdien en Vergelykende Godsdien I.
 - Klassieke Grieks I of Hellenistiese Grieks I
 - Hebreeus I.

- (ii) Die kursusse moet as volg saamgestel word:

Eerste studiejaar :

Bybelkunde I; Sistematiese Teologie I;
Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap I;
Wysbegeerte van die Godsdien en Vergelykende Godsdien I;
(Vorbereidende Grieks)

Tweede Studiejaar :

Bybelkunde II Sistematiese Teologie II;
Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap II;
Pastorale Teologie I; Grieks I.

Derde Studiejaar :

Bybelkunde III; Sistematiese Teologie III OF
Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap III;
Hebreeus I.

- (iii) Regulasies A4(1), (2), (3); 5, 9, 10, 11 van die Fakulteit van Lettere sal van toepassing wees mutatis mutandis.

- (iv) *Amptelike Tale :*

Alhoewel geen formele taalvereistes gestel word nie, word dit sterk aanbeveel dat 'n student ten minste 12 uur studietyd in die taallaboratorium sal wy aan 'n kursus in een of beide amptelike tale.

Die Graad Honneurs-Baccalaureus Theologiae

- Th.3. Om toegelaat te word tot die studiekursus, moet 'n student in besit wees van:

- (i) Die B.Theol.-graad.

- (ii) Die B.A.-graad met teologiese keusevakke, op voorwaarde-

(a) Dat hy die taalvereistes vir die B.Theol.-graad voltooi het;

(b) dat hy in Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap I en Pastorale Teologie I asook Wysbegeerte van die Godsdien en Vergelykende Godsdien I geslaag het;

(c) dat hy, tesaam met die honneurskursus, Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap II volg en slaag.

Th.4. Taalvereistes vir die Hons.B.Theol.:

Hebraeus II

Gricks II of Hellinistiese Gricks II.

Latin I of Spes ad Latin (virde Prosppektus van Fakulteit Lettere en Wysbegeerte)

'n Student n mag oeklyklyde met sy Hons.B.Theol. kursu, ook aan die taalvereistes voldoen.

Th.5. (i) Die minimum-lengte van die kursu is 2 jaar.

(ii) Die hoofstudierigting sal wees of Bybelkunde of Sistematiese Teologie of Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap. Die vakke wat nie vir die hoofstudierigting gekies is nie, sal tesame met Pastorale Teologie as byvakke geneem word.

(iii) Die eksamen sal uit 9 vraestelle van 3 uur elk bestaan: 6 oor die hoofstudierigting en 3 oor elkeen van die byvakke. Drie van hierdie vraestelle mag mondelings gedoen word.

(iv) Die eksamen mag of as een geheel of in twee dele afgedel word.

(v) Die graad sal met onderskeiding toegeken word aan 'n student wat 'n onderskeidingsgemiddelde van 75% in tenminste die helfte van sy eksamenvraestelle behaal het.

Die Graad Magister Theologiae

Th.6. *Toelating tot die kursu:*

'n Student moet in besit wees van Hons.B.Theol. of 'n graad wat deur die Senaat as van gelyke waarde beskou word.

Th.7. Die graad mag toegeken word vir 'n vak wat as hoofstudierigting vir die honneursgraad gekies was.

Th.8. *Eksamenvereistes:*

(i) Die eksamen sal uit 4 vraestelle van 3 uur elk, tesame met 'n verhandeling, bestaan.

(ii) Die graad mag nie met onderskeiding aan 'n student wat 'n onderskeidingsgemiddelde van 75% in sy eksamen en sy verhandeling behaal het, toegeken word.

Die Graad Doctor Theologiae

Th.9. (i) 'n Student sal in besit moes gewees het van die graad Magister Theologiae vir tenminste 2 jaar (of sal, tot bevreediging van die Fakulteit en goedgekeur deur die Senaat, van sy kwalifikasies tot toelating bewys moet lewer) voordat a an hom die graad van D.Theol. toegeken mag word.

(ii) Die leergang vir die graad bestaan uit hoof-onderwerpe en twee hulp-onderwerpe wat uit die volgende gekies moet word:

Bybelkunde	Ou Testament
Bybelkunde	Nuwe Testament
Sistematiese Teologie	Dogmatiek en Etiek
Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap	
Wysbegeerte van die Godsdien en Vergelykende Godsdien	
Pastorale Teologie	

(iii) 'n Student moet aan die volgende taalvereistes voldoen:

(a) *Ou Testament:*

(1) 'n tweede Semitiese taal op 'n beginnerse basis en 'n leeskennis van Duits.

(2) Hebraeus III indien deur die Senaat vereis.

(b) *Nuwe Testament:*

(1) 'n tweede Klassieke taal op 'n tweelinge basis en 'n leeskennis van Duits.

(2) Gricks III indien deur die Senaat vereis.

- (c) *Sistematiese Teologie* :
- (1) Latyn II tensy die Senaat vrystelling daarvan, op aanbeveling van die Fakulteit, verleen.
 - (2) 'n leeskenmis van Duits.
- (d) *Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap* :
- Latyn II, tensy die Senaat vrystelling daarvan op aanbeveling van die Fakulteit verleen, asook 'n leeskenmis van Duits of Frans.
- (e) *Pastorale Teologie* :
- Latyn II tensy die Senaat vrystelling daarvan op aanbeveling van die Fakulteit verleen, asook 'n leeskenmis van Duits of Frans.
- (f) *Wysbegeerte van die Godsdien en Vergelykende Godsdien* :
- 'n deeglike kennis in die taal wat deur die bepaalde studierigting vereis word.
- (iv) 'n Student sal homself vir 'n mondelinge eksamen voor die Fakulteit in sy hoof-onderwerp en die twee hulponderwerpe aanbied.
- Th.10. (i) 'n Student moet 'n tesis waarvan die onderwerp eers deur die Fakulteit en die Senaat goedgekeur is en wat 'n oorspronklike en belangrike bydrae tot die kennis van die behandelde onderwerp moet wees, voorlê.
- (ii) Die voorgelegde tesis moet ook bewys lewer van 'n deeglike vertrouetheid met die hele studierigting asook met die onderwerpe ten nouste daaraan verbonde.
- (iii) Die graad sal nie toegeken word nie voordat *een* jaar na die mondelinge eksamen verloop het. Die mondelinge eksamen sal afgelê word ten minste *een* jaar voordat die diploma aangebied word.
- Diploma in Teologie**
- Th.11. (i) 'n Kandidaat sal nie tot die kursus toegelaat word nie tensy hy ten minste 'n skooldiploma besit, of die Rard van die Fakulteit tevrede stel ten opsigte van sy rypleid en bevoegdheid om die kursus te onderneem.
- (ii) 'n Kandidaat vir die diploma moet die Universiteit bywoon vir nie minder as drie akademiese jaar nie.
- (iii) 'n Kandidaat moet in al die kursusse soos uiteengesit in die volgende leergang, geslaag het:
- Bybelkunde I, II, III.
Sistematiese Teologie I, II.
Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap I, II.
OF Sistematiese Teologie III OF Kerkgeskiedenis III.
Wysbegeerte van die Godsdien en
Vergelykende Godsdien I.
Hellenistiese Grieks I, of Hebreus I, of
Sosiale Antropologie I, of
Sielkunde I, of Xhosa I.
- (iv) 'n Kandidaat sal erkenning ontvang vir die onderwerpe waarin hy geslaag het, op voorwaarde dat hy homself nie vir eksamen aanmeld in meer as vyf onderwerpe in enige enkele jaar nie.

LEERPLANNE

KLASSIEKE HEBREEU

Kursus I: (2 vraestelle)

Vraestel 1: Taal.

- (a) Beginsels van die Hebreuse grammatika (skrif, klankleer, aksente, naamvalle van die voornaamwoord, sterk selfstandigernaamwoord, onreëlmatige selfstandige naamwoord, lidwoorde, getalle tot 100 en sterk werkwoorde met werkwoordebke byvoegsels).
- (b) Eenvoudige vertalings uit en in Hebreus.

Vraestel 2: Agtergrond.

- (a) Die aard van die Hebraïese taal en denke (Deel I).
- (b) Ou-Testamentiese geskiedenis en die Nabye Oosterse agtergrond daarvan vanaf die begin tot op die verwoesting van die Eerste Tempel.
- (c) Oorsig van Bybelse Aardrykskunde.

Kursus II: (2 vraestelle)

Vraestel 1: Taal.

- (a) Beginsels van die Hebraïese grammatika (swak werkwoorde en daarvan afgeleide selfstandige naamwoorde, vergelyking, lidwoorde) met vertalings uit en in Hebraïes.
- (b) Beginsels van Hebraïese sinsbou, met toepaslike oefeninge.
- (c) Taalkundige studie van 15 hoofstukke uit die historiese en tien hoofstukke uit die profetiese letterkunde van die Ou Testament.

Vraestel 2: Agtergrond en Teks.

- (a) Die aard van die Hebraïese taal en denke (Deel II).
- (b) Die geskiedenis van die Jode vanaf die verwoesting van die Eerste Tempel tot die verwoesting van die Tweede Tempel.
- (c) 'n Oorsig van Bybelse Oudheidskunde.
- (d) Die teks van die Ou Testament.

Kursus III: (2 vraestelle)

Vraestel 1: Taal.

- (a) Kenmerke van die Hebraïese taal en sy plek onder die Semitiese tale.
- (b) Taalkundige studie van tien hoofstukke uit die moeiliker profetiese boeke en tien vanuit die poetiese en wysheid letterkunde van die Ou Testament. Enige tekste uit Jesus Sirach en uit 'n Mishna-tekst.

Vraestel 2: Arameses of Ugarities.

- (a) Inleidende grammatika en in breek trekke die letterkunde van of die Aramese of die Ugaritiese taal.
- (b) Vertaling van voorbereide en onvoorbereide tekste in Engels.

HELLENISTIESE GRIEKS

Toelatingsverste.

Om tot Hellenistiese Grieks I toegelaat te word, moet 'n student

- (a) 'n voorbereidende kursus in Hellenistiese Grieks afgele het wat die volgende omvat:-
 - 'n Studie van die grammatika (vormleer en sintaksis) van Hellenistiese Grieks;
 - Vertaling van sinne en of passasies uit en in Grieks; en 'n Oorsig van Christelike Griekse literatuur.
- (b) Die Hoof van die Departement daarvan oortuig dat hy genoegsame kennis van die taal besit.

Hellenistiese Grieks I

(Twee vraestelle)

1. Formele grammatika van Hellenistiese Grieks.
2. Oefeninge in onvoorbereide vertaling en eenvoudige vertalings uit Engels in Grieks.

3. 'n Studie van hoofstukke uitgesoek uit die volgende voorgeskrewe boeke:
 - (a) Die Griekse Nuwe Testament: *Johannes*.
 - (b) Die *Didache*.
 - (c) Clemens Romanus: *Eerste Brief aan die Korinthiërs*. (Vertaling, grammatiese verklaring, inhoud en agtergrond).
4. 'n Oorsig van die Griekse geskiedenis in die Hellenistiese tydvak (336-31 v. Chr.), met besondere verwysing na die Hellenistiese staatsvorm en na kulturele strominge van die tyd.

Hellenistiese Grieks II

(Drie vraestelle)

1. 'n Studie van die Hellenistiese Griekse grammatika, sistematies en in verband met die geskiedenis van die Griekse taal.
2. Oefeninge in onvoorbereide vertaling en prosa stelwerk.
3. 'n Studie van die volgende voorgeskrewe boeke:
 - (a) Die Griekse Nuwe Testament: *Die Handeling van die Apostels*.
 - (b) Plato: *Die Apologie*.
 - (c) Clemens Romanus: *Eerste Brief aan die Korinthiërs*.
 - (d) Anon.: *Die Brief aan Diognetus*.
 - (e) Clemens Alexandrinus: *Vermanende rede aan die Grieke*.
Vertaling, grammatiese aantekening, uitleg van die verband en inhoud, en vrae van 'n letterkundige aard.
4. 'n Oorsig van die Pratrhistiese Griekse Literatuur.
5. 'n Oorsig van die Griekse geskiedenis van ongeveer 1200 to 323 v. Chr., met besondere verwysing na die *polis*, die godsdiens en die denke.



University of Fort Hare
(A) B.A. EN B. THEOL.
Together in Excellence

I: Bybelkunde.

Kursus I:

Afdeling A: Ou testament.

- (a) 'n Inleidende studie tot die hulpvakke by die bestudering van die Ou Testament.
- (b) 'n Algemene inleiding tot die bestudering van die Ou Testament.
- (c) 'n Oorsig van die geskiedenis van Israel.
- (d) 'n Studie van uitgesoekte gedeeltes van die „R.S.V.” in verband met die opvatting van „Geskiedenis” in Ou Israel.

Afdeling B: Nuwe Testament.

- (a) 'n Inleidende studie tot die hulpvakke by die bestudering van die Nuwe Testament.
- (b) 'n Algemene inleiding tot die bestudering van die Nuwe Testament.
- (c) 'n Oorsig van Nuwe-Testamentiese geskiedenis en inhoud.
- (d) Voorgeskrewe hoofstukke uit die Sinoptiese Evangelies („R.S.V.”) vir verklaring.

Kursus II:

Vraestel 1: Ou Testament.

- (a) 'n Inleiding tot vorms en voorgeskiedenis van die Ou Testamentiese letterkunde.
- (b) 'n Inleiding tot die Ou-Testamentiese letterkunde vanaf sy begin tot aan die Ballingskap.
- (c) Die godsdienslike en toeloesende boodskap van die Ou Testament (Deel D).

Vraestel 2: Nuwe Testament.

- (a) 'n Inleiding tot die Evangelies, Handelingen en die Pauliniese briewe.
- (b) 'n Inleiding tot die kulturele en godsdienstige agtergrond van die vroeë Christendom.
- (c) 'n Sistematiese oorsig van die boodskap van die Sinoptiese Evangelies en die Pauliniese briewe.

Kursus III:

Vraestel 1: Ou Testament.

- (a) 'n Inleiding tot die Ou-Testamentiese letterkunde na die Ballingskap.
- (b) Die godsdienstige en teologiese boodskap van die Ou Testament (Deel II).
- (c) Kanongeskiedenis van die Ou Testament.

Vraestel 2: Nuwe Testament.

- (a) 'n Inleiding tot die nie-Pauliniese briewe en die boek van Openbaring.
- (b) 'n Oorsig van die boodskap van die skrywer van Hebreërs en van Johannes.
- (c) Kanongeskiedenis van die Nuwe Testament.

Vraestel 3: Skriftoelating.

Afdeling A: Ou Testament.

- (a) Die verskeie getuies in verband met die teks van die Ou Testament
- (b) Die Hermeneutiek van die Ou Testament.
- (c) Voorgeskrewe gedeeltes van die „R.S.V.” vir verklaring.

Afdeling B: Nuwe Testament.

- (a) Die verskeie getuies in verband met die teks van die Nuwe Testament.
- (b) Die Hermeneutiek van die Nuwe Testament.
- (c) Voorgeskrewe gedeeltes van die „R.S.V.” vir verklaring.

II. Sistematiese Teologie

Kursus I.

- 1. Algemene inleiding tot die studie van Sistematiese Teologie.
- 2. Verhouding van sistematiese Teologie tot
 - (a) Wetenskap
 - (b) Wysbegeerte.
- 3. Onderzoek in verband met die betekenis van Christelike dogmatiese formules.
- 4. Inleiding tot Christelike etiek.

Kursus II.

Vraestel 1:

- 1. Die Christelike leer van God.
- 2. Die Christelike leer van die Heilige Drie-Eenheid.
- 3. Die Christelike leer van die Persoon van Christus.

Vraestel 2:

- 1. Die Christelike leer van die Heilige Gees.
- 2. Die Christelike leer van die Skepping en Voorsienigheid.
- 3. Christelike Etiek as die Goddelike Opdrag.

Kursus III.

Vraestel 1:

- 1. Die Christelike leer van Versoening en Verlossing.
- 2. Die Christelike leer van die Kerk en die Sakramente.

Vraestel 2:

- 1. Die Christelike leer van die mens en sonde.
- 2. Eskatologie.
- 3. Die Koninkryk van God.

Vraestel 3:

- 1. Christelike Etiek – Die leer van Christus en van Paulus.
- 2. Christelike en Wysgerige onderrig in verband met Etiek.
- 3. Studie in verband met Agape en Fros.
- 4. Hedendaagse Etiese Teorieë.

III. Kerkgeskiedenis en sendingwetenskap

Kursus I:

- (a) Algemene oorsig van die Kerkgeskiedenis.
- (b) 'n Spesiale studie van die na-Reformatoriese Kerkgeskiedenis tot op die moderne tydperk.

Kursus II:

Vraestel 1:

Die Middeleeuse Kerkgeskiedenis.

Vraestel 2:

Die Hervorming en die Teen-Hervorming.

Kursus III:

Vraestel 1:

Die eerste ses eeue tot Gregorius die Grote.

Vraestel 2:

- (a) Die probleem van die betekenis van geskiedenis.
- (b) Die Kerk en Kerkgeskiedenis.
- (c) Geskiedenis van dogmas in die vierde en vyfde eeue.

Vraestel 3:

- (a) Hedendaagse Kerkgeskiedenis met spesiale verwysing na Suid-Afrika.
- (b) 'n Inleiding tot die Teorie van Sendingwerk.

IV. Pastoraal Teologie I.



Afdeling A:

Christus en Sy Kerk:

1. Plek van Praktiese Teologie in die Kerk en die Teologie.
2. Geskiedkundige oorsig.
3. Christus en Sy Kerk.

Afdeling B:

Die Kerk en sy Aanbidding:

1. Die Liggaam van Christus
2. Die Woord en die Sakrament.
3. Die Aanbidding.

V: Vergelykende Godsdiens en Wysbegeerte van die

Godsdiens I

(Een Vraestel)

Afdeling A:

Vergelykende Godsdiens.

1. Inleidend: met spesiale verwysing na
 - (i) Afrika en
 - (ii) Christendom.
2. Uitgesoekte godsdiens-onderwerpe: Primitiewe godsdienste; Magie en Religie; die godsdienste van Afrika, Hinduisme, Judaïsme, Islam.

Afdeling B:

Wysbegeerte van die Godsdiens.

1. Inleidend: Die resultate van hedendaagse navorsing; waarde- en waarheid probleme; die verhouding van Religie, Openbaring en Wysbegeerte.
2. Godsdiens en Godsdienste in die werke van K. Barth en E. Brunner.

(B) HONS. B.THEOL.

I: LEERPLAN VIR HONS. B.THEOL. IN BYBELKUNDE MET
HOOFDRIGTING OU TESTAMENT.

Vraestel 1:

(a) 'n Oorsig van Outydkunde en geskiedenis van die Nabye Ooste, belangrik vir die lewe en instellings van Ou Israel.

(b) 'n Studie van die tussen-Testamentiese tydperk en sy kulturele, letterkundige en ideologiese agtergrond.

(c) Voorbeelde van die beginsels van tekskritiek geneem van die Biblia Hebraica.

Vraestel 2:

Eksegetiese studie (insluitend grammaties-historiese en teologiese gegewens) van ongeveer 15 voorgeskrewe hoofstukke uit verskillende dele van die Ou Testament (met gebruikmaking van die Hebreeuse teks).

Vraestel 3:

'n Geskiedkundige en kritiese bestudering van die toonaangewende skole van die Ou-Testamentiese verklaring.

Vraestel 4:

Teologie van die Ou Testament met besondere verwysing na God, die mens, die offerstelsel, die Messiaanse Hoop.

Vraestel 5:

Ou Testament—Nuwe Testament Tussenverhouding:

(a) die belangrikheid van die Ou Testament vir die verstaan van die Christus gebeure in die Nuwe Testament.

(b) die verskille tussen die opvattinge van die Ou-Testamentiese Kanon in die Sinagoge en die Kerk.

(c) Die aard van Paulus se teologiese kritiek op die Ou Testament.

Vraestel 6:

(a) Eksegetiese studie (insluitend grammaties-historiese en teologiese gegewens) van ongeveer ses voorgeskrewe hoofstukke uit verskillende dele van die Nuwe Testament (met gebruik-making van die Griekse teks).

(b) Die eenheid en die verskeidenheid van die openbaring van God in die Nuwe Testament.

II: LEERPLAN VIR HONS. B.THEOL. IN BYBELKUNDE MET
HOOFDRIGTING NUWE TESTAMENT

Vraestel 1:

(a) Kultuurhistoriese en religieuse agtergrond van die Nuwe Testamentiese tyd.

(b) Oorsig van die tussen-Testamentiese tydperk.

(c) Voorbeelde van die beginsels van tekskritiek geneem uit die Griekse Nuwe Testament.

Vraestel 2:

Eksegetiese studie (insluitend grammaties-historiese en teologiese gegewens) van ongeveer 20 voorgeskrewe hoofstukke uit verskillende dele van die Nuwe Testament (met gebruikmaking van Griekse teks).

Vraestel 3:

'n Geskiedkundige en kritiese bestudering van die toonaangewende skole van Nuwe-Testamentiese verklaring.

Vraestel 4:

Die eenheid en die verskeidenheid van die openbaring van God in die Nuwe Testament.

Vraestel 5:

- (a) Die verwantskap tussen die Nuwe en die Ou Testament.
- (b) Die konsep van 'n Nuwe-Testamentiese Kanon.
- (c) Die Ou Testament en die Messiaanse bewussyn van Jesus.

Vraestel 6:

- (a) Eksegetiese studie (insluitende grammaties-histories en teologiese gegewens) van ongeveer 6 voorgeskrewe hoofstukke uit verskillende dele van die Ou Testament (met gebruikmaking van die Hebreuse teks).
- (b) Teologie van die Ou Testament met besondere verwysing na God, die mens, die offerstelsel, die Messiaanse Hoop.

III: LEERPLAN VIR HONS. B.THEOL. MET HOOFFRIGTING SISTEMATIESE TEOLOGIE.

Vraestel 1:

Oorsig van die Prolegomena tot die Dogmatiek en 'n kort oorsig van die Teologie van die 19de en 20ste eeue wat tot die huidige Dogmatiese situasie gelei het.

Vraestel 2:

Oorsig van die mees belangrike vraagstukke in verband met Kommunikasie, Sending, en die konfrontasie tussen Dogmatiek, Filosofie en die Wetenskap teenswoordig.

Vraestel 3:

'n Keuse van 'n hoofrigting in Dogmatiek uit: die leer van die Woord; OF die leer van God; OF die Skeppingsleer; OF die leer van die Versoening; OF die leer van die Volcinding.

Vraestel 4:

'n Keuse van 'n hoofrigting in die Christelike Etiek.

Vraestel 5:

Spesialisering en bronbestudie:

- (a) Luther en Lutheranisme OF Calvyn en Calvinisme OF die Hervorming in Frankryk OF in Holland OF in Engeland OF in Skotland, OF
- (b) Spesifieke probleme ten opsigte van Ekklesiologie, Pneumatologie, Missiologie en „Oikumene“.

Vraestel 6:

'n Bestudering van 'n eie tydse Teoloog.

IV: LEERPLAN VIR HONS. B.THEOL. MET HOOFFRIGTING KERKGESKIEDENIS EN SENDJINGWETENSKAP.

Vraestel 1:

- (a) Die ontwikkeling en metodes van Kerklike geskiedskrywing.
- (b) Bestudering van 'n belangrike tydvak van kerkstellige ontwikkeling

Vraestel 2:

'n Spesiale studie in Kerkgeskiedenis en die geskiedenis van Kerkstellige vanuit die oorspronklike bronne wat deur een van die volgende tydvakke behandel word:

- (a) die vroeë tydvak tot op Gregorius I
OF
- (b) die Middeleeue
OF
- (c) die Hervorming of die Teen-Hervorming
OF
- (d) Na-Hervormings tydvak.

Vraestel 3:

Die Geskiedenis van die Sending: Een van die volgende onderwerpe:

- a) Kerstening van die Germaanse stamme
OF
- b) Sendingondernemings in die Middel-eeue
OF
- c) Kerstening van Afrika suid van die Sahara
OF
- d) wêreldsending van die Kerk in die 20ste eeu.

Vraestel 4:

Bestudering van die lewe en die werk van:

- (a) 'n Kerkvader.
- (b) Een van die Hervormers.

Vraestel 5:

n Bestudering van die volgende Konsilie:

- a) Trente
- b) Eerste en Tweede Vatikaanse Konsilie.

Vraestel 6:

Torie van die Sending:

- 1. Die Christelike boodskap in 'n nie-Christelike wêreld.
- 2. Sending en Kerk.
- 3. Sending en die „Okumene“.



V: HONS.B.THEOL. LEERPLAN VIR PASTORALE TEOLOGIE.

Vraestel 1:

Vernuwing van die Kerk:

- 1. Die prediking.
- 2. Die liturgie.
- 3. Sang en musiek.
- 4. Die leke-beweging.

University of Fort Hare
Together in Excellence

Vraestel 2:

Afdeling A:

Die Nuwe Mens in die Kerk:

- 1. Die grondlegging.
- 2. Die opbouing.
- 3. Die Sending.

Afdeling B:

Pastorale sielkunde.



University of Fort Hare
Together in Excellence

LIVINGSTONE-GEBOU

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Akademiese Personeel

Handelsreg :

Professor: Vakant.

Senior Lektor: G.S. WOOD, B.A., LL.B. (Natal) (Hoof van die Departement)

Privaatreg :

Senior Lektor: F.A. DE VILLIERS, B. Comm., LL.B. (Potch.)
(Hoof van die Departement)

Senior Lektor: W. DE HAAN, B.A., LL.B. (Stell.)

Senior Lektor: M.L. LUPTON, B.A. (Hons), LL.B. (U.O.V.S.)

Lektor: B. S. KOYANA, B.A., LL.B. (S.A.)

Lektor: Vakant.


Publiekreg :

Professor: J. B. THOM, B.A., LL.B. (Stell.) (Hoof van die Departement en Dekaan
van die Fakulteit)

Senior Lektor: J. LABUSCHAGNE, M.A. (Pret.), LL.B. (S.A.)

Senior Lektor: Vakant.

Sekretaresse/Tikster: Mev. L. I. TERWIN.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Grade en Sertifikate in Regsgeleerdheid

L1. Die volgende grade word uitgereik:—

- (1) Baccalaureus Juris (3 jaar).....B.Juris
- (2) Baccalaureus Juris (4 jaar).
- (3) Baccalaureus LegumLL.B.
- (4) Magister LegumLL.M.
- (5) Doctor LegumLL.D.

L2. Die volgende sertifikate word verleen:—

- (1) Prokureurstoelatingsertifikaat
- (2) Staatsdienssertifikaat in die Regte.

Regulasies

(Gelees te word met die Algemene Regulasies in die Jaarboek):

Vrystelling :

L3. 'n Student kan op grond van voorafgaande studie vrystel word van nie meer as helfte van die kursusse vir enige bepaalde graad of sertifikaat voorgeskryf; met dien verstande, egter, dat kandidate wat in besit is van 'n B. Juris.-graadsertifikaat geregtig sal wees tot vrystelling van hoogstens drie kursusse meer as helfte van die kursusse vir die LL.B.-graad voorgeskryf, in welke geval dit van bedoelde kandidate vereis sal word om een bykomende kursus vir elk van die drie kursusse voormeld te neem.

Nie-graad en nie-sertifikaat doeleindes:

L4. Slegs een kursus mag vir nie-graad en nie-sertifikaat doeleindes geneem word. 'n Sodanige kursus mag in enige studiejaar geneem word; met dien verstande dat nie meer as twee bykomende kursusse (ingeslote kursusse wat herhaal word) tot die voorgeskrewe kursusse in enige studie-jaar geneem mag word nie.

Volgorde van kursusse :

L5. Op aanbeveling van die Fakulteit, en met die goedkeuring van die Senaat, mag 'n student 'n ander as die in L11, L15, L20, L22, L23, L31 en L35 voorgeskrewe volgorde van kursusse kies.

Toelating tot eksamens :

L6. 'n Student word nie tot die eksamen in enige kursus toegelaat nie tensy hy 'n jaarsyfer van minstens 40% behaal het.

Slaagsyfer :

L7. Ten einde in enige kursus te slaag, moet 'n kandidaat minstens 40% in die eksamen behaal, en, bykomend daartoe, 'n gemiddeld vir die jaarsyfer en die eksamen van minstens 50%, en vir hierdie doeleindes dra die jaarsyfer en die eksamensyfer gelyke gewig.

Onderskeiding :

L8. 'n Kursus word met onderskeiding geslaag indien 'n kandidaat 'n slaagsyfer van minstens 75% behaal.

Aanvullende eksamens :

L9. 'n Kandidaat word nie tot 'n aanvullende eksamen in enige vak toegelaat nie, behalwe met vergunning van die Senaat op aanbeveling van die Fakulteitsraad vir die Regsgeleerdheid.

Baccalaureus Juris (3 jaar)

Toelating tot studie :

L10. Om tot die studie toegelaat te word, moet 'n student 'n Matrikulasië- of 'n Matrikulasiëvrystellingsertifikaat besit, of 'n sertifikaat van voorwaardelike vrystelling van matrikulasië uitgereik aan studente van die buiteland.

Leergang :

L.11. Die Kursusse is soos volg:

Eerste jaar :

- (i) Inleiding tot die Reg.
- (ii) Privaatreg I.
- (iii) Privaatreg II.
- (iv) Naturelle-administrasie I of Staatsleer I of Latyn (Spesiale kursus) of Latyn I.
- (v) Uitleg van Wette (halwe kursus).

Tweede jaar :

- (i) Strafrege.
- (ii) Bewysrege.
- (iii) Handelsrege I.
- (iv) Staats- en Administratiefrege.
- (v) Strafprosesrege.

Derde jaar :

- (i) Privaatreg III.
- (ii) Handelsrege II.
- (iii) Romeinse Rege.
- (iv) Siviele Prosesrege.
- (v) Internasionale Privaatreg (halwe kursus).

Afsl. van leergang :

L.12. (1) Om tot die tweede jaar van die kursus toegelaat te kan word, moet 'n student minstens drie volle kursusse van die eerste jaar voltooi het; met dien verstande dat indien drie volle kursusse of twee volle kursusse en een halwe kursus van die eerste jaar onvoltooid is, een kursus van die tweede jaar tesame met die onvoltooid eerstejaars kursusse geneem mag word. Om tot die derde jaar toegelaat te kan word, moet 'n student al die kursusse van die eerste jaar en minstens drie kursusse van die tweede jaar voltooi het; met dien verstande dat indien drie kursusse van die tweede jaar onvoltooid is, een kursus van die derde jaar tesame met die onvoltooid kursusse geneem mag word.

(2) 'n Student verkry erkenning vir afsonderlike kursusse waarin hy geslaag het, maar in die derde jaar slegs indien hy minstens twee kursusse van die betrokke jaar gelyktydig geslaag het.

Slaag met lof :

L.13. Om die graad met lof te behaal moet 'n kandidaat in al die kursusse van die finale jaar gelyktydig slaag, drie waarvan met onderskeiding, en 'n gemiddelde van 70% behaal.

Baccalaureus Juris (4 jaar)

Toelating tot studie :

L.14. Om tot die studie toegelaat te word, moet 'n student 'n Matrikulasi- of 'n Matrikulasi-erystellingsertifikaat besit, of 'n sertifikaat van voorwaardelike erystelling van matrikulasi uitgereik aan studente van die buiteland.

Leergang :

L.15. Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar :

- (i) Inleiding tot die Reg.
- (ii) Privaatreg I.
- (iii) Privaatreg II.
- (iv) Naturelle-Administrasie I of Staatsleer I of Latyn (Spesiale kursus) of Latyn I of Engels I.
- (v) Uitleg van Wette (halwe kursus).

Tweede jaar :

- (i) en (ii) Engels I en een, of indien Engels I reeds geslaag is, twee van die volgende:
Naturele-Administrasie I of Staatsleer I of Latyn (Spesiale kursus) of Latyn I of Afrikaans-Nederlands I.
- (iii) Strafred.
- (iv) Handelsreg I.

Derde jaar :

- (i) Afrikaans-Nederlands I of, indien reeds geslaag, een van die volgende:
Naturele-Administrasie I of Staatsleer I of Latyn (Spesiale kursus) of Latyn I.
- (ii) Bewysreg.
- (iii) Staats- en Administratiefreg.
- (iv) Strafprosedereg.

Vierde jaar :

Soos in die Derde jaar van die B.Juris (3 jaar).

Aflê van leergang :

L16. (1) Om tot die tweede jaar van die leergang toegelaat te kan word, moet 'n student minstens drie volle kursusse van die eerste jaar voltooi het; met dien verstande dat indien drie volle kursusse of twee volle kursusse en een halwe kursus van die eerste jaar onvoltooid is, een kursus van die tweede jaar tesame met die onvoltooid eerstejaarskursus geneem mag word. Om tot die derde jaar toegelaat te kan word, moet 'n student minstens drie volle kursusse van die tweede jaar voltooi het; met die verstande dat indien drie volle kursusse van die tweede jaar onvoltooid is, een kursus van die derde jaar tesame met die onvoltooid kursusse geneem mag word. Om tot die vierde jaar toegelaat te kan word, moet 'n student al die kursusse van die eerste en tweede jaar en minstens drie volle kursusse van die derde jaar voltooi het; met dien verstande dat indien drie kursusse van die derde jaar onvoltooid is, een kursus van die vierde jaar tesame met die onvoltooid kursusse geneem mag word.

(2) 'n Student verkry erkenning vir afsonderlike kursusse waarin hy geslaag het, maar in die vierde jaar slegs indien hy minstens twee kursusse van die betrokke jaar gelyktydig geslaag het.

(3) 'n Student wat hom vir toelating as prokureur wil kwalifiseer, en nie Latyn by die Matrikulasie-eksamen geslaag het of op grond van 'n ander eksamen van hierdie vereiste vrygestel is nie, moet in ag neem dat die reëls betreffende die toelating van prokureurs vereis dat hy in Latyn (Spesiale kursus) geslaag het indien hy vir Romeinse Reg wil inskryf.

Slaag met lof :

L17. Om die graad met lof te behaal moet 'n kandidaat al die kursusse van die finale jaar gelyktydig slaag, drie waarvan met onderskeiding, en 'n gemiddelde van 70% behaal.

Baccalaureus Legum

Toelating tot studie :

L18. Om tot die studie toegelaat te kan word moet 'n student 'n Baccalaureusgraad besit.

Algemene Leergang :

- L19. (i) Inleiding tot die Reg.
- (ii) Persone- en Familiereg (Privaatreg I).
- (iii) Sake- en Erfreg. (Privaatreg II).
- (iv) Uitleg van Wette (halwe kursus).
- (v) Internasionale Privaatreg (halwe kursus).
- (vi) Strafred.
- (vii) Bewysreg.
- (viii) Maatskappyereg, Vennootskapsreg en Insolvensiereg (Handelsreg I).

- (ix) Staats- en Administratiefreg.
- (x) Romeine Reg.
- (xi) Kontrakte- en Deliktereg (Privaatreg III)
- (xii) Strafprosesreg.
- (xiii) Siviele Prosesreg.
- (xiv) Versekeringsreg, Immaterieelgoederereg en Verhandelbare Dokumente (Handelsreg II).
- (xv) Gevorderde Privaatreg A.
- (xvi) Sosiale en Ekonomiese Wetgewing.
- (xvii) Volkereg.
- (xviii) Gevorderde Staats- en Administratiefreg.
- (xix) Gevorderde Strafrege.
- (xx) Gevorderde Prosesreg.
- (xxi) Gevorderde Privaatreg B (een semester*)
- (xxii) Regsfilosofie.
- (xxiii) Regsvergelyking of Bantoereg.
- (xxiv) Engels I of Engels (Spesiale kursus).
- (xxv) Afrikaans-Nederlands I of Afrikaans (Spesiale kursus).
- (xxvi) Latyn I.

Benewens die voorgaande, moet 'n skripsie van 'n beperkte omvang, goedgekeur deur die Fakulteitsraad, aan die einde van die eerste semester van die finale jaar ingehandig word.

Ooreenkomstig Reglement L3. mag die volgende bykomende kursusse voorgeskryf word:

- (i) Handelsreg III.
- (ii) Welke van Regsvergelyking of Bantoereg nog nie geslaag is nie.
- (iii) Naturelle Administrasie I.

Leergang volgende op Baccalaureus Juris (3 jaar) :

L20. (1) Die kursusse is soos volg

Eerste jaar (vierde studiejaar)

- (i) Gevorderde Privaatreg A.
- (ii) Sosiale en Ekonomiese Wetgewing.
- (iii) Volkereg.
- (iv) en (v) Twee van Engels I (of Engels Spesiale kursus), Afrikaans-Nederlands I (of Afrikaans Spesiale kursus), of Latyn I.
- (vi) Regsvergelyking of Bantoereg.

Tweede jaar (vyfde studiejaar) :

- (i) Gevorderde Staats- en Administratiefreg.
- (ii) Gevorderde Strafrege.
- (iii) Gevorderde Privaatreg B (een semester*)
- (iv) Gevorderde Prosesreg.
- (v) Regsfilosofie.
- (vi) Welke van Engels I (of Engels Spesiale kursus), Afrikaans-Nederlands I (of Afrikaans Spesiale kursus), of Latyn I nog nie geslaag is nie.
- (vii) Skripsie.

*Die eksamen in hierdie kursus sal aan die einde van die eerste semester afgeneem word.

(2) Om tot die tweede jaar van die leergang toegelaat te kan word, moet 'n student minstens drie volle kursusse van die eerste jaar voltooi het; met dien verstande dat indien drie volle kursusse van die eerste jaar onvoltooid is, een kursus van die tweede jaar tesame met die onvoltooid eerstejaarskursusse geneem mag word.

(3) 'n Student verkry erkenning vir afsonderlike kursusse waarin hy geslaag het, maar in die tweede jaar slegs indien hy gelyktydig in minstens vier kursusse van die betrokke jaar geslaag het (waarvan die skripsie een mag wees).

Leergang volgende op Baccalaureus Juris (4 jaar) :

L21. (1) Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar (vyfde studiejaar) :

- (i) Gevorderde Privaatreg A.
- (ii) Sosiale en Ekonomiese Wetgewing.
- (iii) Volkereg.
- (iv) Regsvergelyking of Bantoereg.
- (v) Handelsreg III.
- (vi) Latyn I of Naturelle-administrasie I.

Tweede jaar (sesde studiejaar) :

- (i) Gevorderde Staats- en Administratiefreg.
 - (ii) Gevorderde Strafrege.
 - (iii) Gevorderde Prosesreg.
 - (iv) Gevorderde Privaatreg B (een semester*)
 - (v) Regsfilosofie.
 - (vi) Bantoereg of Regsvergelyking (welke een nog nie geslaag is nie).
 - (vii) Skripsie.
- (2) Soos in L20. (2).
- (3) Soos in L20. (3).

*Die eksamen in hierdie kursus sal aan die einde van die eerste semester afgeneem word.

Leergang volgende op Baccalaureus Artium (met agt krediete) :

L22. (1) Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar (vierde studiejaar) :

- (i) Uitleg van Wette (halwe kursus).
- (ii) Internasionale Privaatreg (halwe kursus).
- (iii) Strafrege.
- (iv) Bewysreg.
- (v) Handelsreg I.
- (vi) Welke van Engels I (of Engels Spesiale kursus), Afrikaans-Nederlands I (of Afrikaans Spesiale Kursus), Latyn I, of Staats- en Administratiefreg nog nie geslaag is nie.

Tweede jaar (vyfde studiejaar) :

- (i) Gevorderde Privaatreg A.
- (ii) Handelsreg II.
- (iii) Strafprosesreg.
- (iv) Siviele Prosesreg.
- (v) Sosiale en Ekonomiese Wetgewing.
- (vi) Volkereg.

Derde jaar (sesde studiejaar) :

Soos vir die tweede jaar Baccalaureus Legum volgende op Baccalaureus Juris (3 jaar).

(2) Soos in L12. (1).

(3) 'n Student verkry erkenning vir afsonderlike kursusse waarin hy geslaag het, maar in die derde jaar slegs indien hy in minstens vier kursusse van die betrokke jaar gelyktydig geslaag het (waarvan die skripsie een mag wees).

Leergang volgende op Baccalaureus Commercii (met agte krediete) :

L23. (1) Die kursus is soos volg:

Eerste jaar (vierde studiejaar) :

- (i) Persone- en Familiereg.
- (ii) Uitleg van Wette (halwe kursus).
- (iii) Internasionale Privaatreg (halwe kursus).
- (iv) Strafrege.

- (v) Romeinse Reg.
- (vi) Welke van Engels I (of Engels Spesiale kursus), Afrikaans-Nederlands I (of Afrikaans Spesiale kursus), of Latyn I nog nie geslaag is nie.

Tweede jaar (vyfde studiejaar) :

- (i) Gevorderde Privaatreg A.
- (ii) Bewysreg.
- (iii) Staats- en Administratietreg.
- (iv) Strafprosesreg.
- (v) Siviele Prosesreg.
- (vi) Volkereg.

Derde jaar (sesde studiejaar) :

Soos vir die tweede jaar Baccalaureus Legum volgende op Baccalaureus Juris (drie jaar).

- (2) Soos in L.12. (1).
- (3) Soos in L.22. (3).

Slaag met lof :

L.24. Om die graad met lof te verwerf moet 'n kandidaat 'n gemiddelde van 70% vir al die regskursusse behaal het en daarbenewens 'n onderskeidingspunt in vyf van die finale jaarkursusse behaal (waaraan die skripsie een mag wees).



Toelating tot studie :

L.25. Die graad word nie toegeken nie voordat ten minste een jaar verloop het sedert verwerwing van die Baccalaureus Legum of gelykwaardige graad.

Voorsies :

- L.26. (1) 'n Verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp.
- (2) 'n Mondelinge eksamen oor die bepaalde gebied van die verhandeling voordat die verhandeling vir beoordeling ingedien word.
- (3) Die Algemene Reglemente betreffende Magistersgrade is *mutatis mutandis* van toepassing.

Slaag met lof :

- L.27. Die graad mag met lof verwerf word.

Doctor Legum

Toelating tot studie :

L.28. Die graad word nie toegeken nie voordat ten minste drie jaar verloop het sedert verwerwing van die Baccalaureus Legum of gelykwaardige graad.

Voorsies :

- L.29. (1) (i) 'n Profskrif oor 'n goedgekeurde onderwerp.
- (ii) 'n Mondelinge eksamen oor die bepaalde vakgebied van die profskrif voordat die profskrif vir beoordeling ingedien word.
- (iii) Die Algemene Reglemente betreffende Doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing.
- (2) Die graad Doctor Legum mag ook op grond van verdienstelike gepubliseerde werk toegeken word.

Staatsdienssertifikaat in die Regte

Toelating tot studie :

L.30. Slegs houers van 'n Senior- of Matrikulasi- of 'n Matrikulasierystelling- sertifikaat of 'n sertifikaat van voorwaardelike vrystelling van matrikulasië, soos uitgereik aan studente van die buiteland, word tot die kursus toegelaat.

Leergang :

L31. Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar :

- (i) Inleiding tot die Reg.
- (ii) Privaatreg I
- (iii) Privaatreg II.
- (iv) Uitleg van Wetten (halwe kursus).

Tweede jaar :

- (i) Strafrege
- (ii) Bewysrege
- (iii) Handelsrege I
- (iv) Strafproseurege.

Derde jaar :

- (i) Privaatreg III.
- (ii) Handelsrege II.
- (iii) Romeinse Rege.
- (iv) Siviele Proseurege.

Afsluiting van leergang :

L32. (1) Om tot die tweede jaar van die leergang toegelaat te kan word, moet 'n student minstens twee volle kursusse van die eerste jaar voltooi het; met dien verstand dat indien twee volle kursusse of twee volle kursusse en een halwe kursus van die eerste jaar onvoltooid is, een kursus van die tweede jaar tesame met die onvoltooid eerstejaarskursusse geneem mag word. Om tot die derde jaar toegelaat te kan word, moet 'n student al die kursusse van die eerste jaar en minstens twee kursusse van die tweede jaar voltooi het; met dien verstand dat indien drie kursusse van die tweede jaar onvoltooid is, een kursus van die derde jaar tesame met die onvoltooid kursusse geneem mag word.

(2) Soos in L12. (2).

Slaag met lof :

L33. Soos in L13.

University of Fort Hare
Together in Excellence

Die Prokureurstoelatingsertifikaat*

Toelating tot studie :

L34. Slegs houers van 'n Senior- of Matrikulasie- of 'n Matrikulasievystelling-sertifikaat of 'n sertifikaat van voorwaardelike vystelling van matrikulasie, soos uitgereik aan studente van die buiteland, word tot die kursus toegelaat.

Leergang :

L35. Die kursusse is soos volg:

Eerste jaar :

- (i) Inleiding tot die Reg

*Die aandag van voornemende prokureurs word daarop gevestig dat niemand as prokureur toegelaat word nie tensy hy die vereiste Matrikulasie-eksamen in albei amptelike tale geslaag het.

- (ii) Privaatreg I.
- (iii) Privaatreg II.
- (iv) Uitleg van Wetten (halwe kursus).
- (v) Latyn (Spesiale kursus).

Tweede jaar :

- (i) Strafrege.
- (ii) Bewysrege.
- (iii) Handelsrege I.
- (iv) Staats- en Administratiewege.

Derde jaar :

- (i) Privaatreg III.
- (ii) Handelsreg II.
- (iii) Romeinse Reg.
- (iv) Strafproesereg.
- (v) Siviele Proesereg.

Afê van leergang :

L36. (1) Om tot die tweede jaar van die leergang toegelaat te kan word, moet 'n student minstens twee volle kursusse van die eerste jaar voltooi het (uitsluitend Latyn, Spesiale kursus); met dien verstande dat indien twee volle kursusse of twee volle kursusse en een halwe kursus van die eerste jaar onvoltooid is, een kursus van die tweede jaar tesame met die onvoltooid eerstejaarskursusse geneem mag word. Om tot die derde jaar toegelaat te kan word, moet 'n student al die kursusse van die eerste jaar en minstens drie kursusse van die tweede jaar voltooi het; met dien verstande dat indien drie kursusse van die tweede jaar onvoltooid is, een kursus van die derde jaar tesame met die onvoltooid kursusse geneem mag word.

(2) Om Romeinse Reg te kan neem moet 'n student die matrikulasiestandaard in Latyn behaal het of 'n eksamen in Latyn geslaag het wat deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad as gelykstaande met Matrikulasielatyn gesertifiseer is (bv. Latyn Spesiale kursus).

- (3) Soos in L12. (2).

Slaag met lof :

- L37. Soos in L13.



LEERPLANNE
University of Fort Hare
Together in Excellence
Departement Privaatreg

A. *Inleiding tot die Reg :*

(Een vraestel)

- (i) Inleiding tot die regstudie.
 - (ii) Filosofiese inleiding tot die reg.
 - (iii) Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse reg (beide Suid-Afrikaanse Romeins-Hollandse reg en Suid-Afrikaanse Bantoereg).
 - (iv) Inleiding tot die Suid-Afrikaanse regsadministrasie (beide regstelsels).
 - (v) Inleiding tot die Suid-Afrikaanse positiewe reg (beide regstelsels).
- B. *Privaatreg (Suid-Afrikaanse Romeins-Hollandse reg en Suid-Afrikaanse Bantoereg.)*

Kursus I (Persone- en Familiereg)

(Twee vraestelle)

- (1) Personereg:

Die totstandkoming en beëindiging van regs persoonlikheid en die verskillende omstandighede wat regstatus beïnvloed. (Een vraestel van 1½ uur).

- (2) Familiereg:

Huweliksreg, Voogdy en Kuratele. (Een vraestel van 3 uur)

Kursus II (Sake- en Erfreg)

(Twee vraestelle)

- (1) Sakereg, insluitende 'n oorsig van Grondregistrasie en Waterreg. (Een vraestel)
- (2) Erfreg en Boedeladministrasie. (Een vraestel)

Kursus III (Kontrakte- en Deliktereg)

(Twee vraestelle)

(1) Kontraktereg:

Algemene beginsels en besondere kontrakte (vernaamlik koop, huurkoop, huur, en die dienskontrak). (Een vraestel)

(2) Deliktereg:

Algemene beginsels en besondere delikte. (Een vraestel)

C. *Geworde Privaatreg (Beide regstelsels):*

Kursus A

(Twee vraestelle)

1. (a) Regspersone en ander samelewingsverbande.

(b) Besondere skenkings en bewakings, o.a. fideicommissum, stipulation alteri, trust en stigting. (Een vraestel).

2. (a) Besondere kontrakte soos verteenwoordiging, lasgewing, borgtog, pand en verband, vervoerkontrakte, ens., en sessie.

(b) Die aard en toepassing van Estoppel. (Een Vraestel)

(Twee vraestelle)

1. (a) Capita selecta van deliktuele en quasi-deliktuele aanspreeklikheid.

(b) Verrykingsaanspreeklikheid. (Een vraestel van 3 uur).

2. Die jongste gewysdes op die hele gebied van die Privaatreg.

(Een vraestel van 1½ uur)

D. *Regsfilosofie*

1. Historiese studie van regsfilosofiese stelsels. (Een vraestel van 1½ uur)

2. (a) Algemene regsbeginsels en -begrippe.

(b) Besondere regswetenskaplike vraagstukke. (Een vraestel van 3 uur).

E. *Romeinse Reg.*

(Twee vraestelle)

1. (a) Oorsig van die Romeinse regsgeeskiedenis.

(b) Oorsig van Prosesreg.

2. Privaatreg.

F. *Regsvergelyking.*

(Een vraestel)

(1) Aard en geskiedenis van Regsvergelyking.

(2) 'n Regsvergelykende studie van enkele regstelsels as voorbeelde van die Anglo-Amerikaanse en Kontinentaal-Europese regstelselgroepe.

(3) 'n Regsvergelykende studie van enkele Afrika-regstelsels, met besondere verwysing na die ander regstelsels in Suider-Afrika.

G. *Internasionale Privaatreg.*

(Een vraestel)

(1) Internasionale Privaatreg (insluitende die geskiedkundige ontwikkeling daarvan), Volkereg, Jus Gentium en die toepassing van Bantoereg in Suid-Afrika.

(2) Suid-Afrikaanse Internasionale Privaatreg.

H. *Bantoereg.*

(Een vraestel)

(1) Die belangrikste Bantoeregstelsels van Suider-Afrika.

(2) Algemene kenmerke van Bantoereg in teenstelling met dié van Suid-Afrikaanse Romeins-Hollandse reg.

- (3) Die erkenning en toepassing van Bantoereg in Suider-Afrika.
- (4) Ontstaan- en kenbronne van Bantoereg.
- (5) Die botsing tussen Romeins-Hollandse reg en Bantoereg aan die een kant en tussen die verskillende Bantoeregatsels aan die ander kant.
- (6) Die Administrasie van Bantoereg in Suider-Afrika.
- (7) Persone- en Familiereg.
- (8) Sakereg.
- (9) Erfreg.
- (10) Kontrakte- en Quasi-kontraktereg.
- (11) Delikte- en Quasi-deliktereg.
- (12) Strafreg.
- (13) Prosesreg en Bewysreg.

Departement Publikereg.

A. *Strafreg.*

(Een vraestel)

(1) Inleiding tot die Strafstudie:

die afbakening van die Strafreg en ander gebiede van die reg; die evolusie van die Strafreg; Strafregteorieë; geskiedenis en bronne van die Suid-Afrikaanse Strafreg; die begrip misdaad; die onderskeiding van gemeenregtelike en statutêre misdade.

(2) Die algemene leerstukke van die Strafreg:

die misdaadelemente; poging; daderskap en medepligtigheid; begunstiging; uitlokking en sameswering.

(3) Die belangrikste gemeenregtelike en statutêre misdade onder die volgende hoofde: misdade teen die Staat; misdade teen die slewe; misdade teen die liggaamlike integriteit, eer, waardigheid, goeie naam en vryheid; misdade teen die vermoë; misdade teen die geslagslewe; misdade teen die huwelik, godsdiens en sedelikheid; misdade teen die regspleging.

B. *Strafprosesreg.*

University of Fort Hare

Togther in Excellence

(Een vraestel)

(1) Inleiding tot die studie van die Strafprosesreg: die funksie van die Strafprosesreg die plek van die Strafprosesreg in die sistematiek van die reg; die afbakening van die Strafprosesreg van ander gebiede van die reg.

(2) Die beginsels van die Suid-Afrikaanse Strafprosesreg in sowel die Hoër- as die Laerhowe (insluitende Bantohowe) onder die volgende hoofde:

die verskillende strafhowe; die jurisdiksie van die strafhowe, uitlewering van misdadigers; die vervolging van misdade; metodes van verkryging van die beskuldigde se teenwoordigheid by strafverhoor; visentering; huissoeking; inbeslagneming van goedere; bevryding van vroue aangehou vir onsedelike doeleindes; borg; voorlopige ondersoek; aktes van beskuldiging; voorbrenging van die beskuldigde; die verloop van die verhoor na voorbrenging tot en met vonnis; spesiale inskrywings en voorbehoud van regspraak; hersiening en appèlle.

C. *Siviele Prosesreg.*

D. *Gevorderde Strafreg.*

(Een vraestel)

Capita selecta uit die Strafreg.

E. *Gevorderde Prosesreg.*

(Een vraestel)

(1) *Capita selecta* uit die Straf- en Siviele Prosesreg.

(2) *Medicina Forensis.*

F. *Bewysreg*

(Een vraestel)

Die bewysreg in straf- en siviele gedinge (Bantohowe ingeslote).

G. *Uitleg van Wette.*

(Een vraestel van 1½ uur)

Die beginsels van die Uitleg van Wette.

H. *Staats- en Administratiefreg.*

(Een vraestel)

(1) Die ontwikkeling van die Britse Parlementêre stelsel, die "Rule of Law" en fundamentele vryhede.

(2) Staatsreg van die Republiek van Suid-Afrika:

Die uitvoerende, wetgewende en regsprekende gesag; die Provinsies, Suidwes-Afrika en die Transkei; Bantoe, Kleurlinge en Asiatic in Suid-Afrika.

(3) Burgerskap.

(4) Inleiding tot die Administratiefreg.

I. *Gevorderde Staats- en Administratiefreg.*

(Twee vraestelle)

(1) (a) *Capita selecta* uit die Staatsreg.

(b) Vergelykende Staatsreg.

(2) 'n Gedetailleerde studie van die Administratiefreg.

J. *Volkereg.*

(Een vraestel)

Algemene beginsels van die Volkereg.

Die vredesreg en die elementêre beginsels van die oorlogsreg.

Die reg betreffende die belangrikste volkereregtelike organisasies.

Die internasionale status van Suidwes-Afrika.

A. *Handelsreg.*

Departement Handelsreg

Kursus I

(Twee vraestelle)

1. Maatskappyereg.

2. (a) Vennootskapsreg.

(b) Insolvensiereg.

Kursus II

(Twee vraestelle)

1. (a) Oorsig van die elementêre beginsels van Verhandelbare dokumente.

(b) Versekeringereg.

2. Immateriële goederereg.

Kursus III

Soos vir Kommersiele Reg III.

B. *Kommersiele reg (en B.Comm.-studente)*

Kursus I

(Twee vraestelle)

1. (a) Inleiding tot die reg.

(b) Algemene beginsels van die Kontrakereg.

2. Besondere kontrakte, insluitende:

Koop, huurkoop, huur, dienskontrak, verteenwoordiging en vervoerkontrakte.

3. Saaklike en persoonlike sekerheidstelling, insluitende: verband, pand, borgtog

en retensieregte.

Kursus II

(Twee vraestelle)

1. (a) Versekeringereg.

(b) Verhandelbare dokumente.

(c) Immateriële goederereg

2. (a) Vennootskapsreg.

(b) Maatskappyereg.

Kursus III

(Twee vraestelle)

1. Gevorderde studie van sekere *capita selecta* uit die Maatskappyereg.
 2. Die bereddering van insolvente en bestorwe boedels.
- C. *Sosiale en Ekonomiese Wetgewing.*

(Twee vraestelle)

Die kursus sluit die belangrike- aspekte van die volgende wetgewing in:

- (1) Kinderwet;
Wet op Groepsgebiede;
Wet op Gemeenskapsontwikkeling;
Belastingwetgewing;
Sekere ander Welsynswetgewing;
Wet op Fisiese Beplanning;
Wetgewing betreffende Staatsbeheerde Korporasies;
- (2) Wet op Vakleerlinge;
Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk;
Ongevalwet;
Wet op Nywerheidsaansoek;
Loonwet;
Wet op Bantoe-arbeid;
Wet op Bantoeboerwerkers;
Wet op Bantoe-arbeid (Beslegting van geskille).



BEROEPSMOONTLIKHEDE VIR STUDENTE IN DIE VERSKEIE STUDIERIG- TINGS

1. Die Staatsdienssertifikaat in die Regte stel hoërs daarvan in staat om as Publieke Aanklaers of Liddroste aangestel te word.
2. Voornemende prokureur, wat nie in graadstudie belangstel nie, kan vir die Prokureurstoelating sertifikaat inskryf.
3. Die B.Juris-graad bevat die kursusse wat vir die Staatsdienssertifikaat in die Regte en die Prokureurstoelatingsertifikaat voorgeskryf is. Die LL.B.-graad kan na verloop van 'n verdere twee jaar studie verwerf word.
4. Studente wat nie in suiwer regstudie belangstel nie, of 'n handelsagtergrond verlang, word aanbeveel om vir die B.A. of B.Comm. in te skryf, in welke geval die LL.B.-graad na verloop van drie verdere studiejaar verwerf mag word.
5. Om toegelaat te word tot die LL.B. studie, moet 'n student 'n baccalaureus-graad besit. Die LL.B.-graadkwalifikasie is voldoende akademiese kwalifikasie vir toelating as Advokaat. Regters word gewoonlik uit die advokatelus aangestel.
6. Die vereiste tydspan van ingeskrewe klerkskap vir toelating as prokureur word bepaal deur die voornemende kandidaat se akademiese kwalifikasies, wat normaalweg soos volg is:
 - (a) Matrikulasievrystelling (en Prokureurstoelatingsertifikaat) vyf jaar
 - (b) Baccalaureus-graad (B.Juris, B.A., B.Comm.) drie jaar.
 - (c) LL.B.-graad twee jaar.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

1. Inleiding

Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is een van die twee oudste fakulteite aan Fort Hare. Dit bied opleiding in die geesteswetenskappe en verskaf elementêre en gevorderde onderrig in 'n verskeidenheid van studierigtings en spesialiteite. Studente word in die Fakulteit voorberei vir loopbane as maar-kaplike werkers, onderwysers, bibliotekaris, sielkundiges en ander rigtings. Daar is ook beperkte maar toenemende geleentehede in navorsing en akademiese rigtings vir studente wat hulle studies op nagraadse vlak voortsit. 'n Graad in Lettere en Wysbegeerte is ook die sleutel tot werk in die administrasie en bestuur van die ontlukende Staatsdienste van die Transkei en Ciskei, sowel as in plaaslike en ander bestuursliggame en ook in sommige vertakkinge van die handel en die nywerheid.

Alhoewel die Fakulteit beslis geen professionele opleidingskool is nie, is die vakke wat aangebied word grondliggend vir 'n begrip van die lewe en kultuur van die mens, en verskaf derhalwe die fondament vir beroepsmense en ander persone wat op 'n groot verskeidenheid van gebiede leiding gee en 'n toonaangewende rol speel.

2. Ampsdraers van die Fakulteit

Dekaan	:	Prof. T. M. D. KRUGER, M.A. (Pret.), D.Litt. et Phil. (S.A.)
Vise-voorsitter van Fakulteit	:	Prof. E. J. DE JAGER, M.A., D.Phil. (Potch.)
Sekretaris	:	Mr. J. B. VAN SCHARWYK, M.A. (Stell.) II.Dip.Lib. (S.A.)
Sekretaresse-Tikster	:	Mev. J. A. SMITH, B.A. (Rhodes).

University of Fort Hare
Together in Excellence

REGLEMENT VAN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Grade en Diplomas

A1. Die volgende grade word in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte toegeken:

I. In die Lettere en Wysbegeerte:

- Baccalaureus Artium.....B.A.
- Honneurs-Baccalaureus ArtiumHons.B.A
- Magister Artium.....M.A.
- Doctor Litterarum et Philosophiae.....D.Litt et Phil.

II. In Biblioteekwetenskap:

- Baccalaureus BibliothecologiaeB.Bibl.
- Honneurs-Baccalaureus Bibliothecologiae.....Hons. B.Bibl.

III. In Maatskaplike Werk:

- Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk.....B.A. (M.W.)
- Honneurs-Baccalaureus in Maatskaplike WerkHons. B.A. (M.W.)
- Magister Artium in Maatskaplike Werk.....M.A. (M.W.)
- Doctor Philosophiae.....D.Phil.

A2. Die volgende diplomas word in die Fakulteit toegeken:

- Laer Diploma in Biblioteekwetenskap
- Hoër Diploma in Biblioteekwetenskap
- Universiteitsdiploma in Maatskaplike Werk.

Die Graad Baccalaureus Artium

Duur van leergang en vakke :

A3. Die leergang duur minstens drie jaar en word uit kursusse in die volgende vakke saamgestel:

Groep A (Lettere en Wysbegeerte-vakke wat op drie jaar-vlak geneem word tensy andersins aangedui)

- | | |
|--------------------------------------|------------------------------------|
| (1) Afrikaans-Nederlands | (2) Antropologie |
| Xhosa of 'n ander Bantoetaal | Ekonomie |
| Engels | Wysbegeerte |
| 'n Tweede Bantoetaal* | Wiskunde |
| Grieks | Staatsleer |
| Hebreeus | Sielkunde |
| Hellenistiese Grieks (twee kursusse) | Sosiologie |
| Latyn | Aardrykskunde. |
| | Geskiedenis |
| | Argeologie (twee kursusse hoofvak) |
| | Naturelle-administrasie |
| | Publieke Administrasie. |

*Onderworpe aan Regulasie A.6 (i)(i) en A.6 (i)(ii).

Groep B (Lettere en Wysbegeerte-vakke wat slegs as eerste-jaarvakke geneem kan word, tensy andersins aangedui)

- | | |
|---------------------------|---------------------------------------|
| (1) Bantoetaal (spesiaal) | (2) Beginsels van die Griekse Kultuur |
| Duits (spesiaal) | Krummologie |
| Latyn (spesiaal) | Opvoedkunde |
| | Statistiek |
| | Biblioteekwetenskap |

Groep C (Regswetenskaplike vakke)

- Romeinse Reg
- Privaatreg (drie kursusse hoofvak)
- Inleiding tot die Regswetenskap
- Konstitusionele Reg en Administratiewe Reg of Bantoeteg.

Groep D (Teologiese vakke)

- Sistematiese Teologie (drie kursusse hoofvak)
- Vergelykende Godsdienswetenskap en -filosofie
- Bybelkunde (drie kursusse hoofvak)
- Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap.

Groep E (Natuurwetenskap-vakke)

- Plantkunde
- Chemie
- Fisika
- Dierkunde.

Samestelling van die leergang :

A4. 'n Leergang bestaan uit hoogstens 12 en minstens 10 kursusse wat soos volg verdeel word:

- Eerste studiejaar : nie meer as 5 kursusse nie
- Tweede studiejaar : nie meer as 4 kursusse nie
- Derde studiejaar : nie meer as 3 kursusse nie
- Die verspreiding 4 : 4 : 2 word by studente sterk aanbeveel, met dien verstande dat:

- (1) 'n Student in sy tweede en/of derde jaar een kursus bo en behalwe die bogenelde maksimum mag neem indien dit 'n kursus is waarin hy vantevore gedruip het,
- (2) 'n Student by die eerste poging die finale kursusse gelyktydig moet aanbied om erkenning van sy hoofvakke te kry. Slegs die hoofvak waarin hy druipt, moet herhaal word.
- (3) die eindeksamen nie geskryf mag word voor die derde studiejaar nie.

Bepaling van studiejaar :

A5. (1) Elke kursus waarin 'n student slaag, word erken, maar 'n student sal nie toegelaat word om voort te gaan met tweedejaarkursusse nie tensy hy in minstens twee eerstejaarkursusse geslaag het.

(2) 'n Student word geag in sy eerste studiejaar te wees totdat hy erkenning vir twee kursusse ontvang het; hy word geag in sy finale studiejaar te wees wanneer hy besig is met die eindkursusse van sy hoof-vakke; andersins word hy geag in die tweede studiejaar te wees.

Beperking op keuse van kursusse :

A6. Tensy die Senaat anders toelaat, kies 'n student die kursusse vir die graad onderhewig aan die volgende bepalings:

(a) Elke leergang bevat:

- (1) Twee hoofvakke* gekies uit Groep A of Groep D, of een uit Groep A en een uit Groep C of D.
- (2) minstens vyf kursusse uit Groep A.,
- (3) minstens een kursus in een van die amptelike tale, en 'n verdere taalkursus uit A(1) of B(1). Dit mag ook 'n tweede kursus in die taal wees wat uit Groep A(1) gekies is,
- (4) minstens een kursus uit Groep A(2), B(2) of D.,
- (5) minstens nog een kwalifiserende kursus uit A(2), B(2), of C en D. Hierdie kursus mag 'n tweede kursus wees in 'n vak wat ingevolge (3) hierbo gekies is, met dien verstande dat kursusse nie uit meer as een van die groepe C, D. en E gekies word nie.
- (6) minstens vier nie-aanvangkursusse.

(b) Erkenning word nie verleen nie vir:

- (1) meer as twee kursusse uit Groep C, behalwe wanneer Privaatreg as hoofvak geneem word—dan word die maksimum aantal erkenninge uit Groep C tot ses kursusse beperk;

* (Hoofvakke is vakke waarin drie kwalifiserende kursusse geneem word, tensy andersins aangedui)

- (2) meer as ses kursusse uit Groep D;
- (3) meer as een kursus uit Groep E;
- (4) sowel Statistiek as 'n kursus in Wiskunde;
- (5) sowel Beginsels van die Griekse Kultuur as Grieks I of Hellenistiese Grieks; sowel Beginsels van die Griekse Kultuur as Grieks II of Hellenistiese Grieks II;
- (6) sowel Grieks I as Hellenistiese Grieks I; of sowel Grieks II as Hellenistiese Grieks II.

(c) Hellenistiese Grieks I verleen nie toelating tot Grieks II nie. Met spesiale toestemming van die hoof van die departement, en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat gestel mag word, mag 'n student wat in Hellenistiese Grieks II geslaag het, toegelaat word om Grieks III aan te bied.

(d) Om tot die eerste kursus in Fisika en Wiskunde toegelaat te word, moet, 'n student minstens 33 $\frac{1}{3}$ % in Wiskunde by die Matrikulasie of 'n gelykwaardige eksamen behaal het.

(e) Behalwe enige uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur mag word, moet 'n student 'n slaagsyfer in Engels, Duits en Latyn op die Matrikulasie-vlak of 'n ander eksamen wat deur die Senaat gelykwaardig geag word, behaal het, ten einde vir toelating tot Engels I, Duits I of Latyn I te kwalifiseer.

(f) Publieke Administrasie I kan alleen ná of gelyktydig met Staatsleer I geneem word.

(g) Argeologie I kan alleen ná of gelyktydig met Antropologie I geneem word.

(h) Spesiale kursusse in Duits, Latyn en 'n Bantoetaal (waar 'n tweede Bantoetaal, nie uit dieselfde taalgroep nie, as hoofvak geneem word) word as volwaardige kursusse erken, met dien verstaande dat:

- (1) die bogenelde vakke alleen deur studente geneem kan word wat nie in hierdie vakke gematrikuleer het nie; en
- (2) slegs een spesiale kursus vir graaddoelendes erken word.

(i) Tensy die Senaat spesiale toestemming verleen, sal die onderstaande van toepassing wees:

- (1) Erkenning word nie vir kursusse in meer as een Bantoetaal uit dieselfde groep verleen nie.

Die groepering is soos volg:

- (1) Nguni-tale (Zulu, Xhosa)
- (2) Sotho-tale (Suid-Sotho, Noord-Sotho, Tswana)
- (3) Venda
- (4) Tsonga.

- (2) Erkenning word nie vir meer as vyf kwalifiserende kursusse in Bantoetaal verleen nie, en hierdie kursusse mag in slegs twee Bantoetaal geneem word.

*Regstudente wat verplig word om Latyn (Spesiaal) te neem, registreer vir hierdie kursus in hulle tweede studiejaar maar dit word verwag dat hulle gedurende die voorafgaande jaar inleidende klasse sal bywoon.

A7. 'n Student wat een van die onderstaande hoofvakke volg, moet die kursusse volg wat daarteenoor vermeld word:

Nguni-tale	Een kursus in Suid-Sotho en Antropologie I
Sotho-tale	Een kursus in Xhosa en Antropologie I
Antropologie	Argeologie I
Argeologie	Antropologie I
Sielkunde	Minstens een kursus in een van die volgende vakke: Antropologie Sosiologie Wysbegeerte

Sosiologie	Minstens een kursus in een van die volgende vakke: Antropologie Sielkunde
Latyn	Beginsels van die Griekse Kultuur, maar dit moet saam met Latyn II of Latyn III geneem word.
Naturelle-Administrasie Ekonomie	Minstens een kursus in Antropologie Ekonomiese Geskiedenis.

A8. 'n Student moet in die byvak of byvakke wat in A7 vermeld word, slaag voor of gelyktydig met die eindeksamen in 'n hoofvak, met dien verstande dat indien hy in die eindeksamen gelyktydig in twee hoofvakke geslaag het, maar in een of meer van die byvakke gedruip het, hy in daardie hoofvakke nie weer eksamen hoef te doen nie, maar vir graad-doelendes erkenning vir die hoofvakke sal ontvang wanneer hy in die byvak of byvakke geslaag het.

Slaagpunt

A9. (1) 'n Student moet 'n jaarpunt van minstens 40% behaal om vir die aflegging van die eksamen in enige kursus te kwalifiseer.

(2) 'n Student moet minstens 40% in die eksamen behaal, en 'n gemiddeld van 50% vir sy jaarpunt en eksamenpunt. Vir hierdie doel is die jaarpunt en die eksamenpunt gelykwaardig.

(3) 'n Sub-minimum van minstens 35% word in elke vraestel vereis.

Aanvullingsksamen

A.10. 'n Kandidaat word nie tot 'n aanvullende eksamen in enige vak toegelaat nie, behalwe met vergunning van die Senaat op aanbeveling van die Fakulteitsraad vir Lettere en Wysbegeerte.



University of Fort Hare
Together in Excellence

Slaag met onderskeiding

A11. 'n Student slaag met onderskeiding in 'n hoofvak indien hy 'n slaagpunt van 75% in die eindkursus behaal.

Die Graad Honneurs Baccalaureus Artium

Vir besonderhede aangaande kwalifisering vir registrasie, keuse van Fakulteit, duur van kursus, herhaling van eksamen en vertaaltoets, kyk G 26-31.

A12. Departemente

Die graad word in die volgende departemente toegeken:

Mrikaans-Nederlands	Latyn
Antropologie	Naturelle-Administrasie
Bant betale	Wiskunde
Ekonomie	Wysbegeerte
Engels	Staatsleer
Geografie	Sielkunde
Grieks	Publieke Administrasie
Geskiedenis	Sosiologie

Toelating tot kursus / eksamen:

A13. (1) Waar besondere toelatingsvereistes by taam word hulle in die betrokke leerplan aangedui.

(2) Vir slaagpunt kyk A9 (1) en (2), dog 'n subminimum van 40% in elke vraestel word vereis.

(3) 'n Kandidaat moet 'n gemiddeld van 75% behaal om die graad met onderskeiding te ontvang.

Die Graad Magister Artium

Departemente

A14. Die graad word toegeken in dieselfde departemente as die graad Honneurs-Baccalaureus Artium.

Toelating tot kursus : eksamen :

Vir besonderhed aangaande kwalifisering vir registrasie, duur van kursus, eksamen en verhandeling, kyk G36-46.

- A15. (1) 'n Student moet in besit van die graad Honneurs-Baccalaureus Artium wees.
(2) Die graad word nie voor minstens twee jaar na behaling van die Baccalaureus Artium toegeken nie.
(3) Die eksamenvereistes word in die leerplanne uiteengesit.
(4) Die graad kan met onderskeiding toegeken word.

Die Graad Doctor Litterarum et Philosophiae

Vir besonderhede aangaande kwalifisering vir registrasie, duur van kursus, mondelinge eksamen en proefskrif, kyk G47-54.

A16. 'n Proefskrif handel oor 'n onderwerp in die vak waarin 'n Magister-grad geneem kan word en mag slegs vir eksaminering voorgelê word twee jaar nadat die Magister Artium behaal is.

Die Graad Baccalaureus Bibliothecologiae

L.S.1 Die leergang strek oor vier jaar en bestaan uit minstens veertien kursusse, soos volg:

Eerste jaar	—	hoogstens 5
Tweede jaar	—	hoogstens 4
Derde jaar	—	hoogstens 3
Vierde jaar	—	hoogstens 3

met dien verstande dat 'n student in sy tweede, derde en vierde jaar een kursus waarin hy vantevore gedruip het, mag herhaal.

L.S.2 Die leergang bestaan uit die volgende:

'n Goedgekeurde B.A. leerplan wat drie kursusse in elk van minstens twee vakke insluit, waarvan die een einkursus gelyktydig met Biblioteekwetenskap IV aangebied moet word.

Vrystellings

- L.S.3. (1) Aan 'n student wat die eksamen van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging afgelê het, kan die volgende vrystellings toegestaan word:
Elementêre eksamen: Biblioteekwetenskap I
Sekondêre eksamen: Biblioteekwetenskap II
- (2) 'n Student wat die Laer Diploma in Biblioteekwetenskap besit, mag van hoogstens vyf kursusse vrygestel word indien hy met 'n graadkursus wil voortgaan.

Die Graad Honneurs-Baccalaureus Bibliothecologiae

- L.S.4 (1) 'n Student moet in besit wees van
(a) 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Biblioteekwetenskap of
(b) enige ander Baccalaureusgraad en 'n Hoër Diploma in Biblioteekwetenskap.
- (2) Die eksamen sal uit vyf drie-uur vraestelle bestaan.

Die Hoër Diploma in Biblioteekwetenskap

- L.S.5 (1) 'n Student moet in besit wees van 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad.
(2) Die leergang sal uit vier kursusse in Biblioteekwetenskap bestaan, en 'n student sal toegelaat word om die kursus in een jaar te voltooi.

Die Laer Diploma in Biblioteekwetenskap

- L.S.6 (1) 'n Student moet in besit van 'n Matrikulasie of Matrikulasie Vrstelling sertifikaat wees.
(2) Die leergang sal bestaan uit 7 kursusse, soos volg:
(a) Biblioteekwetenskap I en II.
(b) Vyf eerstejaar B.A. vakke gekies in ooreenstemming met die B.A. regulasies.
(3) 'n Student sal toegelaat word om met Biblioteekwetenskap I of in sy eerste jaar of in sy tweede jaar te begin, en ook om Biblioteekwetenskap I en II gelyktydig in sy tweede jaar te neem.

Die Graad Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk

S.W.1 'n Student moet reëlings kan tref om aan die vereistes in verband met praktiese werk te voldoen.

S.W.2 Die leergang strek oor 'n tydperk van drie jaar.

S.W.3 Die leergang bestaan uit minstens 10 kursusse en nie meer as 12 kursusse nie.

S.W.4 Die leergang bestaan uit:

- (a) Drie kursusse in Maatskaplike Werk en drie kursusse in Sosiologie of Sielkunde.
(b) Minstens drie kursusse in Sosiologie en twee kursusse in Sielkunde, of twee kursusse in Sosiologie en drie kursusse in Sielkunde.
(c) Kursusse uit die volgende gekies:

Sielkunde III, Sosiologie III, Ekonomie I, Ekonomie II en III, Kriminologie, Antropologie I en II, Privaatreg I, Staatsleer I, Filosofie I, Naturelle-Administrasie I.

'n Taal uit die volgende gekies:-

Afrikaans-Nederlands I, 'n Bantoetaal I, Duits I of 'n spesiale kursus in Duits, Engels.

L.W. Studente word sterk aangeraai om Sielkunde III as een van die kursusse uit Groep C te neem, of om dit na die voltooiing van die graad te neem.

S.W.5 Kandidate wat Duits vir matriek het sal nie vir graaddoeleindes erkenning vir die spesiale kursus in Duits kry nie.

S.W.6 'n Student moet praktiese maatskaplike werk doen by 'n plaaslike liggaam of organisasie wat 'n opgeleide maatskaplike werker in diens het, en wat deur die Senaat erken word. 'n Student moet self sy reëlings tref met die organisasie waarby hy praktiese werk gaan doen. Die finale reëlings is onderhewig van die goedkeuring van die Hoof van die Departement. Die Hoof van die Departement behou hom die reg voor om enige reëling namens die student te tref.

S.W.7. 'n Student moet in die praktiese maatskaplike werk van 'n bepaalde jaar slaag voordat hy tot die studie van die teoretiese werk van die volgende jaar toegelaat sal word.

Die Universiteitsdiploma in Maatskaplike werk

Toelating en voorwaardes van studie

S.W.8 (1) 'n Kandidaat moet in die Senior Sertifikaateksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasie-raad geslaag het, of in 'n ander eksamen wat deur die Senaat as gelykwaardig geag word. of

(2) die kandidaat moet minstens 25 jaar oud wees en die Senaat tevrede stel dat hy 'n standaard van opleiding en ondervinding bereik het wat aan die Senior Sertifikaat gelykgestel kan word.

S.W.9 Die vereistes ten opsigte van praktiese maatskaplike werk is dieselfde as vir die graad.

S.W.10 Die leergang vir die Diploma bestaan uit 10 kursusse, alhoewel 12 kursusse geneem mag word, en die samestelling is dieselfde as vir die graad.

S.W.11 Die uitslae van alle eksamens sal op die kandidaat se sertifikaat aangebring word.

S.W.12 'n Kandidaat wat die Diploma verwerf het, mag hom aanmeld vir 'n eksamen in enige kursus wat in S.W. 4(c) genoem word en waarin hy nog nie 'n eksamen afgelê het nie. Indien hy slaag, sal erkenning van daardie vak op die diploma aangebring word.

S.W.13. Kandidate moet die ooreenstemmende kursusse in praktiese en teoretiese Maatskaplike Werk in dieselfde jaar aflê.



Die Graad Honneurs-Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk

Besonderhede aangaande die Hons-B.A. (M.W.) kan op aanvraag by die Hoof van die Departement verkry word.

Vir besonderhede aangaande kwalifisering vir registrasie, keuse van Fakulteit, duur van leergang, herhaling van eksamen en vertaaltoets, kyk G26-31.

Die Graad Magister Artium in Maatskaplike Werk

Besonderhede aangaande die M.A. in Maatskaplike Werk kan op aanvraag by die Hoof van die Departement verkry word.

Vir besonderhede aangaande kwalifisering vir registrasie, duur van leergang, eksamen en verhandeling kyk G36-46.

Die Graad Doctor Philosophiae in Maatskaplike Werk

Besonderhede aangaande D. Phil. in Maatskaplike Werk kan op aanvraag by die Hoof van die Departement verkry word.

Vir besonderhede aangaande kwalifisering vir registrasie, duur van leergang, mondelinge eksamen en verhandeling, kyk G47-54.

DEPARTEMENT AFRIKAANS-NEDERLANDS EN DUIJS

(a) Personeel

- *Professor : A. COETZER, Cand.Theol. (Stell.), M.A. (S.A.), D.Litt. (O.V.S.)
Senior Lektor : J. VORSTER, B.A.Hons. (Rand), M.A. (Rhodes).
Lektor (Duits) : Mev. M. A. DE VOS, B.A. (Stell.), H.O.D.
Lektor : Vakant.

(b) Leerplanne :

AFRIKAANS-NEDERLANDS

Kursus I

Eerste Vraestel (Taalkunde)

1. Taalverwantskap en taalindeling. 'n Skematiese aanduiding met kort toeligting van die plek van Afrikaans en Nederlands in die Germaanse verband.
2. Inleiding tot die Afrikaanse klank-, woord- en sinsleer.
3. Taalkundige begrippe en taalverskrynsels.

Handboeke :

- Afrikaanse Klankleer* : MEYER DE VILLIERS
Inleiding tot die Taalkunde : VAN DER MERWE, e.a.
Taal en Taalverskrynsels : SCHOLTZ

Tweede Vraestel (Letterkunde)

1. Geskiedenis en geskrifte van die Afrikaanse Beweging.
2. Hoofmomente uit die Afrikaanse Literatuurgeskiedenis van die Twintigste Eeu.
3. Voorgeskrewe werke: 1 Prosawerk, 1 digbundel, 1 drama,
1 Nederlandse werk.

Groot Verseboek : D. J. OPPERMAN.

Kwartet : M.E.R. e.a.

Raka : N. P. VAN WYK LOUW

Die Jelder in Exil : N. P. VAN WYK LOUW

Handboek :

Afrikaanse Literatuurgeskiedenis : G DEKKER

De Stille Plantage : A HELMAN

Kursus II

Vraestel 1 (Taalkunde)

1. Fonologie.
2. Morfologie.
3. Sintaksis.

Handboeke :

- Afrikaanse Klankleer* : MEYER DE VILLIERS.
Woordvorming en Funksiewisseling : KEMPEN
Grondtrekke van die Afrikaanse Sintaksis : F. PONELIS.

Vraestel 2 (Taalkunde)

1. Die Ontwikkelingsgeskiedenis van Nederlands tot by Afrikaans.
2. Die Ontstaan van Afrikaans.
3. Hoofverskilpunte tussen Afrikaans en Nederlands.

Handboeke :

- Inleiding tot die Taalkunde* : VAN DER MERWE, e.a.
Nederlands en Afrikaans : MEYER DE VILLIERS.

Vraestel 3 (Afrikaanse Letterkunde)

1. Literatuurteorie: Poësie.
2. Die Afrikaanse poësie met toespitsing op 'n aantal digters en bundels.

Voorgeskrewe werke:

Trekke van die Trekkerswee : TOTIUS.

Eugene en ander gedigte : TOON VAN DEN HEEVER.

Gestaltes en Diere : N. P. VAN WYK LOUW.

Helder Halfjaar : ELIZABETH EYBERS.
 Negester oor Nineve : D. J. OPPERMAN.
 Journaal van Jorik : D. J. OPPERMAN.
 Steenbok tot Poolsee : P. BLUM.
 Die Ysterkoei moet sweet : BREYTEN BREYTENBACH.

Handboeke : Handleiding by die Studie van die Letterkunde : GROVE en BOTHA.

Fyn net van die Woord

Vraestel 4 (Nederlandse Letterkunde)

1. Oorsig oor die Nederlandse Letterkunde met toespitsing op die Beweging van Tagtig.
2. Voorgeskrewe werke.

Handboek : *Beknopte Geskiedenis van die Nederlandse Letterkunde* : RIJPMAN (vertaling)

Voorgeskrewe werke :

Bloemlesing uit die Gedigte van Guido Gezelle (Prisma-Boeken)
 Gedichten : JACQUES PERK.
 Verzen : WILLEM KLOOS.
 Mei : HERMAN GORTER.
 Eline Vere : LOUIS COUPERUS.



Vraestel 1 (Taalkunde)

1. Morfologie.
2. Sintaksis.
3. Semantiek.

Handboeke : *Woordvorming en Funkstewisseling* : W. W. KEMPEN.
Grondtrekke van die Afrikaanse Sintaksis : F. PONELIS.
Inleiding tot die Semantiek : C. VAN HEERDEN.

Vraestel 3 (Middelnederlandse en Sewentiende-Eeuuse Letterkunde)

Hoofmomente uit die Middelnederlandse letterkunde.

Die Nederlandse Goue Eeu.

Voorgeskrewe werke : *Beatrijs* (Afrikaanse uitgawe)
Van Hooft tot Luyken : G. DEKKER.
Gebroeders : Vondel (nuwe Afrikaanse uitgawe)
De Spaanse Brabander : G. BREDERO.

Vraestel 2 (Afrikaanse Letterkunde)

Literatuurteorie: 1. *Prosa*
 Skets, kortverhaal, novelle, roman.
 2. *Drama*
 Hoorspeel, eenbedryf, versdrama, drama.

Voorgeskrewe werke : *Kruger breek die pad oop* : N. P. VAN WYK LOUW.
Drie Vroue : W. A. DE KLERK.
Periandros van Korinthe : D. J. OPPERMAN.
As die Tuig Skawe : J. F. W. GROSSKOPF.
Sketsboek : BOERNEEF.
Kernbeeld van die Afrikaanse Kortverhaal : F. V. LATEGAN.
Somer : C. M. VAN DEN HEEVER.
Lobola vir die Lewe : A. P. BRINK.

Vraestel 4 (Nederlandse Letterkunde)

Die Nederlandse Letterkunde van 1900 tot hede.

Voorgeskrewe werke : *Digters uit die Lae Lande* : GROVE en BUNING.
Een Winter aan Zee : A. ROLAND HOLST.

Lees maar, er staat niet wat er staat : M. NIJHOLT.
Tempel en Kruis : H. MARSMAN.
Voorbij de laatste stad : G. ACHTERBERG.
Joachim van Babylon : MARNIX GIJSIN.
Dense : G. WAELSCHAP.

Honneurs

Vir besonderhede omtrent hierdie kursus moet die hoof van die Departement geraadpleeg word.

DUITS

Beginnerskursus (Een vraestel) 5 lesings per week

Die kursus (eenjarig) word aangebied om studente wat geen Duits ken nie in staat te stel om 'n leeskennis en elementêre praatkennis van die taal te verkry. Dit dien ook as inleiding tot die Spesiale Kursus wat 'n vereiste is vir Duits I. Taallaboratoriumwerk sal aangebied word.

Handboeke : H. KESTLER: (die reeks) Deutsch für Ausländer (Verlag für Sprachmethodik Königswinter).

Plaatopnames met bygaande tekste : SCHULZ-GRIESBACH:
Leichtes Deutsch, Aussprache Schallplatten
und Text; Interpretation Deutsch (Visaphone).

Spesiale Kursus. (Twee vraestelle) 5 lesings per week

Van kandidate word verwag om Duits teêrfek-sien en korrek te kan lees en om aan taallaboratoriumwerk deel te neem.

Vraestel 1. Taalkunde

(a) Vormleer en sintaksis, getoets deur die toepassing van die taalverskynsels in die lewende taal.

(b) Idioom en spreekwoord.

(c) Vertaling op sig uit Duits in Engels of Afrikaans en omgekeerd.

(d) Stelwerk van beperkte omvang.

(e) Begripstoets wat in Engels of Afrikaans beantwoord mag word.

Voorgeskrewe handboeke : Schulz-Griesbach: Deutsche Sprachlehre für Ausländer.
Schulz-Griesbach Leseheft für Ausländer (Hueber).
Cassell's Compact E.G. G-E Dictionary (Cassell, London).

P. H. Langenhoven : Duitse Begripstoetse en Idiomatiese Wendinge vir Sts. 9 en 10 (Nasionale Boekhandel).

Aanbevole handboeke : P. F. DORING: Colloquial German; (McMillan, S.A.)
E. COCHRAN: Eine Praktische Wiederholungsgrammatik; (Prentice Hall, Inc.)

Vraestel 2. Literatuur

Vrae wat in Engels of Afrikaans beantwoord mag word oor 4 voorgeskrewe Duitse boeke (prosa en poësie).

Voorgeskrewe boeke :

Trümpelmann : Vom Blütenbaum der deutschen Dichtung (7. Auflage,
Van Schaik) (hiervan 14-16 gedigte)

Moderne Erzähler Nr. 10 (Schöningh, Paderborn): Aichinger:
Seegister en/Das Plakat: Böll:
Die ungezählte Geliebte;
Langgässer; Glück haben.

Zuckmayer : Three Stories (Oxford Univ. Press): Die Geschichte eines Bauern aus
dem Taunus.

Trümpelmann : Vom deutschen Leben (Van Schaik): hieruit/
Das Felsenbildnis (P. Rossegger);
Der Töpfer von Kandern (H. Villinger);
Die Spitzin (M. von Ebner-Eschenbach)

Kursus I (Twee vraestelle)

Vir studente wat die Spesiale Kursus voltooi het of Duits op matrikulasievlak geslaag het.

Dit word van studente verwag om aan taal-laboratoriumwerk deel te neem.

Vraestel 1—Taal.

Voorsetting van die studie van vormleer en sintaksis.

Oefening in lees grammatika, praat en opstelskrif.

Vertaling op sig uit Duits in Engels / Afrikaans en omgekeerd.

Voorgeskrewe handboeke: *Schulz-Griesbach*: Deutsche Sprachlehre für Ausländer.
Mittelstufe (Max Hueber)

Wanstall : Tests in German Composition and Grammar
(Harrap).

Wanstall : German Passages for unseen Translation. (Harrap).

Vraestel 2: Letterkunde en Kultuur

Minstens die helfte van die vrae in hierdie vraestel moet in Duits beantwoord word

(a) Oorsig van die Duitse Kultuur- en literatuurgeskiedenis.

Voorgeskrewe handboeke : Vogelpohl: Geschichte der deutschen Dichtung.

A. und W. van Rinsum : Dichtung und Deutung

Eine Geschichte der deutschen Literatur in Beispielen (Bayerischer
Schulbuch-Verlag).

Aanbevole naslaanwerk : *W. Grabert/A. Mulot* :

Geschichte der deutschen Literatur.

(Bayerischer Schulbuch-Verlag).

(b) Besondere Studie van voorgeskrewe werke (prosa, poesie en drama)

Voorgeskrewe werke (prosa, poesie, drama).

Trümpelmann : Deutsche Balladen (Nas Pers). (Hieruit 16 uitgesoekte ballades)

Schiller : Maria Stuart (Reclam)

Lessing : Minna von Barnhelm (Reclam).

Moderne Erzähler Nr. 3 (Schöningh, Paderborn). (Hieruit 'n aantal uitgesoekte
verhale)

S. Lenz : Das Feuerschiff (Deutscher Taschenbuch Verlag, München).

DEPARTEMENT AFRIKANISTIEK

(Antropologie, Argeologie en Naturelle-Administrasie)

(a) Personeel

*Professor: E. J. DE JAGER, M.A., D.Phil. (Potch.)

Senior Lektor: Vakant

Lektor: P. D. BANGHART, M.A. (Stell.)

Lektor: P. D. VAN LILL, B.A..Hons. (Stell.)

Lektor: Vakant.

F. S. Malan Antropologiese Museum en A. J. D. Meiring Kunsgallery:

Kurator: V. Z. GITYWA, B.A. Hons (S.A.)

Ass.-Kurator C. M. LAMLA,

(b) Leerplanne

ANTROPOLOGIE

Kursus I

(Twee Vraestelle)

Vraestel 1.

- (a) Die gebied en taak van die vak.
- (b) Die begrippe kultuur, samelewing en volk.
- (c) Behandeling van die basiese Antropologiese verskynsels en beginsels i.v.m. Ekonomiese en Sosiale Organisasie, Godsdiens, Regerings en Regstelsels.
- (d) Inleiding tot die Fisiese Antropologie.
 - (1) Inleiding tot die gebied van die studie.
 - (2) Antropometrie: die hantering en gebruik van instrumente.
 - (3) Inleiding tot die biologiese geskiedenis van die mens.
 - (4) Die begrip ras en die verspreiding en indeling van die rasse van die wêreld.

Vraestel 2.

- (a) Etniese samestelling en klassifikasie van die volke van Afrika.
- (b) 'n Algemene Etnografiese oorsig van die Hottentotte en Boesmans in die algemeen.
- (c) 'n Intensiewe Etnografiese studie van een Nguni groep (Mpondo) en een Sotho groep (Suid-Sotho of Bapedi).
- (d) Inleidende studie tot die kontak tussen Blank en Bantoe en Antropologiese probleme wat hieruit voortspruit.

Kursus II

(Twee vraestelle)

Vraestel 1.

- (a) 'n Intensiewe studie van die begrippe kultuur en samelewing.
- (b) Antropologiese teorieë i.v.m. Sosiale organisasie, Politieke organisasie, Ekonomiese organisasie, Godsdiens. ('n lys van leesstof sal deur die dosent aan studente verskaf word.)

Vraestel 2.

- (a) Etnografie van Afrika.
 - (1) 'n Intensiewe studie van een kultuur buite Suid-Afrika:
Die Azande of Nuer.
 - (2) 'n Intensiewe studie van of die Politieke stelsels of die stelsels van Verwantskap en Huwelik in Afrika.
- (b) Geselekteerde studies van volke en kulture van Oseanië.

Kursus III
(Drie vraestelle)

Vraestel 1.

- (a) 'n Studie van die verskillende Antropologiese strominge en benaderings, met besondere aandag aan die 20ste eeu.
- (b) Inleiding tot die metodes en tegnieke van veldwerk in die Antropologie.

Vraestel 2.

- (a) 'n Intensiewe studie van die prosesse van kultuurverandering in die algemeen, en van akkulturasie in 'n besondere gebied, of gebiede, by 'n besondere volk of volke.
- (b) Toepassing van die Antropologie in Naturelle-Administrasie, Sending, Opvoeding en Ekonomiese ontwikkeling in Afrika.

Vraestel 3.

Geselekteerde studie van volke en kulture uit twee van die volgende gebiede:

- (1) Noord—en Suid-Amerika.
- (2) Australië.
- (3) Asië.

Honneurs
(Vier vraestelle en 'n Opstel)

Vraestel 1.

- (a) Intensiewe studie van die metodes en tegnieke van veldwerk in die Antropologie.
- (b) 'n Studie van die verskillende benaderings tot die bestudering van primitiewe gemeenskappe.

Vraestel 2.

- (a) Die geskiedenis van die Antropologie met spesiale verwysing na moderne tendense.
- (b) Geselekteerde teoretiese probleme uit die veld van die Antropologie.

Vraestel 3.

Geselekteerde intensiewe studie van sekere aspekte van die S.A. Etnografie.

Vraestel 4.

- (a) Inleiding tot Stedelike Sosiologie en Antropologie.
- (b) Intensiewe studie van die Bantoe se stedelike lewe in S.A. met 'n vergelyking van Wes-Afrika.

'n Opstel van 20-30 getikte folio-bladsye (10.000—15.000 woorde) oor 'n onderwerp op die gebied van die Antropologie, goedgekeur deur die Departementshoof, word vereis. Die opstel moet aantoon dat die student in staat is om selfstandig te werk. Die gehalte moet sodanig wees dat die stuk gepubliseer kan word.

Die Honneurseksamen sal in twee dele plaasvind; deel 1 bestaan uit die vraestelle en deel 2 uit die opstel.

ARGELOGIE

- (1) Argeologie is 'n twee-jarige hoofvak.
- (2) Die klem in kursus I val op die teoretiese aspekte en die kursus behoort dus saam met Antropologie I geneem te word.
- (3) Die klem val hoofsaaklik op Afrika met aandag aan ander gebiede vir die doeleindes van vergelyking.
- (4) Praktiese werk word vir beide kursusse voorgeskryf.
- (5) Baie materiaal en belangrike bydraes verskyn in tydskrifte Die dosent sal dit onder die aandag van studente bring. Studente kan ook raadpleeg: Holm, S.E.: Bibliography of S.A. Pre-and Protohistoric Archaeology.

Kursus I

(Twee vraestelle)

Vraestel 1.

- (a) (1) Die gebied en taak van die vak.
(2) Die verhouding van Argeologie tot ander wetenskappe.
(3) Die basiese metodes en tegnieke van die Argeologie in die algemeen en die van *uitgrawings* in besonder.
Die basiese begrippe in die Argeologie: kultuur, beskawing, tegnologie, tipologie, stratigrafie, kronologie, omgewing, habitat en ekologie.
- (b) (1) Fisiese Antropologie: metodes en tegnieke in die bestudering van skelet-materiaal.
(2) Palaeantropologie:
(i) 'n Kort inleiding tot die konsep van die evolusie van die mens.
(ii) Prehistoriese menslike tipes in Suid-Afrika en hulle kulturele assosiasie.

Vraestel 2.

- (a) Inleiding tot die geologiese en palaeontologiese agtergrond van die vroeë mens en sy kultuur.
- (b) 'n Breë behandeling van die hoofafdelings van die Argeologie van Afrika, Europa, Asië en Amerika.
- (c) 'n Intensiewe studie van die Argeologie en voorgeskiedenis van Suidelike Afrika met inbegrip van die Ystertydperk.
(Hoofsaaklik Suid-Afrika met verwysing na Angola en Rhodesië.)

Kursus II

(Drie vraestelle)

Vraestel 1.

- (a) Die geskiedenis en ontwikkeling van die Argeologie.
- (b) Gevorderde studie van metodologiese vraagstukke insluitende die gebruik van statistieke, metodes van datering, ens.
- (c) Prehistoriese kuns in Europa en Afrika.

Vraestel 2.

- (a) Verdere studie m.b.t. die geologiese en palaeontologiese agtergrond van die vroeë mens en sy kultuur.
- (b) Inleiding tot die studie van die Primate.
- (c) Palaeantropologie: 'n Gevorderde studie van die oorsprong en ontwikkeling van die mens.

Vraestel 3.

Die Argeologie en voorgeskiedenis van Afrika (met spesiale verwysing na Oos-Afrika.)

NATURELLE-ADMINISTRASIE

Kursus I

(Twee vraestelle)

'n Algemene oorsig van die ontwikkeling van Naturellebeleid en -Administrasie in Suid-Afrika (Insluitende Suidwes-Afrika).

Vraestel 1.

- (a) 'n Inleiding tot die studie van die vak Naturelle-administrasie.
(b) Die rassasamestelling en -verspreiding van die Suid-Afrikaanse bevolking.
- Die historiese ontwikkeling van naturellebeleid en -administrasie in die Suid-Afrikaanse kolonies en republieke voor unifikasie in 1910.
- Die ontwikkeling van naturellebeleid en -administrasie in Suid-Afrika gedurende die historiese tydperk 1910 tot 1950.

Vraestel 2.

1. 'n Algemene oorsig van die struktuur en funksies van die hedendaagse natuurle-administrasie in Suid-Afrika.
2. 'n Kort oorsig van die hedendaagse beleidsrigtings, met betrekking tot natuurle in Suid-Afrika.

Kursus II

(Twee vraestelle)

In Gevorderde en Intensiewe studie van hedendaagse Naturellebeleid en -Administrasie in Suid-Afrika (Insluitende Suidwes-Afrika).

Vraestel 1.

Aspekte van die Hedendaagse Naturelle-Administrasie wat Hoofsaaklik op die Bantoe in die Bantoegebiede Betrekking het :

1. 'n Omskrywing van die vak Naturelle-administrasie; sy inhoud, omvang, doel- en metodes.
2. Die spesiale administratiewe struktuur vir die Bantoe in Suid-Afrika: sentrale, streeks- en distriksadministrasie; hulpinstellings; die administrasie van selfbesturende Bantoegebiede; en Bantoe-owerhede.
3. Die Bantoe-gebiede van Suid-Afrika: die resevering van Bantoegebiede en die regte van die Bantoe op grond in Suid-Afrika; algemene ekonomiese toestande; stelsels van grondbesit, administrasie, herwinning en ontwikkeling.
4. Algemene burgerlike en politieke regte van die Bantoe in Suid-Afrika: stemreg en verteenwoordiging in wettgewende liggame; staatkundige ontwikkeling in die Bantoegebiede; die ontwikkeling van politieke partye; plaaslike bestuur in die Bantoegebiede, en die erkenning van inheemse regs- en staatsinstellings.
5. Bantoe-onderwys en belasting: die beheer oor en finansiering van Bantoe-onderwys; differensiasie, administratiewe implikasies; en Bantoe-universiteitsopleiding.
6. Gemeenskapsontwikkeling: beginsels, beleid en toepassing.

Vraestel 2.

Aspekte van die Hedendaagse Naturelle-Administrasie wat Hoofsaaklik op die Bantoe in die Nie-Bantoegebiede betrekking het.

1. Die Bantoe in die stedelike nie-Bantoegebiede: die proses van verstedeliking; sosiale en ekonomiese toestande; groepsgebiede en woonbuurtskeiding; beplanning en ontwikkeling van Bantoe-woongebiede; Bantoebehuising; etniese groepering; administrasie van stedelike Bantoesake; finansiering; die verskaffing van drank aan die Bantoe; hervestiging; natuurle-administrasie in die buite-stedelike gebiede; Bantoeverteenvoordinging in die administrasie; skakeling tussen stad en tuisland.
2. Beheer oor beweging in Suid-Afrika: toestromingsbeheer in die stedelike en plattelandse nie-Bantoegebiede; bevolkingsregistrasie; die vreemde-Bantoe-probleem.
3. Bantoe-arbeid: die vraag en aanbod vir Bantoe arbeid; die stelsel van trek-arbeid; werwing; arbeidsburo's en die kanalisering van arbeid; Bantoe-plaasarbeid.
4. Industriële wetgewing wat betrekking het op die Bantoe: die kleurskeidslyn in betrekking; loonvasstellings; arbeidsorganisasies en kollektiewe optrede; beskerming, welsyn en pensioene.

Kursus III

(Drie vraestelle)

Naturellebeleid en -administrasie en Staatkundige ontwikkeling in Afrika, met spesiale verwysing na die gebied Suid van die Sahara; en Rasseverhoudinge in 'n Wereldperspektief.

Vraestel 1.

Britse beleid in Afrika, met spesiale verwysing na die buurstate van Suid-Afrika.

1. Naturellebeleid en -administrasie in die voormalige Hoë Kommissarisgebiede, Botswana, Lesotho en Swaziland; die vraagstuk van insluiting in Suid-Afrika; ekonomiese afhanklikheid van en verhouding tot Suid-Afrika.
2. Die ontwikkeling van naturellebeleid en administrasie in Rhodesië; 'n vergelyking met Suid-Afrika.
3. Die voormalige koloniale en hedendaagse beleid van Britanje in Afrika in die algemeen; direkte en indirekte bewind; plaaslike bestuur die ontwikkeling tot selfregering en onafhanklikheid; Britse hulp aan Afrikagebiede.

Vraestel 2.

Staatkundige ontwikkeling en internasionale belangstelling in Afrika; Die voormalige en hedendaagse beleid van koloniale moontlike (voormalige Brittanje) in Afrika.

1. Staatkundige ontwikkeling in Afrika; onafhanklikheid; konstitusionele ontwikkeling; Afrika-nasionalisme en Pan-Afrikanisme; internasionale groeperings; die ontwikkeling van inheemse administratiewe apparate; probleme met sosio-ekonomiese ontwikkeling.
2. Internasionale belangstelling in Afrika; die ontwikkeling van internasionale beheer oor naturelle-administrasie in Afrika; die mandaat- en trusteestelsels; kolonialisme en neo-kolonialisme; die strategiese belangrikheid van Afrika; buitelandse hulp; die rol van Suid-Afrika in Afrika suid van die Sahara.
3. 'n Studie van die voormalige en hedendaagse beleid van Frankryk, Spanje, België en Portugal in Afrika; 'n vergelyking van beleidsrigtings, ook met dié van Brittanje en Suid-Afrika.

Vraestel 3.

Rasseverhoudinge, -probleme en -beleid in 'n Wereld-perspektief.

1. 'n Gevorderde ontleding van die disipline Naturelle-administrasie; 'n definisie van rassekontak en -konflik; die formulering van beleid vir die regulering van die kontaksituasie en die oplossing van rasseprobleme; die toepassing van beleid en die effek daarvan op rasseverhoudinge.
2. Probleme in meerrassige gemeenskappe; ontleding van beleids- en administratiewe probleme in meerrassige gemeenskappe in die wêreld, met spesiale verwysing na toestande in die V.S.A., Britanje en ander gekose lande.
3. Rasseverhoudinge: 'n vergelykende studie van teorie oor rasseverhoudinge, en hulle toepassing in Afrika (insluitende Suid-Afrika) en ander dele van die wêreld. Internasionale gedagterigtings betreffende rasseverhoudinge.
4. 'n Gevorderde studie van verskillende natuurellebeleids- rigtings met spesiale verwysing na alternatiewe beleidsrigtings in Suid-Afrika; afsonderlike ontwikkeling of integrasie; hulle oogmerke, praktiese programme en implikasies; 'n vergelykende studie.

Honneurs

Die eksamen bestaan uit vyf vraestelle en kan in twee dele afgelê word. Deel I bestaan uit vraestelle 1, 2 en 5, en deel II uit vraestelle 3 en 4.

Vraestel 1

Gevorderde studie van die beginsels van die Naturelle-Administrasie.

- (a) *Oorsprong en gebied van die vak*: Bepaling van die grondbegrippe „Naturelle-beleid” en „Naturelle-administrasie”; geskiedenis van Naturelle-administrasie; gebied en omvang van die vak; aard, grondslae en metodes van die vakrigting en sy verhouding tot verwante (veral sosiale) vakwetenskappe; kritiese studie van die verskillende gedagterigtings en opvattinge t.o.v. die behoefte aan, benadering, praktiese waarde en die probleme van die vak.
- (b) *Bronne van die vak* en ’n sistematisering daarvan; studie van standaardwerke oor die vernaamste aspekte van die Naturelle-administrasie.
- (c) Verskillende *Onderzoekmetodes* en besondere vraagstukke m.b.t. objektiewe bronnestudie en individuele en groepsveldwerk, ook in ekonomies minder-ontwikkelde gebiede; tegniese versorging en wetenskaplike sistematisering van ingesamelde gewens.

Vraestel 2.

Suid-Afrikaanse Naturellebeleidsrigtings.

’n Voortgesette, intensiewe studie van die verskeie naturelle-beleidsrigtings voor en na unifikasie en hulle ontwikkeling. ’n Kritiese vergelyking van beleidsrigtings gevolg in die Kaapkolonie (Ciskei en Transkei), Natal en die republieke voor 1910. Persone soos bv. Sir George Grey, Sir Theophilus Shepstone, Cecil John Rhodes, J. H. Hofmeyr (eertydse minister in Uniekabinette) en genl. J. B. M. Hertzog, organisasies (bv. die I.C.U., A.N.C., S.A. Instituut vir Rasseverhoudings en die S.A. Buro vir Rasse-aangeleenthede) en ander faktore (bv. ekonomiese faktore, die internasionale mening en verslae van regerings-kommissies) wat die ontwikkeling van naturellebeleid in Suid-Afrika beïnvloed het.

Vraestel 3.

Naturelle-Ontwikkelingsprobleme in Ekonomies Minder-ontwikkelde streke.

’n Intensiewe studie van naturelle-ontwikkelingsprobleme in ekonomies minder-ontwikkelde streke, met spesiale verwysing na Afrika suid van die Sahara. Aandag word gewy aan o.a. naturellebestuurs-, -administratiewe, en verwante sosio-ekonomiese ontwikkelingsprobleme.

Vraestel 4.

Probleme t.o.v. beleidsrigtings vir die administrasie van inboorlingvolke :

- (a) ’n Vergelykende studie van die beleidsrigtings in lande en gebiede bewoon deur verskillende rasse of meervoudige gemeenskappe. Aandag moet geskenk word aan Afrika (insluitende die Republiek van Suid-Afrika), die V.S.A., Brasilië, Hawaii-eilande Australië, die Wes-Indiese Eilande en Indonesië.

EN

- (b) ’n Studie ten opsigte van ’n naturelle-administrasie-probleem soos voorgeskryf. (Tot nadere kennisgewing: Naturelle-administratiewe vraagstukke wat uit stadwaartse naturellemigrasie in Afrika suid van die Sahara spruit; stedelike naturelle-administrasie).

OF

- (c) Enige goedgekeurde naturelle-administrasieprobleem, gekies in oorlegpleging met die Hoof van die Departement.

Vraestel 5.

Akkulturasië en Transkulturasie.

Teorië en probleme in verband met akkulturasie en transkulturasie, met verwysing na toestande in Suidelike Afrika en Amerika; beleidsrigtings op die terrein van natuurle-administrasie vir sover dit van belang is in verband met kultuurverandering.

(Studente wat Antropologie as 'n hoofvak vir die B.A.-graad geneem het, hoef nie hierdie vraestel te doen nie. In sulke gevalle sal alternatiewe studiemateriaal vir hierdie vraestel deur die Hoof van die Departement voorgeskryf word).

DEPARTEMENT BANTOETALE

(Xhosa, Zoeloe, Noord- en Suid-Sotho, Tswana en Venda).

(a) *Personeel*

- *Professor : G. I. M. MZAMANE, M.A. (S.A.)
Professor : Vakant
- (a) Gevorderde teorie en waardegrondslae van Publieke Administrasie: *capita selecta* van benaderings, skrywers en skole.
- (b) Die teorie en administratiewe praktyk van owerheidsbeplanning.
- (c) Gevorderde finansiële administrasie in die openbare sektor (*slens indien die kandidaat in Ekonomie III geslaag het*).

- (d) Gevorderde internasionale publieke administrasie (*slegs indien die kandidaat in Staatsleer III geslaag het*).
- (e) Spesiale besluitvormingsprobleme binne die ekologie van publieke administrasie *Deel II: Vraestelle 4 en 5 is repektiewelik (f) plus enigen van (g) tot (i).*
- (f) Gevorderde studie van besondere setrale en plaaslike bestuursvraagstukke van die moderne tyd: *capita selecta.*
- (g) Gevorderde vergelykende plaaslike bestuur.
- (h) 'n Gevorderde studie van moderne interowerheidsverhoudings met spesiale verwysing na Suid-Afrika.
- (i) 'n Honneursvraestel uit 'n verwante vak waarvan die kandidaat in die derdejaarskursus vir sy baccalaureus geslaag het, *met die goedkeuring van die betrokke Departementshoofde.*

DEPARTEMENT WYSBEGEERTE

(a) Personeel

*Professor:

E. J. MARAIS, B.A. (Stell.), M.A. (S.A.), B.D. (V.U.Amst.),
D.Th. (S.A.).

Senior Lektor:

B. J. VAN DER WALT, M.A., Th.B. (Potch.)

(b) Leerplanne



A. Inleiding tot:

1. Die aard van die wysbegeerte.
2. Die vertakkinge van die wysbegeerte.
3. Die vernaamste wysgerige probleme.
4. Toegepaste wysbegeerte.

B. Griekse wysbegeerte (met spesiale verwysing na Plato en Aristoteles).

Kursus II

(2 vraestelle)

Vraestel 1

- A. Middeleeuse wysbegeerte (met spesiale verwysing na Augustinus en Aquino).
- B. Moderne wysbegeerte tot Hume (bv., Descartes, Leibniz, Locke, Hume).
- C. Kant (met spesiale verwysing na die *Kritik der reinen Vernunft*).

Vraestel 2

A. Metodologic:

1. Tradisionele logika: Die kategoriese sillogisme.
2. Simboliese logika: Propositionele en predikaatlogika.
3. Wetenskapmetodes: Induksie, waarskynlikheid, hipotese, teorie, w.t.

B. Kennisleer: Die oorsprong en omvang van kennis met spesiale verwysing na die teorie van verskynsels en die fenomenologie.

Kursus III

(3 vraestelle)

Vraestel 1

- A. 19de eeuse wysbegeerte (bv., Hegel, Comte, Nietzsche).
- B. 20ste eeuse wysbegeerte (bv., Husserl, Ryle, Sartre).
- C. Inleiding tot:
 1. Oosterse wysbegeerte.
 2. Wysbegeerte van Afrika.
 3. Bydraes van Suid-Afrikaanse wysgere.

Vraestel 2

- A. Wysbegeerte van die geskiedenis (bv., Dilthey, Toynbee, Collingwood).
- B. Wetenskapsfilosofie (bv., Eddington, Planck, Heisenberg).
- C. Godsdiensfilosofie (bv., Barth, Bultmann, Tillich).

Vraestel 3

- A. Metafisika: 'n kritiese bespreking van tradisionele spekulatiewe metafisika in vergelyking met hedendaagse immanente of beskrywende metafisika.
- B. Waardefilosofie:
 - 1. Etiek: Die vernaamste benaderings, vraagstukke en begrippe.
 - 2. Estetika: Die vernaamste benaderings, vraagstukke en begrippe.
- C. Staatsfilosofie: Die vernaamste benaderings, vraagstukke en begrippe.

Honneurs

(4 vraestelle)

Vraestel 1

'n Uitgebreide studie van 'n hedendaagse wysgeer of groep hedendaagse wysgere.

Vraestel 2

'n Uitgebreide studie van 'n wysgerige vraagstuk.

Vraestel 3

'n Uitgebreide studie van 'n periode in die geskiedenis van die wysbegeerte.

Vraestel 4

'n Kritiese ontleding van 'n erkende wysgerige werk.

Magisterkursus

'n Verhandeling oor 'n goedgekeurde wysgerige onderwerp wat bewys lewer van onafhanklike en kritiese oordeelsvermoë.

TAALLABORATORIUM

*Direkteur: L. PROCTOR, M.A. (Cantab.), T.T.D.

Bywoning van die taallaboratoriumwerk vir Engels I en Afrikaans I studente is verpligtend vir mondelinge werk. . Kursusse vir Beginners-Afrikaans is ook beskikbaar.

Studente mag die taallaboratorium vir hul eie studiewerk in moderne tale gebruik.

Taallaboratorium

Behalwe die vakke wat in hierdie prospektus genoem word, kan sekere ander vakke wat deur ander fakulteite aangebied word, ook onder die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte as hoofvakke of aanvullende vakke geneem word. Hierdie vakke word in die lys van vakke in paragraaf A.3 van die reglement van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangegee. Studente word aangeraai om die prospektusse van die betrokke fakulteite te raadpleeg vir die inhoud van hierdie vakke.

FAKULTEIT NATUURWETENSAPPE

Dekaan van die Fakulteit : Professor G. J. J. VAN RENSBURG, M.Sc. (Pret.), Ph.D. (S.A.), H.O.D.

Toegepaste Wiskunde en Statistiek :

- *Professor : S. LINDE, M.Sc. (O.V.S.)
- Senior Lektor : Vakant
- Lektor : P. C. WAGENER, M.Sc. (Pret.), B.Sc.Hons. (S.A.)
- Lektor : P. C. N. GROENEWALD, M.Sc. (O.V.S.)

Planthkunde :

- *Professor : Vakant
- Senior Lektor : D. N. BOSHOFF, M.Sc. (Potch.)
- Lektor : R. L. VERHOEVEN, M.Sc. (Pret.)
- Lektor : O. H. D. MAKUNGA, B.Sc.Hons. (S.A.), U.O.D.
- Lektor : D. P. FERREIRA, B.Sc.Hons. (Potch.)
- Demonstrateur-Tegnikus: B. B. BALA, B.Sc.Hons. (S.A.), U.O.D. (Rhodes)

Chemie :

- *Professor : A. S. GALLOWAY, Ph.D. (St. Andrews), F.R.I.C., L.S.A. Chem. I.
- Professor : D. H. MEIRING, D.Sc. (O.V.S.), L.S.A. Chem. I.
- Senior Lektor : E. W. GIESEKKE, Ph.D. (Rand)
- Lektor : I. C. DU PREEZ, M.Sc. (O.V.S.)
- Junior Lektor : P. D. D. GOOLAM, M.Sc. (Hons.) (S.A.)
- Tegnikus : M. WALTON.

Aardrykskunde en Geologie :

- *Professor : W. C. Els, M.A., M.Ed. (O.V.S.), D.Litt. et Phil. (S.A.)
- Senior Lektor : N. C. TAIT, M.A. (Stell.)
- Lektor : C. J. UYS, B.A.Hons. (S.A.),
- Lektor : E. M. MAKHANYA, M.A. (S.A.) B.O.D.
- Senior Lektor (Geologie) : J. C. THERON, D.Sc. (O.V.S.)
- Lektor (Geologie) : C. S. KINGSLEY, M.Sc. (O.V.S.)

Landmeetkunde :

- *Professor : L. EEKHOUT, B.Sc. (Ing.) (Rand), B.Sc. (Fotogram Ing.) (Delft.)
- Senior Lektor : G. C. OLIVIER, B.Sc. (S.A.), Dip. L.S. (J.C.P.E.), L. (S.A.) M.I.G.L.S.

Natuurkunde :

- *Professor : J. T. DAVIDSON, M.Sc. (S.A.)
- Senior Lektor : P. H. PIETERS, M.Sc. (Stell.)
- Senior Lektor : S. J. BURGER, M.Sc. (Stell.)
- Junior Lektor : J. R. SERETLO, M.Sc. (S.A.)
- Junior Lektor : M. C. RADEBE, M.Sc. (S.A.)
- Senior Tegnikus vir Wetenskap departemente: M. H. W. THIELEMANN.
- Assistent Tegnikus : N. E. SCHAEFFER.

Wiskunde :

- *Professor : G. J. J. VAN RENSBURG, M.Sc. (Pret.), Ph.D. (S.A.) H.O.D.
- Senior Lektor : S. F. G. WESSELS, M.Sc. (Potch.), Ph.D. (U.P.E.), U.O.D.
- Tydlike Lektrise : Mev. J. UYS, B.Sc. (Stell.)

Dierkunde :

- *Professor : R. A. VAN DEN BERG, M.Sc. (Natal), D.Sc. (Potch.)
- Senior Lektor : J. E. SAAYMAN, M.Sc. (Stell.), Ph.D. (S.A.)
- Senior Lektor : T. G. GAIGHER, M.Sc. (Pret.), Ph.D. (R.A.U.)
- Lektrise : Mej. J. P. F. WILLIAMS, B.Sc.Hons. (Rhodes) B.A. (S.A.)
- Lektor : J. E. MAKHENE, B.Sc.(Hons.) (S.A.)
- Lab. Tegnikus Graad A : P. KEKANA
- Fakulteitsekretaresse/Tikster: Mev. E. WANNENBURG.

*Departementshoofde.

REGLEMENT

Die Statutere, Algemene en Gemeenskaplike Regulasies is ook van krag waar hulle van toepassing is.

Grade in die Fakulteit van Natuurwetenskappe

Sc.1. In die Fakulteit Natuurwetenskappe word die volgende vyf grade toegeken:

- Baccalaureus Scientiae.....B.Sc.
- Baccalaureus Scientiae (Landmeetkunde)....B.Sc. (Landmeetkunde)
- Honneurs Baccalaureus Scientiae.....Hons. B.Sc.
- Magister Scientiae.....M.Sc.
- Doctor Scientiae.....D.Sc.



Die Graad Baccalaureus Scientiae

Duur van Leergang en Vakke :

Sc.2. Die leergang duur minstens drie jaar en word uit kursusse in die volgende vakke saamgestel:

University of Port Harcourt GROEP I

- | | |
|--------------|-----------------------|
| Aardrykkunde | Plantkunde |
| Biologie I | Sielkunde |
| Chemie | Toegepaste Wiskunde |
| Dierkunde | Wiskunde |
| Fisika | Wiskundige Statistiek |
| Geologie | Statistiek |

GROEP II

- | | |
|----------------------|------------------------------|
| Afrikaans-Nederlands | Xhosa of 'n ander Bantoetaal |
| Engels | Wysbegeerte I |

Samestelling van Leergang :

Sc.3. 'n Leergang bestaan uit minstens nege graadkursusse wat soos volg verdeel word:

- | | |
|--------------|----------------|
| Eerste jaar | hoogstens vier |
| Tweede jaar | hoogstens vier |
| Derdert jaar | hoogstens drie |

Met dien verstande dat:

- (1) Wiskunde IA en Wiskunde IB word vir die doel van bostaande maksima as volle kursusse beskou, behalwe as hulle saam geneem word;
- (2) 'n Student wat in sy eerste of tweede jaar in een of meer kursusse druipe, een sodanige kursus in 'n daar-opvolgende jaar kan herhaal en erkenning daarvoor kan verkry bo en behalwe bostaande maksimum;
- (3) 'n Student hoogstens twee kursusse bo en behalwe die minimum van nege kursusse voorgeskryf vir die graad, vir nie-graaddoeleindes mag neem;
- (4) aan 'n student nie erkenning vir meer as elf kursusse vir die graad verleen word nie.

Herhaling van Kursusse :

Sc.4. Kursusse wat herhaal kan word sluit in:

- (a) 'n kursus waarin voorheen vir 'n graad van die Universiteit, of vir 'n graad van 'n ander Universiteit, gedruip is;
- (b) 'n kursus waarin voorheen geslaag is sonder erkenning vir die graad.

Bepaling van die Studiejaar :

Sc.5. (1) 'n Student ontvang erkenning vir elke kursus waarin hy slaag, maar word nie toegelaat tot die kursusse van die tweede jaar alvorens hy nie in minstens drie eerstejaar kursusse geslaag het nie.

(2) 'n Student word geag in sy eerste studiejaar te wees totdat hy erkenning verkry het in drie kursusse; hy word geag in sy finale studiejaar te wees wanneer hy vir die eindakursusse in sy hoofvakke ingeskryf het, of wanneer hy erkenning verkry het vir die eindakursusse van sy hoofvakke, maar moet nog in ander kursusse slaag om aan die vereistes van die graad te voldoen; andersins sal hy geag word in sy tweede studiejaar te wees.

Beperkinge op Keuse van Kursusse :

Sc.6. (1) (a) Geen student sal toegelaat word om te registreer vir die B.Sc. graad indien hy nie in Wiskunde by die Matrikulasie- of gelykstaande eksamen geslaag het nie.

(b) 'n Student neem Toegepaste Wiskunde II slegs na Wiskunde I; en Toegepaste Wiskunde III slegs na Wiskunde II.

(c) Om tot die eksamen in Chemie II toegelaat te word, moet 'n student Wiskunde IA afgelê het of minstens tot die eksamen in Wiskunde I of Statistiek I toegelaat gewees het: Met dien verstande dat geen erkenning vir Chemie II gegee word voordat hy in Wiskunde I of Statistiek I geslaag het nie.

(d) Om tot die eksamen in Fisika II toegelaat te word, moet 'n student Wiskunde IA afgelê het of minstens tot die eksamen in Wiskunde I toegelaat gewees het: Met dien verstande dat geen erkenning vir Fisika II gegee word voordat hy in Wiskunde I geslaag het nie.

(e) 'n Student neem Plantkunde III slegs na by Chemie I geslaag het.

(f) 'n Student neem Dierkunde III slegs na by Chemie I geslaag het.

(g) 'n Student neem Wiskundige Statistiek II slegs na Wiskunde I; en Wiskundige Statistiek III slegs na Wiskunde II.

(h) Wiskunde I bestaan uit twee halwe kursusse, IA en IB. Graaderkenning word nie vir IA verleen nie, en om erkenning vir kursus I te verkry, moet 'n student in beide IA en IB slaag. Kursus IB kan slegs na IA geneem word. 'n Student kan of vir die volle kursus I inskryf of slegs vir IA: met dien verstande dat die Hoof van die Departement sal bepaal of 'n student met die volle kursus mag voortgaan of slegs met IA: verder met dien verstande dat 'n student wat in kursus I gedruip het verplig kan word om by 'n volgende registrasie slegs vir IA in te skrywe. Vir 'n kandidaat wat die volle kursus skryf is die twee vraestelle die vir IA en IB, maar die eksamen word in die geheel geslaag of gedruip.

(i) 'n Student mag Statistiek I alleenlik neem indien Wiskunde I nie in die kursusse vir die graad ingesluit is nie.

(2) 'n Student ontvang nie vir meer as een kursus uit Groep II erkenning vir die graad nie.

(3) 'n Student ontvang nie vir Biologie I en òf Plantkunde I òf Dierkunde I erkenning vir die graad nie.

Hoofvakke :

Sc.7. Elke leergang moet minstens twee hoofvakke bevat.

Sc.8. Die eindeksamen in 'n hoofvak word nie voor die derde studiejaar afgelê nie.

Sc.9. Die hoofvakke word uit die volgende gekies:

Aardrykskunde	Plantkunde
Chemie	Sielkunde
Dierkunde	Toegepaste Wiskunde
Fisika	Wiskunde
Geologie	Wiskundige Statistiek
	Statistiek

Sc.10. 'n Student wat een van die onderstaande hoofvakke neem, moet die kursusse daarteenoor vermeld, neem:

Hoofvakke.

Chemie
Dierkunde
Fisika
Geologie
Plantkunde
Toegepaste Wiskunde
Wiskundige Statistiek

Byvakke.

Minstens Fisika I en Wiskunde I of Stat. I
Minstens een kursus in Chemie
Minstens twee kursusse in Wiskunde
Minstens een kursus in Chemie
Minstens een kursus in Chemie
Minstens twee kursusse in Wiskunde
Minstens twee kursusse in Wiskunde.

Sc.11. 'n Student moet voor of gelyktydig met die eksamen in 'n hoofvak slaag in die byvak of byvakke in Sc.10. vermeld: Met dien verstande dat indien hy gelyktydig in twee hoofvakke, of ooreenkomstig G.21. in een hoofvak, geslaag het maar in een of meer van die verpligte byvakke gedruip het, hy in daardie hoofvak(ke) nie weer eksamen hoef te doen nie dog vir die graad erkenning vir die hoofvak(ke) ontvang wanneer hy in die byvak(ke) slaag.

Jaarpunt :

Sc.12. In alle vakke is die persentasie toegeken aan die jaar punt 50%.

Hereksamen :

Sc.13. 'n Kandidaat word nie tot 'n aanvullende eksamen in enige vak toegelaat nie, behalwe met vergunning van die Senaat op aanbeveling van die Fakulteitsraad vir die Natuurwetenskappe.

Slaag met Onderskeiding :

Sc.14. 'n Student slaag 'n hoofvak met onderskeiding as hy 'n slaagpunt van 75% in die finale eksamen behaal het.

Die Graad Honneurs Baccalaureus Scientiae

Sc.15. Elke kandidaat vir die graad Honneurs Baccalaureus Scientiae moet die graad van Baccalaureus Scientiae van die Universiteit behaal h.t. of moet tot die status van daardie graad toegelaat gewees het. As die graad Baccalaureus verwerf is (a) aan die Universiteit sonder dat die betrokke vak een van sy hoofvakke was, of (b) aan 'n ander Universiteit, moet hy die Senaat aangaande sy kwalifikasies in daardie vak bevredig voordat hy tot die eksamen vir die graad Honneurs Baccalaureus toegelaat kan word.

Sc.16. Die Hons.B.Sc.-graad word in die volgende departemente verleen:—

Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Fisika, Chemie, Plantkunde, Dierkunde, Aardrykskunde, Sielkunde, Wiskundige Statistiek en Geologie.

Sc.17. Die Hons.B.Sc.-eksamen word afgeneem deur middel van eksamenvrastelle en/of praktika, plus sodanige mondeling of vertaaltoets as wat in 'n afsonderlike departement voorgeskryf word, wat gewoonlik almal in die tydperk November—Desember van elke jaar afgeneem word.

Sc.18. Kandidate vir die Hons.B.Sc.-eksamens in Fisika, Chemie en Plantkunde moet 'n aantekeningboek van praktiese werk bevattende 'n rekord van die praktiese werk uitvoer, by die praktiese eksamen inlewer. Die rekord moet deur die persoon onder wie se toesig hulle gewerk het, onderteken word.

Slaag met Onderskeiding :

Sc.19. 'n Student slaag met onderskeiding as hy 'n gemiddelde slaagpunt van 70% in al die vraestelle behaal het.

Die Graad Magister Scientiae

Sc.20. Die departemente waarin die graad M.Sc. toegeken kan word, is dieselfde as die soos in reglement Sc.16 uiteengeait.

Sc.21. Elke kandidaat vir die graad Magister Scientiae moet eers die graad Honneurs Baccalaureus Scientiae van die Universiteit in die betrokke departement behaal het of moet tot die status van die graad Hons.B.Sc. aan die Universiteit toegelaat gewees het en

die Senaat tevrede gestel het aangaande sy kwalifikasies in die betrokke vak voordat hy tot die eksamen vir die Magistergraad toegelaat word.

Sc.22. Die eksamen vir die graad bestaan uit eksamenvraestelle of 'n verhandeling; of 'n samestelling van eksamenvraestelle en 'n verhandeling, na gelang afsonderlike departemente voorskryf.

Sc.23. Elke verhandeling moet vergesel wees van 'n verklaring oor die mate waarin dit, sowel in opvatting as in uitvoering, die student se eie werk verteenwoordig.

Sc.24. Die verhandeling mag nie ingedien word voordat die kandidaat die eksamen vir die Honneurs Baccalaureusgraad suksesvol afgelê het nie, en ook nie in 'n korter tydperk as twee jaar nadat die Baccalaureusgraad suksesvol afgelê is nie.

Die Graad Doctor Scientiae

Sien reëls G.47-G.54.

Vir verdere inligting raadpleeg die Dekaan van die Fakulteit van Natuurwetenskappe.

Leergang vir die Graad B.Sc. (Landmeetkunde).

Die kursusse is soos volg :

Eerste Jaar :

Wiskunde I
Fisika I
Toegepaste Wiskunde I of Aardrykskunde I
Landmeetkunde I
Meetkundige Tekene.

Tweede Jaar :

Wiskunde II
Optika
Boldriehoeksmeting
Landmeetkunde II
Topografiese Tekene
Geologie I



University of Fort Hare
Together in Excellence

Derde Jaar :

Landmeetkunde III
Praktiese Sterrekunde
Fotogrammetrie
Kaartprojeksies
Die Teorie van Kleinste Kwadrate

Vierde Jaar :

Landmeetkunde IV
Geodesie
Professionele Praktijk
Die uitvoering van 'n voorgeskrewe praktiese projek
Stad-en Streeksbeplanning.

Afsluiting van Leergang :

1. Om tot die kursusse van die tweede studie jaar toegelaat te word, moet 'n kandidaat Wiskunde I, Fisika I en Landmeetkunde I geslaag het.
2. Om tot die kursusse van die derde studiejaar toegelaat te word, moet 'n kandidaat Wiskunde II, Optika en Landmeetkunde II geslaag het en ook al die kursusse van die eerste jaar voltooi het.
3. Om tot die kursusse van die vierde studiejaar toegelaat te word, moet 'n kandidaat geslaag het in Landmeetkunde III en enige ander twee vakke van die derde jaar en ook alle eerste-en tweedejaarskursusse voltooi het.
4. Voor toekenning van die graad moet kandidate bewys lewer van:
 - (a) Minstens 26 weke praktiese veldwerk onder toesig van 'n goedgekeurde geregistreerde landmeter of ander bevoegde werkgewer, en
 - (b) Verwerwing van 'n erkende sertifikaat in noodhulp.

LEERPLANNE

TOEGEPASTE WISKUNDE

Kursus I (Een vraestel)

Spoed, snelheid en versnelling. Krag, momentum en die wette van beweging. Arbeid, arbeidstempo en energie. Impulsiewe kragte en die botsing van elastiese voorwerpe. Projektiële. Beweging in 'n sirkel. Enkelvoudige harmoniese beweging.

Statika van 'n partikel en die van die starre liggaam. Voorwaardes vir ewewig. Dinamika van 'n starre liggaam.

Wrywing. Massamiddelpunte.
Elemente van die hidrostatika.

Kursus II (Twee vraestelle)

Vlakke kinematika; Kinematika van 'n partikel en die beweging van die starre liggaam ewewydig aan 'n vaste platvlak.

Metodes van die dinamika in die platvlak: beweging van 'n partikel en 'n sisteem. Bewegende referensiestelsels. Projektiële met weerstand, harmoniese ossillatore, algemene beweging onder invloed van 'n sentrale krag en planetebeweging.

Algemene teorie van die impulsiewe krag.

Statika in die ruimte.

Ruimtelike kinematika van die partikel en die starre liggaam.

Traagheidsmomente en produkte.

Kinetiese energie en hoekmomentum.

Bewegende referensiestelsels in die ruimte en die beweging van die starre liggaam.

Lagrange se vergelykings.

Virtuele arbeid.

Die kettinglyn. University of Fort Hare

Together in Excellence

Kursus III (Twee vraestelle)

Ruimtelike beweging van 'n starre liggaam. Lagrange se vergelykings.

Hamilton-Jacobi teorie. Klein trillings.

Tensor analise en die relativiteitsteorie.

Elektrostatika en elektrodinamika met die gebruik van sekere spesiale funksies.

Nagraadse Kursusse

'n Goeie slaagsyfer in Wiskunde III is 'n noodsaaklike voorvereiste vir toelating tot die honneurs-studie. Bespreek met die hoof van die Departement.

WISKUNDIGE STATISTIEK

N.B.—Hierdie vak mag alleen deur B.Sc. Studente geneem word.

Kursus I (Een vraestel)

Waarskynlikheidsleer: Permutasies en kombinasies. Binomiaal en hypergeometriese waarskynlikheidswette, steekproewe en toevalsifers. Gebruik van die normaalkromme. Steekproefverdelings en standaard foute. Rangorde korrelasie, tekentoets en U-toets. Hipotesetoetsing.

Statistiek: Diagrammatiese en grafiese voorstelling van waarnemings. Betekenis en berekening van gemiddeldes, koëffisiente van verspreiding en skeefheid, momente. Tweeveranderlike waarnemings; verspreidingsdiagram, korrelasie en regressie. Aanpassing van reglynige en eksponensiële krommes en die metode van kleinste kwadrate. Tydreeks en indekssifers.

Kursus II (Twee vraestelle)

Waarskynlikheidsrekening: Aksiomatiese waarskynlikheidsleer, toevalsveranderlikes, standaard eenveranderlike verdelings. Gesamentlikverdeelde toevalsveranderlikes, verdelings van funksies van gesamentlikverdeelde toevalsveranderlikes, voorwaardelikes, voorwaardelike verdelings. Momente, momentevoortbringende en karakteristieke funksies; korrelasie, regressie en die korrelasie verhoudings. Eenveranderlike normaal steekproefteorie.

Statistiek: Elementêre puntskatting, intervalskatting en hipotesetoetsing. Passing van frekwensie krommes.

Numerieke Wiskunde: Differensierekening, intepolasie formules. Oplossing van lineêre stelsels.

Kursus III (Drie vraestelle)

Waarskynlikheidsrekening: Distribusieleer; Limietstellings; Elementêre stogastiese prosesse.

Statistiek: Normaal steekproefteorie. Skattingsteorie. Hipotesetoetsing, analise van variansie en kovariansie, probitontleding, verdelingsvrye metodes. Steekproefneming, steekproef inspeksie en kwaliteitskontrolle. Meerveranderlike verdelings, meervoudige en parsieële korrelasie.

Numerieke Wiskunde: Aanpassingsmetodes, ortogonale polinome, differensievergelykings.

Nagraadse Kursusse

Voorvereiste: Goeie slaagsyfers in Wiskunde III en Wiskundige Statistiek III. Bespreek met die hoof van die Departement.

STATISTIEK

Kursus I (Twee vraestelle)

Wiskunde: Boogmaat. Inverse funksies. Permutasies en kombinasies. Die binomium vir positiewe, heeltallige eksponente. Die limietsbegrip. Differensiasie van elementêre funksies. Afgeleides van hoër orde. Ekstreem waardes. Eenvoudige integrasie deur substitusie. Eenvoudige bepaalde integrale en die bepaling van oppervlaktes.

Statistiek: Versamelings van statistiese data, klassifikasie en tabulasie. Frekwensieverdelings en diagrammatiese voorstelling daarvan. Berekening van gemiddeldes en verspreidingsmate. Indeksifers en tydreekse. Lineêre regressie en korrelasie.

Waarskynlikheidsrekening: Kombinasies van waarskynlikhede. Binomiaal-verspreiding met toepassing in steekproefteorie.

Samegestelde rente en anuiteite.

Praktiese werk.

Kursus II (Twee vraestelle)

Wiskunde: Determinante van tweede en derde orde. Oplossing van gelyktydige vergelykings. Standaard integrale, bepaalde integrale, dubbel integrale en benaderde integrasie. Parsieële integrasie.

Numeriese wiskunde: Differensietabelle en differensieoperatore. Faktoriaal magte. Interpolasie formules vir gelyke intervalle.

Statistiek: Passing van frekwensiekrommes. Steekproewe van standaard foute en toepassings. Normale steekproefteorie.

Groot steekproefteorie.

Waarskynlikheidsrekening: Waarskynlikhede en toevalsyfers. Eienskappe van waarskynlikheidsverdelings.

Praktiese werk.

Kursus III (Drie vraestelle)

Wiskunde: Onbepaalde vorme. Stelling van Taylor en reeksontwikkeling van funksies. Beta- en Gammafunksies. Differensiaalvergelykings.

Numeriese Wiskunde: Differensierekene van ongelyke intervale. Interpolasieformules van Lagrange en Newton. Inverse interpolasie. Determinante en matrikse Numeriese metodes vir rekenmasjiene.

Statistiek: Nie-lineêre korrelasie en regressie. Meervoudige en parsieële korrelasie. Hipotese-toetsing. Toepassing van t, F en χ^2 toetse. Enkele parametervryetoetse. Steekproefmetodes en toepassing.

Waarskynlikheidsreken: Die stelling van Bayes. Limietstellings.

Wet van grootgetalle.

Praktiese werk.

PLANTKUNDE

Kursus I

1. Inleiding tot sitologie en plantbiochemie.
 2. Bou, voortplanting en lewensgeskiedenis van uitgesoekte tipes van die Bacteriophyta, Phycophyta, Mycophyta, Bryophyta, Pteridophyta, Gymnospermae en Angiospermae.
 3. Die grondbeginsels van plantfisiologie.
 4. Genetika.
 5. Die ekologie van Suid-Afrikaanse saadplante.
 6. Ekonomiese plantkunde toegeelig aan die hand van plante wat tot die bestudeerde families behoort.
- Die praktiese werk sal oor al die afdelings gaan.

Kursus II en III

Die kursus sal oor al die belangrikste afdelings van plante gaan en behandel die sitologie, plantbiochemie, uitwendige en inwendige bou, klassifikasie, fisiologie, erflikheidsleer en ekologie.

Honneurskursus

Hierdie kursus strek oor 2 jaar en dek al die belangrikste afdelings van plantkunde.

BIOLOGIE I

1. Inleiding tot sitologie en biochemie.
 2. 'n Oorsigtelike studie van die bou en lewensgeskiedenis van die belangrikste groepe in beide die planteryk en diereryk.
 3. Die grondbeginsels van plantfisiologie.
 4. Die algemene bou en funksies van die belangrikste sisteme, organe en weefsels in die soogdier.
 5. Erflikheidsleer.
 6. Ekologie.
- Die praktiese werk sal oor al die afdelings gaan.

CHEMIE

Kursus I

Teorie:

- A. *Fisiese Chemie* :
Inleidende studie van fisies-chemiese onderwerpe.
- B. *Anorganiese Chemie* :
Die periodieke tabel, en die chemie van bekende elemente in die hoofgroepe.
- C. *Organiese Chemie* :
Chemie van eenvoudige alifatiese verbindings; inleiding tot die studie van aromatiese verbindings.
- D. *Analitiese Chemie* :
Elementêre beginsels van kwalitatiewe en kwantitatiewe analise.

Prakties:

Eenvoudige bereidings; kwalitatiewe toetse; titrimetriese en gravimetriese analise.

Kursus IA (Vir B.Agric. kandidate)

Teorie:

- A. *Fisiese, Anorganiese en Analitiese Chemie* :
'n Studie van grondbeginsels van fisiese, anorganiese en analitiese chemie met klem op die wat van besonder belang in die landbou is.
- B. *Organiese Chemie* :
Inleidende studie van alifatiese, aromatiese en heterosikliese verbindings; vette, koolhidrate, en stikstof-bevattende verbindings.

Prakties:

Elementêre kwalitatiewe en kwantitatiewe analise; eenvoudige bereidings en fisies-chemiese bepalinge.

University of Fort Hare

Kursus II

Together in Excellence

Vraestel 1: *Analitiese en Anorganiese Chemie* :

- A. *Analitiese Chemie* :
Teorie en toepassings van titrimetrie; foute in kwantitatiewe analise.
- B. *Anorganiese Chemie* :
Inleiding tot die studie van chemiese strukture; periodieke indeling van die elemente; die chemie van die tipiese elemente.

Vraestel 2: *Fisiese Chemie* :

Termodinamika; kinetiese teorie van gasse; elementêre kwantum meganika.

Vraestel 3: *Organiese Chemie* :

Studie van alifatiese verbindings en monosikliese aromatiese verbindings; reaksiesiemechanismes.

Prakties:

'n Laboratoriumstudie van verteenwoordigende elemente en sommige van hulle verbindings; gevorderde titrimetriese bepalinge; fisies-chemiese eksperimente; die bereiding en reaksies van uitgesoekte alifatiese en aromatiese verbindings.

Kursus III

Teorie:

- Vraestel 1: *Analitiese en Anorganiese Chemie* :
- A. *Analitiese Chemie* : Gravimetriese en instrumentele metodes van analise.
- B. *Anorganiese Chemie* : Atoomstruktuur; kernchemie; komplekse verbindings; oorgangselemente en inneroorgangselemente.

Vraestel 2: *Fisiese Chemie* :

Reaksie kineties; termodinamika van nie-ideale sisteme; elektrochemie; die vaste toestand; oppervlakte-chemie.

Vraestel 3: Organiese Chemie:

Aromatiese, heterosikliese en alisikliese verbindings; fisiese tegnieke in die struktuurbeplanning van organiese verbindings.

Prakties:

'n Laboratorium studie van die oorgangselemente en sommige van hulle verbindings; fisies-chemiese eksperimente in fase-ewewig, oppervlakte-chemie, reaksie kinetiek, elektriese meting, termodinamika; gevorderde analitiese en preparatiewe metodes van organiese chemie.

Honneurs

Teorie:

Vraestel 1: Analitiese Chemie:

Die teorie en toepassings van skeidingsmetodes en van instrumentele metodes van analise; die statistiese behandeling van analitiese resultate.

Vraestel 2: Anorganiese Chemie:

Nuwe ontwikkelinge in gevorderde anorganiese chemie; bereiding, eienskappe en strukture van uitgesoekte elemente en verbindings.

Vraestel 3: Fisiese Chemie:

Kwantum meganika; molekuleêre spektroskopie; statistiese meganika; teorie van absolute reaksiesnelhede.

Vraestel 4: Organiese Chemie:

Reaksie meganismes; karbosikliese en heterosikliese verbindings; aromatisiteit; natuurprodukte; sintetiese harse.

Prakties:

Analise van minder bekende elemente en komplekse materiale; fisieschemiese eksperimente in onderwerpe soos elektriese en magnetiese eienskappe, spektroskopie, kalorimetrie, reaksie-kinetiek, oppervlakte verskynsels; bepaling van funksionele groepe in organiese verbindings; skeiding en identifikasie van die komponente van mengsels van organiese verbindings; bereiding van uitgesoekte organiese verbindings.



AARDRYKSKUNDE

Die berekening van die jaarpunt vir praktiese werk word gebaseer op 'n waarde-bepaling van elke kandidaat se laboratorium- en veldwerk (tot 'n maksimum van 50% van die totale jaarpunt); die orige deel word bepaal deur werkopdragte, studiekeuse, seminare en toetse.

Die Departement beskik oor die mees moderne optiese en kartografiese toerusting wat tot die beskikking van studente in die voorbereiding van hulle praktiese en akademiese werk gestel word.

Kursus I

Hersieningslesings oor die vorm van die aarde, sy planetêre verwantskappe en die voorstelling daarvan op bolle en kaarte. Inleidende lesings oor sommige gekose basiese begrippe in die aardrykskunde. Die elemente van fisiese en kulturele aardrykskunde. Praktiese werk behels, o.a., tegnieke van tekening en meting; van vergroting en verkleining; van die diagrammatiese en kartografiese voorstelling van statistiese gegewens. Bekendstelling van vertikale lugfotos en herkenning van aardrykskunde verskynsels; eenvoudige kaartvertolking. Weerkundige waarnemings by die Departement se weerstasie.

Kursus II

Kursus II is 'n uitbreiding, beide in diepte en omvang van die inleidende eerstejaarkursus en 'n sistematiese benadering word gevolg, nl. Ekonomiese Aardrykskunde, Sosiale Aardrykskunde, Geomorfologie en seminare oor die strekkundige, funksionele en onderwerp-benaderings met voorbeelde uit verskeie kontinente en onderwerpe vir

B.A. -studente. Voorts volg B.Sc.-studente ook 'n kursus in klimatologie en weerkunde. Die praktiese werk behels, o.a., tegnieke met betrekking tot kaartsamestelling, kaartontleding, metodes van navorsing in Sosiale Aardrykskunde; tegnieke met betrekking tot Geomorfologie—terrein evaluering en blokdiagramme; aardrykskundige interpretasie van lugfotos; statistiese tegnieke; kaartprojeksies.

Kursus III

Die derde studiejaar is 'n streekkundige en sistematiese toepassing van al die werk van die vorige jare en omsluit, behalwe vir die streekkundige studies van Suid-Afrika oor geomorfologie, klimaat, sosiale en ekonomiese aardrykskunde, ook 'n inleiding tot die politiese geografie en biogeografie. Praktiese werk sluit o.a. in gevorderde lugfoto-ontwikkeling, konstruksie van modelle van fisiese sisteme, sosio-ekonomiese sisteme, demografiese modelle, ekonomiese modelle, stedelike modelle en vestigings lokalisasie.

Honneurskursus

Die honneurskursus strek oor twee akademiese jare en sluit in die ontwikkeling van Aardrykskunde as Wetenskap, moderne neigings in die aardrykskunde; metodes en tegnieke van geografiese navorsing, en besondere studies oor gekose vertakkinge van die Aardrykskunde, nl. Geomorfologie, Klimatologie, Sosiale Geografie, Ekonomiese Geografie, Politieke Geografie.

N.B.—'n Gedifferensieerde kursus word vanaf Kursus II aangebied vir B.A.- en B.Sc.-studente.

Meesters- en Doktorsgrade: 'n Dissertasie of verhandeling word, o.a. vereis.

GEOLOGIE

Geologie word by Fort Hare aangebied met die aanvraag van die Ciskei en Transkei in gedagte. Aandag word verleen aan kursusse soos Sedimentologie en Sedimentere Petrologie, terwyl Geofisika en Ingenieurs-geologie ook as belangrike beskou word tesame met mineralogie en petrologie. 'n Opsomming van die kursusse word hieronder gegee.

Geologie I

'n Inleiding tot geologie verskaf die agtergrond tot verdere studie in geologie. Dit sluit in die hooftrekke van geologie, die omvang en die posisie daarvan in die moderne samelewing. Dit handel oor die heelal, die aarde, die rotse en algemene geologiese beginsels en prosesse.

'n Inleidende kursus van stratigrafiese beginsels word aangebied en die stratigrafie van Suidelike Afrika word vlugtig behandel. Hierdie gedeelte verskaf die verhouding van Suid-Afrikaanse rotse met mekaar en met tyd.

'n Kursus in die studie van landvorme word aangebied sowel as beginsels van fotogeologie en die interpretasie van lugfotos.

Die eerstejaarskursus word afgesluit met 'n kursus in geofisika. Die magnetiese-, elektriese-, gravimetrisiese- en seismiese metodes word behandel, sowel as boorgatbeskrywing, hidrologie en petroleumgeologie.

Die praktiese werk sluit kartografie, en oefeninge in geologiese kaarte, fotogeologie en geofisika in.

Geologie II

Hierdie jaar se studie word hoofsaaklik bestee aan kristallografie (die studie van kristalle), mineralogie (die studie van minerale) en petrologie (die studie van rotse).

'n Kursus in geochemie word ingesluit, met spesiale verwysing na spoorelemente. Geochemiese opnames word kortliks behandel.

Die praktiese kursus behels kristallografie, mineralogie en petrologie—baie tyd word afgestaan aan die studie van minerale en rotse en hul optiese eienskappe. Geofisiese en fotogeologiese studies is meer gevorderd.

Geologie III

Ekonomiese Geologie met spesiale verwysing na mineraalafsettings in Suid-Afrika word bestudeer. Die kursus sluit die ontstaan-prosesse, die klassifikasie van mineraalafsettings en mineraalokkasie in.

Verdere kursusse in Geofisika, Geochemie en Petrologie word aangebied.

Die kursus in Ingenieursgeologie behels die geologiese benadering van padkonstruksie, damterreine en -fondamente, terwyl kleinmineralogie ook kortliks behandel word.

Die praktiese werk sluit petrologie, geofisika en geochemie in, terwyl spesiale aandag gegee word aan sedimentêre analise en tegniese.



Eerste jaar :

Landmeetkunde I :

Die meettafel, direkte—en barometrisse nivellering, eenvoudige trekmeting, tagimetrie, eenvoudige handinstrumente, planimeter, tekenaar.

Meetkundige Tekene : Together in Excellence

Beskrywende meetkunde, insluitende snykrommes. Keëlsnedes. Ontwikkeling van vlakke. Ruimtelyne en vlakke, hul spore en ware inklinasie met projeksievlakke. Isometrisse—en skuinsprojeksies.

Wiskunde I :

Fisika I :

Toegepaste Wiskunde I :

Aardrykskunde I :

} Soos voorgeskryf vir B.Sc.

Tweede Jaar :

Wiskunde II :

Geologie I :

} Soos voorgeskryf vir B.Sc.

Optika :

Dik lense, lenskombinasies, aberrasie, ongstukke, objektieflense. Interferensie, Newton-effek. Skeidingsvermoë van teleskope.

Boldriehoeksmeting :

Boldriehoeke, formules van die boldriehoek. Die pooldriehoek. Oplossing van boldriehoeke. Klein veranderings. Die stelling van Legendre.

Landmeetkunde II :

Regstelling van nivelleerinstrumente, teodoliete en ander opmeetinstrumente. Basismeting en toepassing van korreksies, triangulasie, trekmeting. Trigonometrisse nivellering, voorbereiding van topografiese kaarte.

Topografiese tekene :

Tekeninstrumente, letterwerk (vryhand), lynwerk, waterverfwerk. Skale en stip van punte met gegewe koördinate. Kompilasie van kadastrale kaarte, topografiese kaarte en werkplanne.

Derde Jaar :

Landmeetskunde III :

Primêre, sekondêre en tersiêre triangulasie. Presiese trekmeting. Presiese nivellering. Ortometriese en dinamiese hoogtes. Seksies, gradiënt en volumes. Sirkelboë, oorgangsboë en vertikale boë. Aansuiwering van trekmetings, triangulasie—en nivelleernette.

Praktiese Sterrekunde :

Definisie van astronomiese terme. Middelbare tyd en sterretyd. Eenvoudige en meer akkurate metodes vir die bepaling van breedtegraad, lengtegraad en asimut vanaf son-en sterwaarnemings. Die astrolabium, posisielyne, metode van Talcott. Jaarlikse parallaks, preessie, nutasie, aberrasie en Bessel se dagwaardes.

Fotogrammetrie :

Vlak-perspektief. Die fototeodoliet. Kartering vanaf landfotos. Fotogrammetriese Optika. Lugopmeetkameras. Geometriese eienskappe van lugfoto's. Ontkanteling van lugfoto's. Radiaaltriangulasie. Mosaieke. Stereoakopie. Kartering vanaf lugfoto's. Fotogrammetriese karteermasjiene.

Kaartprojeksies :

Die algemene teorie van kaartprojeksies, beskouend die aarde as 'n sfeer. Distorsies van skaal, hoek, oppervlakte en vorm. Koniese projeksies. Die projeksie van Bonne, silindriese projeksies insluitende Mercator, die transversale Mercator, senitprojeksies, perspektiefprojeksies en projeksie van die internasionale kaart.

Die Teorie van Kleinste Kwadrate *rather in Excellence*

Toevallige en sistematiese foute. Foutfrekwensies, veral die normale frekwensie. Maatstawwe van presisie. Beswaarde waarnemings. Foutvoortplantingswette. Die aansuiwering van direkte en indirekte waarnemings. Die aansuiwering van voorwaardevergelings. Die nie-lineêre funksie. Streng en benaderde metodes van koördinaat-aansuiwering. Die fout-ellips.

Vierde Jaar :

Landmeetskunde IV :

Geodetiese basislyne, basisverlenging, standaard verkenningmetodes vir primêre, sekondêre en tersiêre triangulasie. Trilaterasie insluitend elektroniese metodes van afstandmeting. Aansuiwering van reekse van geodetiese driehoeke en presisie-bepaling van die resultate. Bepaling van sirkel-graduasiefoute, kalibrasie van nivelleerstawe. Loodlynafwykings en die Laplace asimut-vergelyking.

Geodesie :

Referensie-sferoïede. Geodetiese konstante. Drie-dimensionele koördinaat-en differensiaalmeetskunde van die sferoïed. Konforme transformasie van 'n vlak na enige ander vlak. Sferoïdale koördinate. Algemene teorie van die Gauss konforme projeksie. 'n Beskrywende behandeling van die basiese beginsels van fisiese geodesie. Bepaling van "g" met slinger en gravimeter, die gravitasieveld, vry lug, Bouguer en Isostatiese anomalieë.

Professionele Praktijk :

Opmetingswette en administratiewe prosedures van toepassing op bantoegebiede. Waardasie van terreine, geboue, landbou-en ander grond.

Stad- en Streeksbeplanning :

Opname en analise van grondgebruik, terrein-analise, standaard van dorpsontwikkeling, munisipale dienste inluitende gesondheid- en institusionele dienste, dorpsuitleg, statutêre regulasies en prosedures.

Praktiese take: 'n nywerheidsgebied,
'n volledige dorp,
'n landbou-nedersetting.

FISIKA

L.W.—Kandidate moet bewyse van die praktiese werk wat hulle uitgevoer het, voorlê. (Kyk paragraaf G13 van die Regulasies.)

Kursus I

Meganika.—Vektore en skalare. Samestelling van vektore. Liniêre beweging met konstante versnelling. Uniforme beweging in 'n sirkelbaan. Eenvoudige behandeling van enkelvoudige harmoniese beweging. Wette van beweging, werk en energie. Behoud van energie en momentum. Swaartekragwette. Planeet-beweging.

Eienskappe van Materie.—Elastisiteit. Hidrostatika. Oppervlaktespanning. Viskositeit.

Warmteleer.—Temperatuurskale. Termometers. Kalorimetrie. Uitsetting. Toestandsverandering. Elementêre kinetiese teorie en die gaswette. Damp: Hidrometrie. Voortplanting van warmte. Eerste wet van termodinamika.

Optika.—Aard van lig. Weerkasting, breking, dispersie. Spieëls en lense: Optiese instrumente. Fotometrie. Snelheid van lig. Elementêre beginsels van interferensie. Polarisasie van lig. Foto-elektriese effek. Spektra.

Klank.—Aard van klank. Snelheid van golwe. Pype en snare. Intensiteit, luidheid, toonhoogte, kwaliteit. Doppler effek.

Elektrisiteit en Magnetisme.

Elektrostatika.—Kragwette, velde en induksie. Kondensatore en diëlektrikums. Energie van gestoorde ladings.

Magnetostatika.—Kragwette, velde. Koppel op magneet in 'n veld. Magnetometrie. Aardmagnetisme. Ferromagnetisme.

Stroomelektrisiteit.—Wet van Ohm. Verhittingsverskynsels. Stroombane en wette van Kirchhoff. Elektroliese. Magnetiese effekte van strome. Elektriese meetinstrumente. Elektromagnetiese induksie. Elektriese masjiene—Dinamo—Motor—Transformator.

Elektronika en Kernfisika.

Elementêre en beskrywende behandeling (waar nodig) van.—Krag op 'n bewegende lading. Elektron lading en Avogadro se wet. Termioniese buise. X-strale. Radio-aktiwiteit en die vervaldeeltjies. Atoomkerne. Isotope. $E = mc^2$ en toepassings.

Kursus II

Meganika.—Roterende liggame. Enkelvoudige harmoniese beweging. Botsings. Skalaar en vektor produkte, gradiënt.

Eienskappe van Materie.—Elastisiteit. Oppervlaktespanning. Viskositeit.

Warmteleer.—Termometrie. Geleiding. Straling. Eerste Wet van Termodinamika. Elementêre inleiding tot die Tweede Wet van Termodinamika. Kinetiese teorie van gasse. Gelykverdelingswet van Energie.

Optika.—Golfteorie. Doppler-effek. Interferensie. Snelheid van lig. Geometriese Optika.

Elektrisiteit en Magnetisme.

Elektrostatika en Magnetostatika.—Die wet van Gauss en toepassings. Diëlektrikums. Beelde—elementêre behandeling. Dipole.

Stroom-elektrisiteit.—Strome en magnetiese velde. Kragte op ladings in magnetiese en elektriese velde. Stroombane wat induktansies, kapasiteite en weerstande bevat. Galvanometers. Stromingsmeters. Elementêre Dia-, Para-, en Ferromagnetisme. Curie se wet. Wisselstroom-teorie. Eenvoudige wisselstroom-brûe.

Atoom- en Kernfisika.—Vervaldeeltjies en hulle identifikasie. Botsings. Verstrooiing van deeltjies. Eksperimentele tegnieke in Kernfisika.

Klank.—Snelheid van golwe. Resonansie en gedwonge vibrasies.

Kursus III

Warmteleer.—Tweede wet van Termodinamika en toepassings. Carnot-siklus. Entropie. Die Maxwell-vergelykings en toepassings. Poreuse prop-eksperiment. Die vergelyking van Gibbs-Helmholtz. Termo-elektrisiteit. Kinetiese gasteorie. Gemiddelde vrye pad-verskynsels. Brown se beweging. Toestandsvergelykings. Teorie van Soortlike Warmtes. Stralingswette.

Meganika.—Sentrale kragte. Verdere vektor-teorie. Lagrange se vergelykings.

Lig.—Interferensieverskynsels—toepassings. Diffraksie. Polarisasie.

Elektrisiteit en Magnetisme.—Elektrostatika—Poisson se vergelykings. Elektromagnetiese vergelykings van Maxwell en sommige toepassings. Teorie van elektriese geleiding in metale. Verdere wisselstroomteorie. Termioniese emissie. Elektroniese buis stroombane, gelykrichting en versterking, ossilator en tel-stroombane.

Atoom- en Kernfisika.—Atoomspektra. X-strale. Kern-oorgang. Inleiding tot Kwantum-meganika. Vaste-toestand-Fisika. Statistiese Termodinamika.

Relatiwiteit—Spesiale Teorie.

Honneurskursus

1. Termodinamika. Statistiese Meganika.
2. Elektromagnetisme en toepassings. Relatiwiteit en toepassings. Gevorderde Optika en X-strale.
3. Magnetisme (Dia-, Para-, Ferro, Ferri, Kernmagnetisme). Vaste toestand.
4. Gevorderde Meganika. Kwantummeganika en Spektra.
5. Kernfisika en teorie van die eksperimentele tegnieke vir die bepaling van die spin, kwadрупoolmoment en magnetiese moment van kerne.

Magister Scientiae

Vier vraestelle oor goedgekeurde onderwerpe, of twee vraestelle en 'n dissertasie.

WISKUNDE

Kursus I

Vraestel 1. (Wiskunde I A)

Versameling en funksies. Reekse. Binomiaalstelling. Determinante van die tweede en derde orde. Vektoralgebra. Polinome. Limiete. Differensiasie en integrasie van polinome. Maksima, minima en buigpunte.

Vraestel 2. (Wiskunde IB)

Trigonometriese funksies. Optellingsteoremas. Inverse trigonometriese funksies en oplossing van trigonometriese vergelykings. Differensiasie en integrasie van die elementêre funksies. Die bepaalde integraal in toepassings. Differensiasie van vektore.

Kursus II

Vraestel 1.

Eindig-dimensionale reële vektorruimtes; lineêre deelruimtes en lineêre variëteite; basisse; dimensie van 'n vektorruimte; lyne en vlakke; lineêre afbeeldings (homomorfismes); homomorfismes en matrikse; determinante; Kompleks-getalle.

Vraestel 2.

Topologie vir reële getalle.
Differensieerbare funksies.
Veelvoudige integrasie.

Gewone differensiaal vergelykings:

Eksistensiële stellings. Oplos van vergelykings van die eerste orde en eerste graad. Teorie van lineêre vergelykings en oplos van lineêre vergelykings met konstante koëffisiënte en homogene vergelykings.

Vektoranalise: Vektor algebra, Differensiaal Meetkunde, Differensiaal vektorrekening en integrasie.



Vraestel 1.

Matriksalgebra. Transformasie van basis-vektore van 'n n-dimensionale vektorruimte. Eiewaardes en eievektore van 'n lineêre afbeelding. Bilineêre en kwadratiese vorme. Elementêre teorie van groepe, ringe en liggame.

Vraestel 2.

Analise—'n Streng behandeling van die stelsel van reële getalle as 'n volledige Archimediese ten volle geordende liggaam. Metriese ruimtes. Kontinuiteit in metriese ruimtes. Uniforme kontinuïteit. Uniforme konvergensie. Differensieerbaarheid in genormeerde ruimtes. Die Riemann-Stieltjes integraal. Elementêre differensiaalmeetkunde.

Vraestel 3.

Gelykmatige konvergensie en voldoende voorwaardes vir die termsgewyse integrasie en differensiasie van 'n reeks van funksies van 'n reële of komplekse veranderlike. Eienskappe van magreke. Die logaritmiëse, eksponensiële en trigonometriese funksies van reële en komplekse veranderlikes. Lynintegrale in die reële en komplekse vlak. Differensieerbaarheid van funksies van 'n komplekse veranderlike, analitiese funksies en die Cauchy-Riemann-vergelykinge. Die stelling van Cauchy. Taylor en Laurent se ontwikkelinge, residue, kontoer-integrasie. Konforme afbeelding en Analitiese voortsetting.

Honneurs-Baccalaureuseksamen

Vier vraestelle oor goedgekeurde onderwerpe

Magisterseksamen

Die eksamen bestaan uit òf twee vraestelle oor goedgekeurde onderwerpe en 'n verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp, òf slegs 'n verhandeling.

DIERKUNDE

Kursus I

Die finale eksamen van die kursus sal bestaan uit een teorie vraestel van drie uur.

Die promosie-syfer van elke student word soos volg saamgestel:

1. Teorie-vraestel ... 300 punte
2. Jaarpunt ... 300 punte

Die jaarpunt word gebaseer op praktiese werk en teoretiese werk wat die student gedurende die jaar doen.

Die algemene bou, fisiologie, voortplanting, lewensloop en verspreiding van diere-voorbeelde word behandel as 'n inleidende studie tot Dierkunde.

Kursus II

Die eindeksamen bestaan uit twee vraestelle van 3 uur elk. Die promosie-syfer van die student word as volg bereken:

1. Teorie vraestel 1 ... 250 punte
Teorie vraestel 2 ... 250 punte
2. Jaarsyfer ... 500 punte

Die jaarsyfer word bepaal deur die teoretiese en praktiese eksamens en projekte wat die student deur die jaar doen.

A. Die grondbeginsels van Klassifikasie.

B. Oorsig van die Invertebrata.

Die klassifikasie, verspreiding, anatomie, fisiologie, voortplanting, embriologie, en lewensgeskiedenis van tiperende voorbeelde van die Invertebrata.

C. Spesiale verhoudings in Diere-gemeenskappe.

Kursus III

Die eindeksamen bestaan uit twee teoretiese vraestelle van 3 uur elk.

Die promosie-syfer sal as volg bereken word:

1. Teoretiese vraestel 1 ... 250 punte
Teoretiese vraestel 2 ... 250 punte
2. Jaarsyfer ... 500 punte

Die jaarsyfer sal saamgestel word oor praktiese en teoretiese werk wat gedurende die jaar gedoen word.

A. 'n Oorsig van die Chordata.

1. 'n Studie van die filogenie, klassifikasie, anatomie, voortplanting, lewensgeskiedenis en verspreiding van die verskillende groepe.

2. Teorie en veralgemenings.

B. Selleer en Molekulêre Biologie.

C. Vertebrata Fisiologie.

D. Ekologie.

E. Gedragsleer van diere.

F. Embriologie van Chordata.

Honneurs.

Die eksamen gedeele van die kursus sal bestaan uit die volgende:

- (i) Drie drie-uur-vraestele in die finale eksamen;
- (ii) 'n mondelinge vraestel, nie langer as een uur nie, en
- (iii) 'n rapport oor 'n projek, wat gedurende die tydperk van studie afgehandel word en wat ingehandig moet word voor die finale skriftelike eksamen geskryf word.

Hierdie is 'n eenjarige kursus maar dit sal verwag word van deelydse studente om dit in 'n minimum van twee jaar te voltooi.

Die promosie-punte van studente word as volg saamgestel:

- | | | |
|---|-----|------------|
| (i) Drie drie-uur-vraestelle (3×250) | ... | 750 punte |
| (ii) Mondelinge eksamen | ... | 250 punte |
| (iii) Jaarpunt: | | |
| (a) Projek gedeelte | ... | 500 punte |
| (b) Seminare | ... | 500 punte |
| | ... | 1000 punte |

Hierdie kursus moet beskou word as 'n basiese opleiding in navorsing in 'n dierkundige rigting en die feitlike inhoud sal meestal in verband staan met parasitologie, ekologie en natuurbewaring. Dit sal verwag word van die studente om seminare uit te werk oor die onderwerpe wat hulle gegee sal word.



University of Fort Hare
Together in Excellence

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Ampsdraers:

Dekaan: Prof. B. de V. van der Merwe, M.A., D.Ed., (O.V.S.)

Waarnemende Dekaan sedert 1971:

Prof. D. F. van Dyk, B.A., D.Ed., (O.V.S.)

Vise-Dekaan:

Prof. M. O. M. Sebong, B.A., D.Ed., (S.A.)

Sekretaris:

Dr. J. A. T. Wenzel, B.Sc., (Prct.), M.Ed., (S.A.), D.Ed. (Potch).

Tekst- Sekretaris: Mev. M. M. van der Merwe.



University of Fort Hare
Together in Excellence

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

1. Die Fakulteit Opvoedkunde is hoofsaaklik verantwoordelik vir die professionele opleiding van onderwysers.
 - 1.1. Die Sekondêre Onderwysdiploma is bedoel vir studente wat nie matrikulasie-vrystelling verkry het nie.
 - 1.2. Die Sekondêre Onderwysdiploma (Skone Kunste) kan op die hoër of laer vlak geneem word en berei studente voor as kunstonderwysers vir hoër- en opleidingskole. Dit sluit 'n belangrike hoeveelheid praktiese kunstwerk in.
 - 1.3. Die Universiteits-onderwysdiploma is 'n nagraadse diploma. Studente moet egter hulle graadkursusse in ooreenstemming met Regulasie E.9 gekies het om toegelaat te word tot die U.O.D. Dit is dus van besondere belang dat voornemende onderwysstudente hulle graadleergang met sorg moet kies.
 - 1.4. Die Universiteits-onderwysdiploma (Nie-gegraduateerd) maak as hulp-reëling voorsiening vir studente wat met een jaar verdere studie 'n graad kan voltooi. Die graadkursusse moet egter skoolgerig wees.
2. Voornemende onderwysers word aangeraai om 'n studie te maak van die tipe poste wat beskikbaar is. Hoewel daar 'n groot tekort aan gekwalifiseerde onderwysers is, moet daarop gelet word dat sekere vakke besonder skaars is. Verder moet in gedagte gehou word dat Biologie as vak in die sekondêre skole afgeskaf word. Dit is van belang om 'n studie van die graadvereistes te maak voordat 'n leergang vir 'n graad aangestel word. Die sogenaamde „laatkommers” vind dikwels dat hulle graad hul nie toelating tot die onderwysdiplomas verleen nie.
